

'N FIKOÛKOLOGIESE STUDIE VAN CHRISSIESMEER

deur

MATHILDA AUGUSTA RÖHRBECK

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes

vir die graad

MAGISTER SCIENTIAE

In die Fakulteit Wis- en Natuurkunde

(Departement Plantkunde)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

LEIER: DR. A. J. H. PIETERSE.

MEDELEIER: MEJ. M. I. CLAASSEN.

JUNIE 1978.

OPGEDRA AAN MY OUERS

## INHOUDSOPGAWE.

### HOOFSUK 1.

Inleiding.....	1
----------------	---

### HOOFSUK 2.

Die Oos-Transvaalse Panneveld.....	4
2.1. Algemeen.....	4
2.2. Klimaat.....	4
2.3. Geologies formasie en grond.....	5
2.4. Plantegroei.....	6
2.5. Panne / mere van die Panneveld.....	7
2.5.1. Tipes panne / mere van die Panneveld.....	9
2.5.2. Ontstaan van die Oos-Transvaalse panne / mere.....	10
2.6. Chrissiesmeer.....	12
2.6.1. Ligging en algemene beskrywing.....	13

### HOOFSUK 3.

Materiaal en Metodes.....	18
3.1. Algemeen.....	18
3.2. Beskrywing van versamelpunt 1 tot 14.....	20
3.3. Insameling van omgewingsgegewens.....	24
3.3.1. Bepalings van sekere abiotiese faktore by versamelpunt 1 tot 14.....	25
3.3.2. Vier-en-Twintiguur, Uurlikse opnames van abiotiese faktore by versamelpunt 1.....	25
3.3.2.1. Versameling van watermonsters.....	26
3.3.2.2. Fisiese faktore.....	28
3.3.2.3. Chemiese faktore .....	29
3.3.3. Versameling van watermonsters vir chemiese ontleding deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde.....	30

3.4.	Versameling en fiksering van algmateriaal.....	30
3.5.	Identifisering van algsoorte.....	33
3.6.	Bepaling van die persentasie samestelling van algebevolkings.....	39
3.7.	Verwerking en voorstelling van gegewens.....	39

#### HOOFSUK 4.

Abiotiese faktore van die ekosisteem.....	40
4.1. Enkele abiotiese faktore by versamelpunt 1 tot 14.....	40
4.1.1. Temperatuur.....	40
4.1.1.1. Lugtemperatuur.....	40
4.1.1.2. Watertemperatuur.....	49
4.1.2. pH.....	53
4.2. Vier-en-Twintiguur, Uurlikse opnames van abiotiese faktore by versamelpunt 1.....	53
4.2.1. Fisiese faktore.....	53
4.2.1.1. Wind.....	53
4.2.1.2. Temperatuur.....	56
a. Lugtemperatuur.....	58
b. Watertemperatuur.....	58
c. Bodemtemperatuur.....	63
4.2.1.3. Ligindinging.....	64
4.2.2. Chemiese faktore.....	68
4.2.2.1. Geleiding.....	71
4.2.2.2. Suurstofkonsentrasie en persentasie versadiging.....	71
4.2.2.3. pH.....	75
4.2.2.4. Ander chemiese faktore.....	82
4.3. Opsomming van toestande in die littoraalsone.....	84

## HOOFSTUK 5.

Taksonomiese oorsig van die algoorte teenwoordig.....	87
5.1. Algemeen.....	87
5.2. Algoorte.....	88

## HOOFSTUK 6.

Teenwoordigheid en verspreiding van algoorte in die vlakwatersone van die Chrissiesmeerwaterkompleks.....	302
6.1. Algoorte teenwoordig.....	302
6.1.1. Algemeen.....	302
6.1.2. Brakwaterbevolkings.....	304
6.1.3. Varswaterbevolkings.....	306
6.1.4. Bevolkings wat in beide brak- en varswater teenwoordig is.....	306
6.2. Die samestelling van die algemeenskap.....	321
6.2.1. Algemeen.....	321
6.2.2. Brakwatergemeenskappe.....	325
6.2.2.1. Versamelpunt 1.....	325
6.2.2.2. Versamelpunt 2.....	331
6.2.2.3. Versamelpunt 3.....	337
6.2.2.4. Versamelpunt 4.....	342
6.2.2.5. Versamelpunt 6.....	436
6.2.2.6. Versamelpunt 8.....	350
6.2.2.7. Versamelpunt 9.....	355
6.2.2.8. Versamelpunt 11.....	359
6.2.2.9. Versamelpunt 13.....	364
6.2.2.10. Versamelpunt 14.....	368
6.2.3. Algemene bespreking van die brakwatergemeenskappe..	373
6.2.4. Varswatergemeenskappe.....	374
6.2.4.1. Versamelpunt 5.....	375
6.2.4.2. Versamelpunt 7.....	383

6.2.5.	Algemene bespreking van die varswatergemeenskappe..	385
6.2.6.	Gemengde water algemeenskappe.....	394
6.2.6.1.	Versamelpunt 10.....	395
6.2.6.2.	Versamelpunt 12.....	400
6.2.7.	Algemene bespreking van gemengde water algemeenskappe.....	406

## HOOFSTUK 7.

Algemene bespreking van resultate.....	408
Opsomming.....	413
Summary.....	415
Bedankings.....	417
Literatuurverwysings.....	418
Aanhangsel.....	428

## Inleiding:

In 1869 het F.A. Forel 'n artikel oor die waterfauna van die Geneefse meer gepubliseer. Hiermee is volgens Reid en Wood (1976) die wetenskaplike studie van mere begin. In Suid-Afrika kom natuurlike mere nie algemeen voor nie. Volgens die definisie van Round (1970) kan Chrissiesmeer as een van die Suid-Afrikaanse binnelandse mere beskou word. Chrissiesmeer is naamlik 'n watermassa wat oop is en waar die wind golwe aan die oewer veroorsaak.

Hydrobiologiese ondersoeke van die afgelope tien jaar was op die besoedelingsvraagstuk in Suid-Afrikaanse watermassas wat vir huishoudelike-, landbou- en nywerheidsvoorsiening van belang is, gerig.

Uit 'n suiwer plantkundige oogpunt het die Suid-Afrikaanse binnelandse waters nog min aandag geniet; die meeste ondersoeke tot dusver was op die akwatiese fauna gerig. Archibald, Cholnoky, Claassen, Fritsch en Rich, Hodgetts, Huber-Pestalozzi, Hutchin-son, Nygaard, Schoeman en andere het met hulle navorsing bydraes tot ons kennis oor die akwatiese flora gelewer.

Die feit dat Chrissiesmeer betreklik afgesonder is en die feit dat dié meer nie as 'n bron van water vir huishoudelike en ander doeleindes beskou word nie, mag daarvoor verantwoordelik wees dat hydrobiologiese ondersoeke op Chrissiesmeer betreklik beperk is. Cholnoky (1965) het 'n hydrobiologiese ondersoek ten opsigte van die diatome uitgevoer, en daarom is dié groep by hierdie studie uitgelaat. Die werk van Cholnoky het indirek tot die huidige studie op Chrissiesmeer aanleiding gegee aangesien daar onder andere 'n behoefte ten opsigte van ons kennis aangaande ander algsoorte in die natuurlike binnelandse watermassa aangevoel is. 'n Paar van die vernaamste diatoomsoorte wat Cholnoky gevind het, was Stauroneis phoenicenteron (Nitzsch) Ehrenb., Gomphonema gracile Ehrenb. var lanceolata Kütz. en Nitzschia microcephala Grun.

Cholnoky (1965) beskou Chrissiesmeer as te vlak vir die ontwikkeling van fitoplanktonbevolkings en maak die bewering dat die meeste algsoorte wat in Chrissiesmeer teenwoordig is van die bentiese vorme sal wees. Die opnames in die meer was vir hierdie studieprojek hoofsaaklik tot die bentiese vorme beperk.

Binnelandse waters kan in twee groepe verdeel word, naamlik vars- en brakwater. In die randwatersone van Chrissiesmeer word beide tipes water aangetref, naamlik die brakwater van die meer self en varswater op plekke aan die oewer waar invloeiende strome of fonteine water aan die meer voorsien.

Die samestelling van alggemeenskappe van vars- en brakwater verskil en daarom het Chrissiesmeer as 'n studiegebied hom uitstekend tot 'n algologiese studie geleen.

Remane en Schlieper (1971) definieer brakwater as 'n watertipe tussen vars- en see-water met 'n soutinhoud van 0,5 tot 30%. Brakwater kom gewoonlik in droë omgewings voor waar die soutkonsentrasie weens verdamping verhoog. Chrissiesmeer kom in 'n gematigde omgewing voor en verdamping word weens 'n groot wateroppervlak verhoog sodat opgeloste soute derhalwe in die water konsentreer.

Die opvallende alggroei in Chrissiesmeer was beperk tot die littoraalsone waar dit aan golfwerking blootgestel is. Die littoraalsone is die vlakwatersone aan die kant van die meer waar ligindringing tot op die bodem voorkom. Die troebelheid van die water van Chrissiesmeer dra tot die aanwesigheid van tipes algsoorte in die littoraalsone by.

Sinvolle ekologiese studies op algsoorte van binnelandse waters kan nie sonder taksonomiese waarnemings gemaak word nie. Welch (1952) beklemtoon die belangrikheid van waarnemings op abiotiese faktore by die studie van algsoorte op 'n taksonomiese vlak. In hierdie besondere studie het die taksonomie van algsoorte wat in die littoraalsone aangetref word, voorrang geniet, terwyl waarnemings met betrekking tot omgewings-toestande ook gemaak is om laasgenoemde met die samestelling van die algbevolkings in verband te bring.

Hierdie studie verteenwoordig derhalwe 'n poging om 'n bydrae tot die uitbreiding van ons kennis met betrekking tot die algsoorte van Suid-Afrikaanse binnelandse waters te maak. Alle algsoorte behalwe die diatoomgroep is bestudeer. Aangesien daar reeds 'n opname van die diatome van Chrissiesmeer bestaan (Cholnoky, 1965) en aangesien verdere navorsing op die groep hierdie studie aansienlik sou uitbrei is daar besluit om net op die ander alggroepe te konsentreer.

In hierdie besondere studie kom daar egter 'n leemte met betrekking tot uitgebreide



waarnemings op abiotiese omgewingsfaktore voor. Waarnemings op slegs 'n paar abiotiese faktore is by versamelpunt I gedurende ses, 24-uur uurlikse opnames gemaak. Chemiese ontleding van watermonsters wat by hierdie ses geleenthede versamel is, is deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaardte uitgeoef.

Alhoewel die studieprojek dus mank aan sekere gebreke gaan, is ons aandag op die ryke verskeidenheid algosorte van ons binnelandse waters gevestig veral as in aanmerking geneem word dat ongeveer 1100 verskillende algosorte uit die littoraalsone van Chrissiesmeer en inloope geïdentifiseer is.

## HOOFSTUK 2

### Die Oos-Transvaalse Panneveld:

#### 2.1 Algemeen:

Chrissiesmeer vorm deel van die Suid-Afrikaanse panneveld (Wellington, 1955), en lê in 'n landbougebied waar veral mielies verbou word. Veeboerdery soos skaapboerdery kom algemeen voor. Mynboubedrywighede in die gebied is tot steenkoolontginning beperk. Die gebied is deel van die Oos-Transvaalse platteland en is betreklik dun bevolk. Die water van Chrissiesmeer word nie vir ekonomiese doeleindes benut nie.

#### 2.2 Klimaat:

Chrissiesmeer is in 'n warm gematigde klimaatstreek met droë, koue winters en nat, gematigde somers geleë. Die somers is gematig met 'n gemiddelde temperatuur van  $25^{\circ}\text{C}$ , die winters is koud met sonnige dae ( $5^{\circ}\text{C}$  tot  $10^{\circ}\text{C}$ ) en bitter koue nagte (tot  $-4^{\circ}\text{C}$ ). Gedurende die winter kom strawwe ryp en selfs sneeu in die gebied voor.

Groot temperatuuruitertes word in die gebied ondervind. Vir Januarie kan die gemiddelde temperatuur tussen  $11^{\circ}\text{C}$  en  $25^{\circ}\text{C}$  wissel. Die hoogste en laagste lugtemperatuur vir die studieperiode was onderskeidelik  $-4^{\circ}\text{C}$  en  $32,5^{\circ}\text{C}$  (Desember 1969 tot Desember 1971).

Gedurende Augustus- en Septembermaand waai sterk, hoofsaaklik suidooste winde wat intensiewe golfwerking aan die noordwestelike oewer veroorsaak.

Chrissiesmeer kom in 'n somerreënvalstreek voor en alhoewel die reënval wisselvallig is, is dit redelik hoog. Gedurende September- tot Aprilmaand gaan die reënval met donderstorms gepaard. Volgens reënvalgegewens van De Necker, Badenhorst en Lötze (1975) kan die jaarlikse reënval van 50 tot 100 mm wissel. Hael wat groot skade kan aanrig kom algemeen voor. Die hoë reënval gaan met digte mis vroeg in die oggend gepaard.

Die klimaat is dus baie gematig en duidelike seisoenskommeling kom voor.

### 2.3 Geologiese formasies en grond:

Die Oos-Transvaalse panneveld waarvan Chrissiesmeer deel is, is in die Dwyka-Ekka-gordel op die horisontale Ekka-sandsteenlae geleë (Wellington, 1955).

Volgens Du Toit (1966) is die Ekkalae bo-op die Dwykalae geleë en dit strek oor die Transvaalse Hoëveld om uiteindelik by 'n breë gordel Ekkalae van die westelike Vrystaat aan te sluit. Volgens Taljaard (1948) word die moedersisteme, soos die Transvaalse sisteem en graniet deur die Ekkalae hier bedek.

Mountain (1968) vind dat die onderste laag van die Ekkagordel uit blougryskalies bestaan wat deur donker sandsteen bedek word. Die middelste laag wat 'n bed vir die koollaag vorm bestaan uit sandsteen, gruis en steenkoolhoudende skalie wat soms baie dik kan wees. Op die koollaag volg 'n derde donker skalielaag waarin ook soms steenkool kan voorkom. Die vaalgeel sandsteen kan as bankies of kransies hier en daar op die horisontale lae waargeneem word (Taljaard, 1948). Laasgenoemde is duidelik aan die noordelike oewer van Chrissiesmeer waarneembaar.

Verder na die ooste in die berge kom basalt bo-op groot hoeveelhede suurlawa (rioliet) voor.

Volgens Du Toit (1966) kan die grond in die omgewing van Chrissiesmeer soos volg beskryf word: Die donkerbruin grond aan die noordwestelike oewer is porieuse en effense suurgrond as gevolg van die teenwoordigheid van sandsteen en kan as 'n tipe "bruingrond" beskou word.

Die skalies vorm turfgrond waarin 'n kalkneerlegging deur die kalksteen in die onderliggende lae ontstaan, wat aanleiding tot donkergrys, sanderige grond gee wat tussen die skalies en die bruintipes gronde voorkom. Dieperliggend is daar nie 'n onderskeid tussen die skalies sandsteen of doleriet nie en dit bevat 'n redelike hoë organiese inhoud.

Vleigrond kom veral aan die noordelike oewer van die meer voor waar dreinerings onvoldoende is en waar 'n klewerige tipe grond aangetref word. Uitfloging vind plaas deurdat reënwater die karbonate in die grond oplos om van die oorblywende deeltjies kolloïdale suspensies te laat ontstaan.

Onvoldoende belugting van die grond veroorsaak dat bome nie algemeen in die gebied voorkom nie.

Op die hoër dele in die omgewing met beter dreinerings verander die grond na 'n sjokolade of rooi kleur en word dit meer porieus en ysterbevattend, terwyl die grond amper aan kalk is.

Dele van die noordelike en suidelike oewers van die meer word deur fyn wit sand, afkomstig van die sandsteen gevorm.

#### 2.4 Plantegroei:

Acocks (1975) beskryf die plantegroei van die gebied as 'n gematigde suuragtige graskveld. Volgens Nicol<sup>van der Schyff & Borlino</sup> (1974) stem die plantegroei van die Chrissiesmeergebied met die pampas van Suid-Amerika, die Prêries van Noord-Amerika, die "Downlands" van Australië en die steppe van Rusland ooreen.

Die oorheersende plantegroei van die streek verteenwoordig 'n tapyt van kort, sag-golvende gras waarvan verteenwoordigers van die genusse Themeda, Tristachya, Eragrostis en Heteropogon van die belangrikste is.

Bome in die gebied is skaars en is in die onmiddellike omgewing van die meer tot die kliprantjies aan die noordelike oewer beperk. Verteenwoordigers van die genusse Leucosidea, Euclea, Diospyros en Rhus kom tesame met rankers soos Clematis- en Rhoicissussoorte voor. Kruiden en bolplante, soos soorte van die genusse Pelargonium, Eucomis, Gladiolus, Gunnera en andere is goed verteenwoordig.

In die syferwater tussen die gras aan die noordelike oewer van die meer kom 'n Drosera sp. algemeen voor. Verteenwoordigers van die genus Cyperus, waarop dikwels epifitiese algsoorte groei, kom in die vlakwater en aan die kant van die meer voor. Geen gewortelde plantegroei kom in die oopwater van die meer voor nie.

Aangeplante bome van die genusse Acacia, Pinus, Populus, Eucalyptus en Salix word veral aan die noord-westelike oewer aangetref.

## 2.5 Panne / mere van die Panneveld:

Chrissiesmeer vorm deel van die Suid-Afrikaanse panneveld. In Suidelike Afrika kom hoofsaaklik drie hoof pannegebiede voor naamlik die Gazalandpanneveld van Maputo, die panneveldgordel wat deur die uitwaai van die Dwyka- en Ekka-beddings van die Karoosisteen van die noordelike Kaapprovinsie, westelike Vrystaat en Suid-Transvaal gevorm is en die Kalahariepanneveld. Wellington (1955) beskou die Oos-Transvaalse panneveld waarvan Chrissiesmeer deel is, as deel van die Dwyka-Ekkagordel, omdat die panneveld op die horisontale ekke-sandsteenlae geleë is.


Die hidrografiese eienskappe van die Oos-Transvaalse panne stem met dié van die westelike Vrystaat ooreen. Hutchinson (1957) beskryf die panne as 'n groot aantal vlak insinkings wat rond, ovaal of niervormig kan wees en vanaf Oos-Transvaal deur die Vrystaat weswaarts tot in die Kalaharie en die noordelike deel van die Karoo tot in Suid-Wes-Afrika verspreid lê.

Hutchinson (1957) beperk die term pan tot watermassas met 'n erosie-oorsprong. Volgens Potgieter (1970) is 'n pan 'n insinking in die grond wat vlak en klein is en stilstaande water bevat. Wellington (1955) daarenteen beskou 'n pan as 'n leegte wat net periodiek water bevat. Hiervolgens sal meeste van die watermassas in die Chrissiesmeer-gebied dus panne wees, omdat hulle klein en meesal droog is en 'n rotsbodem besit terwyl hulle endorelêse dreineringsisteme verteenwoordig. Die vorm van die panne verskil heelwat en wissel van nier-, ovaal- en sirkelvormig tot langwerpig (Figuur 1).

Alhoewel Chrissiesmeer deel is van die Oos-Transvaalse panneveld en niervormig is, kan dit nie op grond van die voorafgaande as 'n pan beskou word nie. Chrissiesmeer is oorewegend standhoudend en 'n paar kilometer lank.

Chrissiesmeer is derhalwe volgens definisie 'n meer en voldoen aan die vereiste van Potgieter (1970), naamlik dat die watermassa betreklik groot en stilstaande moet wees, sowel as aan dié van Wellington (1955), naamlik dat die watermassa standhoudend moet wees.

Panne word gewoonlik in leegtes, waar water gedurende reënperiodes versamel, gevorm. Die plantegroei in die leegtes kan geleidelik verander en selfs vernietig word waar die soutkonsentrasie weens verdamping verhoog. Op hierdie wyse word tipiese panne soos in die Chrissiesmeeromgewing in gebiede met 'n lae reënval gevorm.



**Figuur 1:** Topografiese kaart van die Oos-Transvaalse panneveld.

Die Oos-Transvaalse panneveld is egter in 'n gebied met 'n redelike hoë reënval geleë, maar volgens Hutchinson (1957) het die panne wel lank gelede in 'n droëer tydperk ontstaan.

### 2.5.1 Tipes panne/mere van die Pannegordel:

Die panne/mere van die pannegordel kan volgens sekere eienskappe geklassifiseer word; slegs 'n paar voorbeelde word hier aangegee (Taljaard, 1948).

#### 2.5.1.1 Standhoudende panne:

Standhoudende panne behou water min of meer deurlopend en sal slegs onder die uiterste droogtetoestande opdroog. Sodanige panne kan water behou deurdat hulle op ondeurdringbare rotslae geleë is wat verhoed dat die water wegsyfer, of omdat die watertafel hoër as die bodem van die pan is sodat water voortdurend insyfer en/of omdat die inlope sterk genoeg vloei om voortdurend water aan die panne te voorsien. Volgens Wellington (1955) se beskrywing sou lede van hierdie groep, indien hulle betreklik groot is, mere genoem kan word. Chrissiesmeer is 'n goeie voorbeeld hiervan.

#### 2.5.1.2 Nie-standhoudende panne:

Nie-standhoudende panne droog geredelik op, hulle is vlak, oop en blootgestel aan wind wat verdamping bevorder. Soms is die bodem van die panne hoër as die omgewing se watertafel geleë wat wegdreinerig bevorder. Volgens Ryke (1975) is die omgewingstemperatuur dikwels hoër as by standhoudende panne, 'n toestand wat natuurlik verdamping bevorder. Heelwat van die kleiner panne in die omgewing van Chrissiesmeer behoort tot die nie-standhoudende groep.

#### 2.5.1.3 Reënpanne:

Reënpanne ontstaan gedurende sterk reënbuie in laagliggende dele waar reënwater versamel. Goeie voorbeelde hiervan is die sogenaamde duinpanne by die bo-Nossob. Kleilae ontstaan op die bodem deurdat gronddeeltjies wat deur die afloopwater vervoer is uitsak.

#### 2.5.1.4 Sandpanne :

Sandpanne ontstaan in sandleegtes of rivierbeddings. Die bodem word nie deur rotse of kalklae gevorm nie. Die water verdwyn gou deur wegsyfering en verdamping. Die Oshana-poele van Ovamboland is voorbeelde hiervan. Op die bodem versamel onder andere organiese materiaal, wat soms as humus bekendstaan.

#### 2.5.1.5 Soutpanne:

Soutpanne kom veral in Suidwes-Transvaal voor. Die soutgehalte van die water en grond word deur verdamping sowel as deur die wisseling in hoogte van die watertafel verhoog. Op die bodem versamel soute soos  $\text{NaCl}$ ,  $\text{Na}_2\text{CO}_3$ ,  $\text{Na}_2\text{SO}_4$  of  $\text{CaSO}_4$ .

Soos reeds genoem, is Suid-Afrika arm aan binnelandse mere en Chrissiesmeer is een van die binnelandse mere waarvan die oorsprong nog nie bekend is nie. Die meer bevat egter brakwater waarvan die konsentrasie van opgeloste stowwe deur verdamping van die water verhoog is.

Wellington (1955) beskou die soutgehalte van 'n pan/meer as 'n aanduiding van die ouderdom van die pan/meer. Op grond hiervan moet Chrissiesmeer dus baie ouer as ander soortgelyke watermassas in die omgewing wees wat nie brakwater bevat nie. Chrissiesmeer moet derhalwe ook ouer as die nabygeleë varswater Banaghemeer wees, 'n moontlikheid wat om klaarblyklike redes, soos die feit dat albei deel van die Um-pulusirivier kon wees, onwaarskynlik blyk te wees.

#### 2.5.2 Ontstaan van die Oos-Transvaalse panne/mere:

Daar bestaan verskeie teorieë oor die ontstaan van die panne/mere van Oos-Transvaal. Venter (1970) ondersteun Kokot se stelling dat die groot aantal panne, wat in 'n breë gordel van Chrissiesmeer in die Oos-Transvaal deur Noordwes-Vrystaat tot in Boesmanland in Noordwes-Kaapland ('n afstand van 1150 km) strek, 'n interessante en raaiselagtige natuurverskynsel in Suid-Afrika verteenwoordig.

Venter (1970) wys daarop dat Passarge, Beetz en Rogers afgelei het dat die panne kenmerkend van droë streke is waar knaagdiere die plantbedekking verwoes het en winderosie gevolg het. Die holtes wat so ontstaan het het van tyd tot tyd water bevat wat



as diersuiplings gedien het. Die duisende diere wat hier gesuip het kon die holtes dieper gemaak het deur daarin te trap en te rol. Sodoende is die grond as modder verdroog wat maklik fyngetrap en as stof deur die wind weggewaai is.

Hutchinson (1957) is van mening dat die Oos-Transvaalse panneveld gevorm is toe droër toestande as wat vandag die geval is in die gebied geheers het. Die teorie word onderskryf deur die plantegroei wat klaarblyklik aantoon dat die reënval sedert die ontstaan van die panne geleidelik toegeneem het. Indien die reënval skerp toegeneem het, sou die panne deur duidelike dreineringsbeddings vervang gewees het.

Volgens Wellington (1955) is die Oos-Transvaalse panneveld oorblyfsels van die Umpilusihooftwaters. Sommige panne toon in serie 'n dreineringslyn wat met oorfloekanaale verbind kan word. 'n Harde dolerietgang het verhoed dat die Umpilusirivier, wat later in die Usuturivier vloei, sy vallei so vinnig soos die Vaalrivier wegvreet. Stadigaan het die boloop van die Vaalrivier al dieper in die Umpilusirivier se opvanggebied ingesny.

Die water in die boloop van die Umpilusirivier het moontlik mettertyd na die Vaalrivier in plaas van die Usuturivier begin vloei. Sodoende is die middelloop van die Umpilusirivier van sy water beroof en met die verloop van jare het in die ou rivierloop 'n reeks panne deur winderosie ontstaan. Chrissiesmeer is hierby ingesluit. Daar is dus volgens Wellington (1955) by die ontstaan van die panne/mere nie net sprake van winderosie alleen nie, maar ook van stroomrowing waar een rivier (die bolope van die Vaal) 'n ander (die Umpilusi) se water geroof het.

Taljaard (1948) is van mening dat die ontstaan van Chrissiesmeer en van die ander kleiner panne nog nie 'n uitgemaakte saak is nie. Alhoewel die gebied aan winderosie onderhewig is en was, en die maklik-verweerbare Ekkasandsteenlae en -skalies maklik tot sand en stof kan verweer, kan Taljaard nie die mening, dat die panne windholtes is wat gedurende 'n droër klimaatstydperk uitgewaai is, onderskryf nie. Taljaard kon gedurende sy ondersoek nêrens in die omgewing 'n neerslag van sand wat toegegroeï is vind nie.

Potgieter (1970) meld dat met boorbedrywighede in die soektog na goud in die Vrystaat gevind is dat elke pan dár op 'n oerkoppie geleë is. In die oerlandskap was daar waarskynlik koppies wat later met sedimentêre afsetting bedek is toe die gebied

deur water oorstrom is. Met die latere droogword van die afsettings het die afsettings gekrimp. Die oerkoppies het veroorsaak dat allerlei barste in die sedimentêre lae op hulle kruine voorgekom het. Dié barste het reënwater vryelik ingelaat wat op hulle beurt veroorsaak het dat die formasies op die plekke bokant die oerkoppies verweer het en die verweerde materiaal deur die wind weggewaai is om sodoende aan panne oorsprong te gee. Dieselfde verskynsel mag by die Oos-Transvaalse Panne in die steenkoolveld gevind word.

Hamilton en Cooke (1968) wys daarop dat die hoogte bo seespieël na die ooste afneem waar Chrissiesmeer in die hoofwaterstreek van die eskarp geleë is. In die middel van die prekambriumgroep kom 'n dolomietreeks voor wat ook by die ontstaan van Chrissiesmeer betrokke kon gewees het. Die dolomietreeks lewer volgens Hamilton en Cooke (1968) die ekka-skalies, die sagte donkerblouskalies en die plavleiklip wat maklik verweer. Chohnoky (1945) bevraagteken egter die bestaan van die dolomietreeks wat reeds deur Du Toit (1966) vermeld is.

Uit die voorafgaande blyk dit dat die ontstaan van die Oos-Transvaalse panneveld nog nie bevredigend verklaar is nie en bied dus ruim geleentheid vir verdere studie.

## 2.6 Chrissiesmeer:

Gesprekke met inwoners in die omgewing van Chrissiesmeer het die volgende interessante inligting aan die lig gebring. Meneer Danie van Aardt, een van die oudste inwoners van die Chrissiesmeer-omgewing, beweer dat Chrissiesmeer in die jare voor 1870 in 'n pan, tussen Chrissiesmeer en Eilandspan, oorgeloop het (kyk Figuur 1) vanwaar die water na Eilandspan en Banaghermeer gevloei het. Die water van Chrissiesmeer, Eilandspan en Banaghermeer het soos een groot rivier vertoon. Hierdie gegewens sou die teorie waarvolgens die water van die Umpilusirivier geroof is en die panne/mere 'n ou rivierloop verteenwoordig, kon bevestig. Seekoeie het in die vroeë jare in Chrissiesmeer voorgekom en van hulle tande word deur die Emelose Laerskool bewaar.

Meneer Van Aardt vertel verder dat 'n groepie Skotte van New Scotland, president Pretorius met 'n geskenk vir die opmeting van 'n spoorlyn wou vereer. Hiervoor is 'n ontmoeting tussen die "Glasscow Company" en president Pretorius by 'n fontein op die plaas van meneer Esterhuysen aan die noordelike oewer van Chrissiesmeer gereël. President

Pretorius is deur sy dogter, Chrissie, vergesel. Die Skotte het toe, ter verering van die president se dogter die naam "Lake Chrissie" aan die meer gegee.

Meneer Piet de Klerk, 'n ou inwoner wie se plaas aan die meer grens, vertel dat die noordelike waterlyn vroeër jare tot by die kranse, waar die Nederduits-Gereformeerde Kerk kampterrein (Gennesaret) ontwikkel is, gestrek het. Die meer kon toe twee tot drie m dieper gewees het as vandag. Volgens meneer De Klerk was die meer so diep dat hulle as jong seuns dit alleen te perd kon deurswem.

Beide menere Van Aardt en De Klerk is dit eens dat daar nog nooit slakke in die meer aangetref is nie en dat die plantegroei van die onmiddellike omgewing oor die jare nie noemenswaardig verander het nie.


### 2.6.1 Ligging en algemene beskrywing:

Chrissiesmeer is op die Oos-Transvaalse Hoëveld suid van die ses-en-twintigste breedtegraad en oos van die dertigste lengtegraad geleë. Dit is op die hoogste dele van die Hoëveld in 'n grasvlakke geleë wat na die ooste deur rantjies aan die voet van die Drakensberg onderbreek word. Chrissiesmeer is ongeveer 1800 m bo seespieël geleë, het 'n oppervlakte van 1046 hektaar en is die grootste van die reeks pänne van die omgewing (Figuur 1).

Chrissiesmeer is naby die dorpie Chrissiesmeer, wat op die pad tussen Ermelo en Swaziland voorkom, geleë, en wel naby die oorsprong van die Vaalrivier, wat die belangrikste rivier van die oostelike Hoëveld is.

Chrissiesmeer is niervormig met die noordelike en suidelike oevers die langste (Figuur 2). Die suidelike oewer vorm die bolronde kant terwyl die noordelike oewer die holronde kant verteenwoordig. Die westelike oewer is meer gerond as die oostelike. Die meer is ongeveer 22 km in omtrek met 'n noord-suid deursnee van ongeveer 2 km en 'n oos-wes deursnee van ongeveer 9 km. Die diepste gedeelte is ongeveer 1,5 m diep.

Die meer besit 'n oop watervlak sonder enige uitloop. 'n Paar inlope kom voor, die volgende is die belangrikste: Aan die noordwestelike- en westelike oevers kom inlope voor wat gewoonlik gedurende die wintermaande ðf droog, ðf tot kuile beperk is wat nie met die meer verbind is nie. Aan die noordelike oewer kom 'n spruit voor wat nooit direk as 'n kanaal met die meer verbind is nie; dit vorm 'n vlei by die inloop wat soms



Figuur 2: Lugfoto van Chrissiesmeer.

met Nostoc – kolonies oorgroei is. Gedurende die reënseisoen vloei die varswater deur die vlei tot in die meer. Aan die suidoostelike oewer kom 'n baie klein inloop voor wat meestal droog is, maar waarin meerwater opstoot en sodoende met syferwater gedurende die reënseisoen meng.

Soos reeds vermeld is die water van die meer brak met 'n hoë soutkonsentrasie wat veral in die littoraalsone seisoenskommeling vertoon.

Chrissiesmeer is swak gedreineer en kom op sandsteenlae voor. 'n Ophoping van anorganiese stowwe het as gevolg van verdamping plaasgevind (Cholnoky, 1965). Die meerwater bevat baie chloried terwyl die water van die spruit arm aan opgeloste chloried is (Cholnoky, 1965). Die water van die inlope is sagte varswater met 'n lae kalsium- en ongebonde koolstofdiksiedkonsentrasie.

Die pH van die meerwater is hoër as 7 en toon ook veral in die littoraalsone daaglikse en seisoenskommeling. Die hoë pH is klaarblyklik medebepalend vir die aanwesigheid van sekere algsoorte in die littoraalsone wat die algsoorte grootliks tot haptobentiese vorme op klippe en perifiton op die Cyperus spesies beperk (Welch, 1952).

Die pH van die inlope is deurgaans laer as die van die meer en neig om suur te wees. Sedimentiese algsoorte kom algemeen in die inlope voor waar 'n groter totale aantal soorte sowel as 'n groter aantal desmiedsoorte aangetref word.

Die brak meerwater is vaal gekleur wat 'n beperkte ligindringing tot gevolg het. Volgens Hutchinson (1957) is vlak mere van halfdroë omgewings gewoonlik vaal gekleur as gevolg van vaalgekleurde suspensiede.

Die waters van die inlope is helder en ligindringing kan feitlik ongehinderd plaasvind.


Die uitbeelding van die oewer verskil by verskillende plekke. Die suidelike oewer en 'n gedeelte van die noordelike oewer word deur wit sandstrande gevorm. Die res van die noordelike- en westelike kuslyn word deur klipplate gevorm, terwyl die oostelike- en noordoostelike kuslyn kleierig tot moerasagtig is. Kliprantjies kom aan die noordelike- en noordwestelike oewers voor.

Die bodem van die meer bestaan uit sandklip en is met 'n fyn modderige afsaksel van vaalgrys klei bedek.

Die werklike meganisme van ontstaan van Chrissiesmeer sal 'n diepgaande studie verg wat nie met hierdie studieprojek gedoen is nie.

Volgens die vorm en ligging van Chrissiesmeer bied die teorie van Wellington (1955) 'n interessante en moontlike verklaring, wat reeds in die voorafgaande paragrawe bespreek is, naamlik dat Chrissiesmeer deel was van die middelloop van die Umpilusirivier wat as gevolg van stroomrowing deur die Vaalrivier droog gelê is. Hiema is die ontstaan van die kom deur wind- en diere-erosie aangehelp. Die groot rol wat erosie by die ontstaan van die meer moes gespeel het, dui daarop dat Chrissiesmeer oorspronklik in 'n droër periode ontstaan het.

Die waterinhoud van Chrissiesmeer word veral gedurende stortbuie deur die inlope en oppervlakafloop aangevul. Die groot oop watervlak bevorder verdamping en deurdat die meer geen uitloop besit nie, verhoog die soutinhoud sodat die water verbrak.



**Figuur 3 :** Posisie van die versamelpunte waar versamelings by Chrissiesmeer en inlope gemaak is.

## HOOFSTUK 3.

### Materiaal en Metodes:

#### 3.1 Algemeen:

Met hierdie ondersoek is beide vars- en brakwatersversamelpunte bestudeer. Vir die doel van hierdie ondersoek word daar derhalwe na die Chrissiesmeerwaterkompleks verwys wat uit brak- sowel as varswater bestaan.

Op grond van uiterlike eienskappe soos grondsoort, bodemkenmerke, die teenwoordigheid van inlope, ensovoorts is 12 versamelpunte rondom die meer en twee in sy inlope uitgekies (Figuur 3). By die versamelpunte wat van 1 tot 14 genommer is, is by agtien verskillende geleenthede, tensy anders vermeld, oor 'n tydperk van twee jaar bentiense, perifitiese en sedimentiese algsoorte van die littoraalsone versamel. Terselfdertyd is by elke versamelpunt die pH asook die lug- en watertemperature gemeet. Die opnames is te voet antikloksgewys oor 'n tydsbestek van sewe tot nege uur om die meer gemaak.


Heelwat tekortkominge in die versamelingsmetode het later tydens die mikroskopiese ondersoek aan die lig gekom toe pogings aangewendis om kwantitatiewe bepalings te doen.

'n Tekortkoming wat ook eers met die mikroskopiese ondersoek sterk op die voorgrond getree het, is die feit dat slegs gepoog is om vasgehegte en geassosieerde algsoorte van die littoraalsone te versamel.

Gedurende die eerste jaar van versameling kon die versamelingsdatums weens tegniese probleme nie eweredig deur die jaar versprei word nie. Gedurende die tweede jaar van versameling is elke maand versamelings onderneem maar weens ander verpligtinge is die versameltye nie presies eweredig versprei nie. Die feit dat versamelings slegs ongeveer een keer per maand gedoen is, kan ook as 'n leemte in die studieprojek beskou word.

Daar is probeer om telkens op dieselfde plek by 'n betrokke versamelpunt te versamel, maar dit kan nje aanvaar word dat versamelings altyd presies op dieselfde plek gedoen is nie.





Die waterhoogte is nie gemeet nie en dit het voortdurend van seisoen tot seisoen gevarieer. Laasgenoemde verteenwoordig ook 'n leemte in die ondersoek.

Slegs die pH, lug- en watertemperature is telkens tesame met die versameling van algmateriaal by elke versamelpunt gemeet, terwyl die abiotiese faktore wat bestudeer is slegs by versamelpunt 1 gedurende ses afsonderlike vier-en-twintig uur opnames bepaal is. Hierdie metode is onvoldoende vir 'n sinvolle uitgebreide ekologiese studie.

Ander leemtes in die ondersoek sal telkens toegelig word.

### 3.2 Beskrywing van versamelpunte 1 tot 14:

Veertien versamelpunte is aan die oewer van die meer en sy inlope uitgekies (Figuur 4). Tien van die 14 versamelpunte kom in brakwater voor, naamlik 1 tot 4, 6, 8 tot 9, 11 en 13 tot 14, twee kom in varswater van die inlope, naamlik 5 en 7, en twee in gemengde brak-varswater, naamlik 10 en 12, voor.

#### Versamelpunt 1: (Figuur 4.1)

Versamelpunt 1 is aan die noordelike oewer van die meer regoor die grensdraad van die Nederduits-Gereformeerde Kerk se kampterrein en die plaas van meneer K. de Jager geleë. Die oewer van die meer bestaan uit fyn wit sand. Vaalgrys afsettings kom op die bodem in die littoraalsone voor waarin Cyperus spp. gevestig is.

Bentiese algsoorte het as 'n helder groen mat van tot 20 mm dik op ondergedompelde klippe in die littoraalsone voorgekom terwyl perifiton op die onderwater dele van die Cyperus spp. versamel is.

Die versamelpunt is aan golfwerking blootgestel veral as die suidoostewind waai. Die golwe kan 'n hoogte van tot 300 mm bereik. Hewige reënbuie waartydens die waterinhoud van die meer aangevul word, verhoog die watervlak. Die algmonsters is van 'n klip in die littoraalsone afgekrap wat ongeveer 200 x 300 mm groot is.

#### Versamelpunt 2: (Figuur 4.2)

Versamelpunt 2 is regs van versamelpunt 1 aan die noordelike oewer van die meer by 'n kampdraadiregoor 'n stand van Accacia melanoxylon Sm. geleë. Die oewer is baie sande-

rig, sonder klippe, met min gewortelde waterplante.

Bentiese algsoorte wat 'n dun olyfgroenlagie op 'n ondergedompelde ou boomstomp in die littoraalsone gevorm het is afgekrap. Die versamelpunt word in die middag deur die bome beskadu.

### Versamelpunt 3: (Figuur 4.3)

Versamelpunt 3 is regs van versamelpunt 2 aan die voet van 'n klipperige rantjie aan die noordelike oewer van die meer geleë. Groterige ronde, bruin klippe waarvan die ondergedompelde dele met 'n dik donkergroen fluweelmat bedek is vorm deel van die strand. Die oewer bestaan uit rooibruin grond met 'n los konsistensie. Die rantjie veroorsaak dat die versamelpunt vroeg in die namiddag reeds beskadu word. 'n Geringe mate van golfwerking kom voor aangesien die versamelpunt in 'n soort natuurlike inham geleë is. Bentiese algsoorte is van 'n groot klip in die littoraalsone afgekrap.

### Versamelpunt 4: (Figuur 4.4)

Versamelpunt 4 is regs van versamelpunt 3 aan die punt van bogenoemde rantjie se voet geleë. Die kant van die meer word deur groot bruin klippe wat tot 20 m vanaf die waterrand voorkom gevorm. Die bodem word deur 'n vaalgrys afsetting bedek. Geen vaatplante kom in die water voor nie. Die versamelpunt is teen wind beskerm en word in die namiddag deur die rantjie beskadu. Bentiese algsoorte vorm 'n dik donkergroen fluweelmat op die klippe in die littoraalsone. Vanwaar dit met 'n lepel afgekrap is.

### Versamelpunt 5: (Figuur 4.5)

Versamelpunt 5 is in 'n helder deursigtige kuil, in die noordwestelike inloop omtrent 30 m vanaf die meer geleë. Die kuil is feitlik standhoudend, alhoewel dit nie altyd met die meer verbind is nie. Die littoraalsone strek deur die kuil wat ongeveer 0,5 m diep is. Die bodem word deur fyn bruingeel plantreste bedek. Die kante van die kuil is met grasse oortrek wat soms tot in die water oorhang. Geen vaatplante groei in die water nie en klippe kom ook nie in die water voor nie. Die omringende grond is donker vaalgrys van kleur en effens klewerig. Bodemmateriaal is aan die kant van die kuil, waar dit na die meer oorloop versamel.

### Versamelpunt 6: (Figuur 4.6)

Versamelpunt 6 is op die westelike punt van die meer aan die kant van 'n groot plat wit sandklipplaat geleë. Die plat klipplaat loop in die water in en vorm 'n skerp oewerlyn waarteen golwe vaslaan.

Bentiese algsoorte groei op die klipplaatkant in die vlak littoraalsone waar dit 'n dik donkergroen fluweelmat vorm. In die namiddag is die plek vanwaar die algsoorte afgekrap is beskadu.

### Versamelpunt 7: (Figuur 4.7)

Versamelpunt 7 is in die westelike inloop 50 m vanaf die meer, waar 'n natuurlike driffie gevorm word, geleë. Die bodem bestaan uit rooibruin grond met 'n paar plat klippe waarvoor helder water kabbel.

Die kuile aan die bo- en onderkant van die versamelpunt is met vaatplante oorgroei. 'n Duidelike yslagie het in die winter die versamelpunt bedek.

Bentiese algsoorte was skaars. Bodemmateriaal ryk aan organiese materiaal is met 'n lepel versamel.

### Versamelpunt 8: (Figuur 4.8)

Versamelpunt 8 is aan die suidelike oewer van die meer regoor die grensdraad tussen me- nere De Klerk en Van Aardt se plase waar 'n sandklippaal in die meer lê, geleë. Die kant van die meer is sanderig en met graswortels deurtrek. Bentiese en perifitiese algsoorte kom respektiewelik op die klippaal en graswortels in die littoraalsone voor.

Die grond is donker vaalgrys van kleur en baie modderig getrap deur beeste wat hier wei. Die versamelpunt is aan die son en wind blootgestel. Bentiese- en perifitiese algsoorte is hier versamel.

### Versamelpunt 9: (Figuur 4.9)

Versamelpunt 9 is aan die suidelike oewer van die meer feitlik regoor versamelpunt 1 op 'n wit sandklipplaat, wat lyk of die klippe opmekaar gepak is, geleë. Die klip-

plaat vorm die oewer van die meer. Die versamelpunt word nie beskadu nie. Bentiëse algsoorte is vanaf 'n dik helder-groen fluweelmat in die vlak littoraalsone met 'n lepel gekrap.

#### Versamelpunt 10: (Figuur 4.10)

Versamelpunt 10 is op die punt van 'n sloot wat 10 m lank en 1 m diep is aan die oostekant van die meer geleë. Meerwater beweeg in die sloot in as gevolg van windwerking. Aan die bopunt versamel helder syferwater uit die gras en stort as 'n smal stroompie oor 'n wal. Graswortels met 'n dun olyfgroen lagie perfitiëse algsoorte asook bodemmateriaal is hier versamel by 'n punt net nadat die water oorgestort het. Die water is omtrent 20 mm diep en deursigtig. Die grond bestaan uit klei wat baie donkergrys van kleur is. Dikwels is 'n Nostoc sp. op die wal tussen die grasse aangetref.

#### Versamelpunt 11: (Figuur 4.11)

Versamelpunt 11 is regs van versamelpunt 10 aan die oostelike kant van die meer teenoor die Oshoekpad en regoor die grensdraad tussen meneer Van Aardt en dokter Du Plessis se plase geleë. Die oewer word deur fyn wit sand begrens en bevat 'n digte stand van Cyperus spp. In die water kom kleinerige klippe, wat dig met heldergroen bentiëse algsoorte begroei is, voor. Bentiëse en perfitiëse algsoorte is in die vlakwater vanaf die klippe en Cyperus spp. respektiewelik met 'n lepel afgekrap.

#### Versamelpunt 12: (Figuur 4.12)

Versamelpunt 12 is regoor die Ennelo- Chrissiesmeerp pad op 'n wit sandklipplaat geleë. Weens die vleierigheid wat die noordelike inloop hier met 'n digte stand van Cyperus spp. vorm, is die versamelpunt op die klipplaat gekies. Na die mikroskopiese ondersoek is vasgestel dat die alggemeenskap nie met suiwer varswater geassosieer kan word nie, maar dat die monsterpunt soms in brakwater moes voorgekom het.

Tussen die Cyperus spp. het 'n Nostoc sp. gedurende 1970 'n baie digte jellie-agtige massa gevorm. Die vlakwater tussen die Cyperus spp. toon 'n geelrooierige afsetting as gevolg van organiese materiaal wat hier neergelê word.

Wattervoëls versamel dikwels op die klipplaat. Dit is die vlakste deel van die meer (ongeveer 200 mm) en water stoot hier in as die wind waai. 'n Onaangename reuk is dikwels waarneembaar.

Op die klipplaat groei 'n dun olyfgroen lagie bentiese algsoorte waarvan versamelings geneem is.

### Versamelpunt 13: (Figuur 4.13)

Versamelpunt 13 is aan die noordelike oewer van die meer regoor 'n stapel wit sandklippe wat tot in die water strek geleë. Plek-plek waar bruin grond voorkom is die oewer van die meer deur beeste modderig getrap. Syferwater versamel en vloei as smal helder stroompies die meer in.

Bentiese algsoorte is versamel wat welig as 'n dik heldergroen mat op die klippe groei. Die versamelpunt is aan golfwerking blootgestel.

### Versamelpunt 14: (Figuur 4.14)

Versamelpunt 14 is aan die noordelike oewer van die meer regoor die hoogste klipkranse van die omgewing by die ander grensdraad van die Nederduits-Gereformeerde Kerk se kampterrein geleë.

Klipkranse strek tot in die water en die diepste plekke (1,5 m) in die meer kom hier voor. Die oewer word deur groot klippe en fyn wit sand uitgebeeld. 'n Digte heldergroen bentiese mat kom in die vlak (400 mm diep) littoraalsone op die klippe voor.

Bentiese algsoorte is van hierdie groeisel versamel. Dit is met 'n lepel van die klippe afgekrap. Na 'n harde reën bui vloei helder smal stroompies vars water die meer hierpor die kranse binne.

### 3.3. Insameling van omgewingsgegewens:

Chrissiesmeer is in die somerreeënvalstreek geleë. Die seisoene kan vir die doel van hierdie ondersoek soos volg ingedeel word:

Lente	:	September
Somer	:	Oktober tot April
Herfs	:	Mei
Winter	:	Junie tot Augustus

Die insameling van omgewingsgegewens word vir die doel van hierdie ondersoek in drie groepe verdeel waarvan die metodes afsonderlik bespreek sal word.

Hierdie gedeelte van die studieprojek is nie volledig genoeg uitgevoer om 'n betroubare weerspieëling van die omgewingsfaktore van die waterhabitat van Chrissiesmeer te gee nie. 'n Leemte bestaan dus in die studieprojek waaraan meer aandag gegee kon gewees het.

### 3.3.1 Bepaling van sekere abiotiese faktore by versamelpunte 1 tot 14:

Die bepaling van 'n fisiese en chemiese faktor, naamlik pH en temperatuur, is tegelykertyd gedurende die algversamelings van Desember 1969 tot Desember 1971 by versamelpunte 1 tot 14 uitgevoer. Die bepaling is in die littoraalsone waar die algsoorte versamel is uitgevoer en die tyd waarop die bepaling gedoen is, is aangeteken. Die ingewonne inligting weerspieël in 'n mate die abiotiese faktore waarin die algsoorte by elke versamelpunt gegroei het.

#### Temperatuur:

Temperatuur is die enigste fisiese faktor wat by versamelpunte 1 tot 14 bepaal is. Al die temperatuurlesings by versamelpunte 1 tot 14 is met 'n kwiktermometer verkry.

Die watertemperatuur is in die littoraalsone aan die kant van die meer op die plek waar die algsoorte versamel is bepaal. Die lugtemperatuur is bepaal deur die bal van die termometer in die skadu te hou. Die tyd waarop die temperatuur bepaal is, is telkens aangeteken.

#### pH:

Die pH verteenwoordig die enigste chemiese faktor wat by versamelpunte 1 tot 14 gedurende die versameling van algsoorte bepaal is. Die pH is met 'n pH-meter wat met 'n glaselektrode toegerus is bepaal. Die pH is net soos temperatuur in die littoraalsone, aan die kant van die meer op die plek waar die algmonsters versamel is, gemeet.

### 3.3.2 24-uur Uurlikse opnames van abiotiese faktore by versamelpunt 1:

Verskeie abiotiese faktore, fisies sowel as chemies, is op die volgende datums uurliks

oor 24 uur by versamelpunt 1 bepaal: 1970/09/19-20; 1970/09/24-25; 1971/01/05-06; 1971/07/23-24; 1971/09/14-15 en 1971/09/25-26.

### 3.3.2.1 Versameling van watermonsters:

'n Ysterpaal, wat as baken moes dien, is ongeveer 30 m van die waterkant by versamelpunt 1 in die meer geplant. By die paal is die water ongeveer 0,75 m diep.

In Figuur 5 word 'n skematiese voorstelling gegee van die posisies waarby watermonsters by die paal en aan die oewer by 'n punt naaste aan die paal gemaak is. Watermonsters is in die volgende volgorde versamel:

1a: 'n Bodemwatermonster wat met 'n Ruttnerversamelaar langs die paal geneem is.

1b: 'n Oppervlakmonster wat die boonste ongeveer 50 mm gedeelte van die waterkolom ingesluit het.

1c: 'n Oewermonster by 'n punt waar die water ongeveer 50 mm diep was.

Die verskillende watermonsters van ongeveer een liter elk is in 'n plastiek emmer na die oewer geneem waar pH-, temperatuur-, geleiding- en suurstofbepalings gedoen is. In sito bepalings was nie moontlik nie as gevolg van die feit dat geskikte apparaat nie beskikbaar was nie.


Bepalings op die oewermonsters is ook nie in sito gedoen nie ten einde die versteurings-element by al drie monsters dieselfde te hou.

Groot sorg is gedra dat die pH, temperatuur, geleiding en suurstofkonsentrasie nie oormatig verander nadat die monster versamel is en totdat die bepaling gemaak is nie. Waar sodanige versteuring tog plaasgevind het, is dit geïgnoreer.

Hierdie aspek verteenwoordig 'n nadeel ten opsigte van die eksperimentele tegnieke wat toegepas is sodat die verkreeë waardes nie as absoluut verteenwoordigend beskou kan word nie.

Punt 1c word as verteenwoordigend van die habitat in die littoraalsone beskou waar die algversamelings gemaak is.





**Figuur 5:** Skematiese voorstelling van die posisies waar watermonsters by versamel-  
punte by die paal en aan die oewer van die meer by 'n punt naaste aan  
die paal gemaak is.

- 1a. Bodemwater
- 1b. Oppervlakwater
- 1c. Oewerwater

### 3.3.2.2. Fisiese faktore:

Verskillende fisiese faktore is uurliks bepaal tensy anders vermeld. Die tyd is telkens aamgeteken, aangesien dit prakties onmoontlik was om op presies dieselfde uur altyd met 'n nuwe opname te begin.

#### Windsnelheid:

Windsnelheid is met 'n roterende anemometer bokant die wateroppervlak by die oewermonsterpunt (1c) in m/sek bepaal. Gedurende die eerste 24-uur opname (1970/09/19-20) is die windsnelheid uurliks bepaal, terwyl dit gedurende die ander opnames kwartierliks bepaal is.

#### Temperatuur:

Verskillende temperatuurbepalings is gedurende die 24-uur opnames uurliks bepaal. Die lug- en watertemperature is met 'n gewone kwiktermometer bepaal. Die bodemtemperatuur in die meer by die bodemwatermonsterpunt (1a) is met 'n verlengde grondkwiktermometer geles waarvan die bal ongeveer 10 mm in die bodem ingeplant is. Die bodemtemperatuur by die oewermonsterpunt (1c; ongeveer 10 mm onder die bodemoppervlak) is met 'n kleiner bodemkwiktermometer wat op 'n voetstuk rus bepaal. Laasgenoemde bepalings weerspieël die temperatuur van die bodem waarop bentiëse algsoorte wat versamel is, gegroei het.

#### Ligindringing:

Aanvanklik is ligindringing met behulp van 'n Secchi-skyf vanaf 'n boot in die meer gedoen. Daar is gevind dat die 200 mm deursneë witskyf by 50 mm diepte onsigbaar is. Secchi-skyflesings is nie daarna weer bepaal nie.

'n "Rigo"-ligmeter om die indringing van sommige komponente van witlig te bepaal is op 1971/04/23; 1971/07/14-15; 1971/09/26 en 1972/04/01 gebruik.

Die filters van die "Rigo"-ligmeter is nie monochromaties nie (kyk Tabel 1).

**Tabel 1:** Besonderhede van ligfilters van die "Rigo"-ligmeter; tipe 2501A.

<u>Filter.</u>	<u>Lig.</u>	<u>Ligsamestelling.</u>
1. Geen	Totale sigbare lig (gemeng) 380 - ca 760 nm	Ultraviolet (380 nm); Violet (420 nm); Blou (460 nm); Groen (530 nm); Geel (590 nm); Oranje (620 nm); Rooi (670 nm) en Infrarooi (?) (770 nm).
2. Blou (V-V-42)	Violet en blou lig 320-500 nm; maks. 400 nm	Ultraviolet (380 nm); Violet (420 nm); Blou (460 nm) en Blougroen (500 nm).
3. Groenblou (V-G-50)	Groen lig 470-600 nm; maks. 525 nm	Blougroen (500 nm); Groen (530 nm); Geelgroen (560 nm) en Geel (590 nm).
4. Rooi (V-R-60)	Rooi lig 600+ nm; maks. 620 nm	Geel-oranje (600 nm); Oranje (620 nm); Rooi (660 nm) en Infrarooi (?) (770 nm)

Die diepte van ligindringing word in die grafieke in cm aangegee.

### 3.3.2.3 Chemiese faktore:

Verskeie chemiese faktore is telkens in die watermonsters, naamlik die bodemwater (1a), oppervlakwater (1b) en oewerwater (1c) bepaal.

### Elektriese geleiding:

Die bepaling van elektriese geleiding van al die watermonsters is uurliks met 'n Radiometer tipe CDM2d elektriese geleidingsmeter gedoen.

### O<sub>2</sub> konsentrasie:

Die suurstofkonsentrasie in mg O<sub>2</sub>/l van al die watermonsters ook met 'n Radiometer tipe

suurstofmeter bepaal. Die % suurstofversadiging van elke watermonster is telkens bepaal.

### pH:

Die pH van die monsters, naamlik die bodemwater (1a), oppervlakwater (1b) en oewerwater (1c) is telkens met 'n pH-meter wat met 'n glaselektrode toegerus is, bepaal.

### 3.3.3 Versameling van watermonsters vir chemiese ontleding deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde:



Watermonsters vir chemiese ontleding is aan die einde van elke 24-uur opname (1970/09/19 tot 1971/04/26) by die volgende plekke onderskeidelik geneem: by versamelpunt 1 : bodemwater (1a), oppervlakwater (1b) en oewerwater (1c); by versamelpunt 12; by die Nostoc-gemeenskap; by die fontein naby die Nederduits-Gereformeerde Kerk se kampterrein; by die noordelike inloop naby die padbrug op die Ermelo-Chrissiesmeerpas; en by die noordwestelike en westelike inlope (Figuur 6).

Die volgende skeikundige ontledings van die watermonsters is goedgegunstelik deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde uitgevoer: opgeloste vaste stowwe by 105°C in mg/l; gesuspendeerde vastestowwe by 105°C in mg/l; totale hardheid as CaCO<sub>3</sub> in mg/l; Chloried as Cl<sup>-</sup> in mg/l; sulfaat as SO<sub>4</sub><sup>2-</sup> in mg/l; natrium as Na<sup>+</sup> in mg/l; kalium as K<sup>+</sup> in mg/l; yster as Fe<sup>2+</sup> in mg/l; mangaan as Mn<sup>2+</sup> in mg/l; totale fosfaat as PO<sub>4</sub><sup>3-</sup> in mg/l, orto-fosfaat as PO<sub>4</sub><sup>3-</sup> in mg/l, vry soutagtige ammonia as N in mg/l en nitraat + nitriet as N in mg/l.

### 3.4 Versameling en fiksering van algmateriaal:

Die besondere versamelpunte is so gekies dat dit aan sonlig blootgestel is en in die littoraalsone onder die laagwatermerk voorkom waar die versameling onder die laagwatermerk uitgevoer is.

'n Tafellepel is gebruik om die bentiese algsoorte van die klippe, ou boomstompe, of van Cyperus spp. in die water af te krap. Dieselfde lepel is telkens na afspoeling gebruik, sonder dat dit gesteriliseer is, sodat die moontlikheid bestaan dat oordraging van algsoorte van een versamelpunt na die volgende kon plaasgevind het.



Die versameling van algmateriaal het oor twee jaar gestrek, vanaf Desember 1969 tot Desember 1971. Tydens die twee jaar is 18 keer by elke versamelpunt (1 tot 14) versamel. Gedurende 1970 is slegs ses versamelings gedoen en tydens 1971 is elke maand versamel. Laasgenoemde oneweredig-verspreide versamelings oor die periode van twee jaar moet as 'n leemte in hierdie studie gesien word.

Die algmateriaal is in die littoraalsone aan die kant van die meer en inlope versamel. Die abiotiese toestande in die oewerwater (1c) by versamelpunt 1 verteenwoordig dus die algemene omgewingstoestande waarin die versamelde algoorte gegroei het.

Slegs bentiese, perifitiese of gesuspendeerde algoorte is onderskeidelik van die bodem-materiaal en watervaatplante met 'n lepel afgekrap, of stukkies van die vaatplante wat 'n alggroei sel bevat het is versamel.

By elke versamelpunt is gepoog om altyd op dieselfde plek te versamel, maar dit was nie altyd moontlik nie. In hierdie verband is daar twee aspekte wat met die interpretering van die gegewens in aanmerking geneem moet word. In die eerste plek is dit bekend (Round, 1970) dat die samestelling van bentiese algbevolkings verander as gevolg van kompetisie, die neerlegging van stowwe en die vorming van 'n slymlaag op die substraat wat die groei van algoorte beïnvloed. In die tweede plek sal elke algbevolking by 'n punt waar 'n versameling gemaak is geleidelik herstel. Deur telkens op presies dieselfde punt te versamel, word derhalwe algmateriaal versamel wat sedert die vorige versameling geproduseer is.

Die versamelde algmateriaal is tesame met ongeveer 25 ml water in 30 ml glasbotteltjies met plastiekskroefdeksels geplaas. 'n Etiket met die versamelpuntnommer en datum is op die botteltjie aangebring. Drastiese veranderinge of uitstaande kenmerke van die omgewing is ook kortliks aangeteken.

Die meer is altyd stelselmatig vanaf versamelpunt 1 antikloksgewys omgestap terwyl versamelings gedoen is. Die versameling het sewe tot nege uur geduur.

Alhoewel daar gepoog is om telkens min of meer op dieselfde uur by 'n betrokke versamelpunt te versamel, was dit nie altyd moontlik nie.

Die algmateriaal is in 4% formalien (finale konsentrasie) aan die einde van al die versamelings gefikseer. 'n Nadeel van formalien as fikseermiddel is dat dit die algselle kan

laat krimp en selfs laat ontkleur. Uitdroging van die materiaal in die versamelbotteltjies is verhoed deur dit telkens tot die oorspronklike volume met gedistilleerde water aan te vul.

### 3.5 Identifisering van algsoorte:

Die 18 watermonsters van elke versamelpunt is afsonderlik vir identifisering van die algsoorte wat daarin voorgekom het bestudeer. Van elke versamelbotteltjie (monster) is ses mikroskooppreparate gemaak.

Die mikroskooppreparate is soos volg voorberei: 'n Drupper is gebruik om 'n druppel van die afsaksel op die bodem van die versamelbotteltjie in 'n druppel gliserien (om uitdroging te voorkom) op 'n voorwerpglasie te monteer. Die materiaal is met 'n dekglasie met 'n deursnee van 20 mm bedek. Die mikroskooppreparaat is vervolgens stelselmatig heen-en-weer in aangrensende stroke van bo na onder deurgewerk sodat die hele oppervlakte onder die dekglasie bestudeer kon word.

Die verskillende algspesies wat geïdentifiseer is, is aangeteken. In gevalle waar spesies moeilik identifiseerbaar was is skaalgetroue tekeninge op geruite tekenpapier met 200 mm<sup>2</sup> ruite met behulp van 'n Leitz mikronetokulêr gemaak. By elke sodanige tekening is die vergrotingsfaktor aangegee. Mikrofotos is van hierdie spesies op Kodak Panatomic - X film met 'n 35 mm Zeiss - mikroskoopkamera op 'n Zeiss Nomarski-kontrasmikroskoop met gewone lig geneem. ('n 10X oogstuk en 'n 40X objektief is gebruik).

Vir die identifisering van verteenwoordigers van die klas Cyanophyceae is hoofsaaklik van Desikachary (1959), Geitler (1925) en Geitler (1932) gebruik gemaak.

Vir die identifisering van verteenwoordigers van die klasse Euglenophyceae, Chrysophyceae en Xanthophyceae is hoofsaaklik Huber - Pestalozzi (1941, 1950, 1961) gebruik.

Vir die klas Chlorophyceae se verteenwoordigers is vir die verskillende ordes verskillende publikasies gebruik. Vir die ordes Chlorococcales, Volvocales, Tetrasporales, Trentepohliales, Oedogoniales en Ulotrichales is hoofsaaklik die volgende literatuur gebruik: Heering (1914); Lemmemaan, Brunthaler en Pascher (1915); Pascher (1927) en Prescott (1962).

Vir verteenwoordigers van die desmiede onder die orde Zygnematales is hoofsaaklik West

en West (1904, 1905, 1908, 1912), Förster (1964, 1969, 1970, 1972), Krieger en Gerloff (1962, 1965, 1969), Scott en Prescott (1961), Scott en Grönblad (1957) gebruik. Printz (1964) is vir sekere families van die orde Chaetophorales gebruik.

Die sleutels wat in genoemde en ander bronne voorkom is hoofsaaklik vir identifisering gebruik; andersins is van tekeninge en beskrywings wat in die bronne voorkom gebruik gemaak. Laasgenoemde metode van identifisering is veral by lede van die Euglenophyceae (Huber-Pestalozzi, 1955) gebruik.

Heelwat probleme is met die identifisering van sommige van die algsoorte ondervind. Die bestudering van lewende materiaal is dikwels noodsaaklik vir die identifisering van algsoorte. Weens die afwesigheid van laboratorium fasiliteite in die veld tydens die uitvoer van die veldopnames is identifisering in baie gevalle bemoeilik en soms onmoontlik gemaak.

Waar die teenwoordigheid van voortplantingsorgane nodig is vir identifisering, kon identifisering soms slegs tot genusvlak geskied in gevalle waar die voortplantingsorgane ontbreek het. Indien voortplantingsorgane van 'n betrokke soort wel by 'n ander versameldatum of -punt voorgekom het is die identifisering voltooi. In sommige gevalle was slegs sigote van algsoorte in die monsters teenwoordig wat nie geïdentifiseer kon word nie. Sommige van die algselle in die versamelbotteltjies was soms in 'n mate aan ontbinding onderhewig, aangesien fiksering nie met versameling geskied het nie.

Dit is ook bekend dat formalien in verandering van selvorm en -inhoud tot gevolg kan hê. Met die fiksering van algselle in formalien vind onder andere veranderinge in die kleur (pigmentsamestelling) plaas. Aangesien kleur by sommige Oscillatoriaceae - spesies blykbaar 'n belangrike spesiegebonde eienskap uitmaak, is die identifisering soms deur die verandering in kleur bemoeilik.

By Desmidiaceae - spesies is selle sonder inhoud dikwels vir identifisering nodig, veral waar die wandstruktuur gebruik word. In die geval van skaars spesies is soms slegs 'n enkele sel wat inhoud bevat gevind. In so 'n geval is die identifisering van die soort aansienlik bemoeilik. Vir die doel van hierdie ondersoek is op 'n klassifikasie sisteem besluit (Tabel 2) wat op die van Bourrelly (1964, 1966, 1968) en Harder, Schumacher, Firbas en Von Denffer (1967) gebaseer is.



Tabel 2: 'n Eenvoudige klassifikasiesistiem saamgestel uit Bourrelly en Harder, Schumacher Fibrae en Van Deniffen.

Afdeling	Klas	Subklas	Orde	Familie	Genus				
1. Schizophyta	Cyanophyceae	1. Coccogonophycidae	1. Chroococcales	1. Chroococcaceae	Aphanocapsa, Aphanothece, Chroococcus, Coelosphaerium, Cyanarcus, Dactylocapsa, Gloeocapsa, Gloeotheca, Gomphosphaeria, Marsoniella, Merismopedia, Microcystis, Rhabdoderma, Synchococcus, Synechocystis				
				2. Pleurocapsales	Hyellaceae	Hydrococcus Xenococcus			
				3. Chamaesiphonales	Clastidiaceae (=Democarpaceae)	Cyanocystis (=Democarpa p.p. auct. non Cronan)			
				2. Homogonophycidae	1. Stigonematales	Stigonemataceae	Hapalosiphon, Stigonema		
					2. Nostocales	1. Rivulariaceae	Calothrix, Dichothrix		
						2. Scytonemataceae	Plectonema, Scytonema, Scytonematopsis, Tolypothrix		
						3. Nostocaceae	Anabaena, Anabaenopsis, Aulosira, Nostoc		
						4. Oscillatoriaceae	Lynbya, Microcoleus, Oscillatoria, Phormidium, Pseudanabaena, Schizothrix, Spirulina, Symploca		
				2. Phycophyta	1. Euglenophyceae		Euglenales	1. Petalomonadaceae 2. Euglenaceae	Petalomonas Astasia, Euglena, Lepocinclis, Menoideum, Phacus, Strombomonas, Trachelomonas
							2. Pyrophyceae	1. Cryptomonadales	Cryptomonadaceae

Afdeling	Klas	Subklas	Orde	Familie	Genus	
3. Chrysophyceae	2. Peridinales			1. Glenodiniaceae	Glenodinium	
				2. Peridiniaceae	Peridinium	
				3. Gymnodiniaceae	Amphidinium, Gymnodinium, Massartia (=Katoctinium)	
	3. Dinococcales			Phytodiniaceae	Cystodinium	
				1. Ochromonadales	1. Ochromonadaceae	Ochromonas, Volvochrysis
	2. Rhizochrysidales			2. Phaeothamniaceae	Phaeothamnion	
				3. Dinobryaceae	Bicoeca, Dinobryon	
	4. Xanthophyceae	1. Mischococcales (=Heterococcales)			1. Stylococaceae	Lagynion
					2. Rhizochrysidaceae	Chrysidastrum
	5. Chlorophyceae	2. Rhizochloritales			1. Sciadaceae	Bumilleriopsis, Ophycytium
2. Characiopsidaceae					Peroniella	
3. Gloeobotrydaceae					Gloeobotrys	
4. Botryochloridaceae					Chlorellidopsis	
1. Volvocales				1. Rhizochloridaceae	Stipitococcus	
				1. Chlamydomonadales	1. Chlamydomonadaceae	Carteria, Chlamydomonas, Chlorogonium
2. Tetrasporales				2. Volvocaceae	Eudorina, Pandorina, Pleodorina, Volvox, Volvulina	
				1. Tetrasporaceae	Apicystis, Gloeochaete	

	2. Gloeocystaceae	Asterococcus, Gloeococcus, Gloeocystis
3. Chlorococcales	1. Chlorococcaceae	Characium, Chlorococcum, Desmatractum, Schroederia, Tetraedron
	2. Palmellaceae	Palmella, Sphaerocystis
	3. Oocystaceae	Ankistrodesmus, Chodatella, Chlorella, Dactylococcus, Francaea, Glaucocystis, Gloeotaenium, Kirchneriella, Lagerheimia, Monoraphidium, Nephrocium, Oocystis, Placosphaera, Guadrigula, Selenastrum, Trochiscia
	4. Micractiniaceae	Phytelios, Siderocystopsis
	5. Dictyosphaeriaceae	Botryococcus, Dictyosphaerium, Dimorphococcus, Westella
	6. Scenedesmaceae	Coelastrum, Gucigenia, Gloeocactinium, Lautenbomiella, Scenedesmus, Tetradesmus
	7. Hydrodictyceae	Pedicastrum, Sorastrum
	8. Coccamyxaceae	Dispora, Elakatothrix
4. Ulotrichales	Ulotrichaceae	Raphidonema, Stichococcus, Ulothrix
5. Chaetophorales	1. Chlorosarcinaceae	Chlorosarcina, Chlorosphaera, Planophila
	2. Chaetophoraceae	Chaetophora, Drepamaldia, Drepamaldopsis, Gongrosira, Protodema, Stigeoclonium
	3. Aphanochaetaceae	Aphanochaete, Chaetonema
	4. Chaetosphaeridiaceae	Chaetosphaeridium
	5. Coleochaetaceae	Coleochaete

Afdeling	Klas	Subklas	Orde	Familie	Genus
			6. Trentepohiales	6. Protococcaceae	Protococcus
				Trentepohliaceae	Trentepohlia
			7. Cladophorales	Cladophoraceae	Rhizoclonium
			8. Oedogoniales	Oedogoniaceae	Bulbochaete, Oedogonium
			9. Zygnematales (=Conjugales)	1. Zygnemataceae	Debarya, Mougeotia, Spirogyra, Zygnema, Zygnemopsis
				2. Gonatozygaceae	Gonatozygon
				3. Mesotaeniaceae	Cylindrocapsa, Mesotaenium, Netrium, Spirotaenia
				4. Desmidiaceae	Actinotaenium, Closterium, Cosmarium, Cosmoecidium, Desmidiium, Eucos- trum, Graenbladia, Hyalotheca, Microsterias, Penium, Pleurotaenium, Sphaerzosma, Staurostrum, Staurodesmus, Teilingia

### 3.6 Bepaling van die persentasie samestelling van algbevolkings:

Die algbevolkings se persentasie samestelling vir elke versamelpunt is afsonderlik vir elke versameldatum bepaal. Ses preparate van elke algmonster is soos onder 3.5 beskryf voorberei. Alle algsoorte wat onder die dekglasie voorgekom het is afsonderlik getel. Tellings van die ses preparate se alge is gesommeer, gemiddeldes vir elke spesie is bereken en as 'n persentasie van die gemiddelde totale telling vir die ses preparate uitgedruk. Uiteindelik is 'n gemiddelde persentasie van elke klas soos die Chlorophyceae vir die versamelpunte afsonderlik oor die studieperiode bereken deur die persentasie waarde van 'n klas te sommeer en die som deur die aantal versamelings te deel.

Die metode soos hierbo beskryf om die persentasie samestelling van die algbevolkings te bereken, is nie baie noukeurig nie, omdat die aantal selle van 'n spesie-individu nie in alle gevalle in berekening gebring is nie. 'n Lang filament bestaande uit 'n hele aantal selle is byvoorbeeld in meer as een strook getel, terwyl 'n kolonie wat ook uit 'n hele aantal selle bestaan slegs een keer getel is. Die metode is egter geskik om 'n algemene ideë van die samestelling van die algbevolkings by die verskillende punte te verkry.

### 3.7 Verwerking en voorstelling van gegewens:

Die resultate van die opname van abiotiese en biotiese faktore is getabelleer en grafies voorgestel om afleidings te vergemaklik.

Die resultate van elke versamelpunt sal vergelyk word om moontlike verwantskappe tussen die twee groepe resultate af te lei.

## HOOFSTUK 4

### Abiotiese faktore van die ekosisteem:

Abiotiese faktore is by die verskillende versamelpunte (1 tot 14) gedurende die versameling van algmonsters van Desember 1969 tot Desember 1971 bepaal (kyk 3.3.1). Slegs 'n enkele fisiese (temperatuur) en chemiese faktor (pH) is telkens by elke versamelpunt in die littoraalsone waar die algmonsters versamel is, gemeet. By versamelpunt 1 is egter by ses verskillende 24-uur opnames, uurliks verskillende abiotiese faktore gemeet (kyk 3.3.2). Chemiese ontleding van verskeie watermonsters van die Chrissiesmeer-waterkompleks is deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde gedoen (kyk 3.3.3).

Deur gebruik te maak van bogenoemde resultate kan daar in 'n mate by wyse van ekstrapolering die omgewingstoestand waarin die versamelde algsoorte gegroei het, beskryf word.

### 4.1 Enkele Abiotiese faktore by versamelpunte 1 tot 14:

Die toestande wat hier bespreek word, het in die littoraalsone waar die algmonsters versamel is, geheers en kon dus 'n direkte invloed op die samestelling van die algbevolking by elke versamelpunt uitgeoefen het. Die verskillende abiotiese faktore van elke versamelpunt word in Figure 7 en 8 voorgestel.

#### 4.1.1 Temperatuur:

Lug- en watertemperatuur is elke keer gemeet wanneer algmonsters in die littoraalsone versamel is.




##### 4.1.1.1 Lugtemperatuur: (Figuur 7.1 tot 7.14 en Figuur 8.1 tot 8.18)

Die hoogste lugtemperatuur wat gedurende die opnames gemeet is, was  $32,5^{\circ}\text{C}$ . Hierdie temperatuur is in Februarie 1970 (somer) om 11h45 by versamelpunt 13 gemeet (Figuur 8.2). Die laagste lugtemperatuur wat gedurende die opnames gemeet is, was  $1,5^{\circ}\text{C}$ . Laasgenoemde temperatuur is in Julie 1970 (winter) om 06h45 by versamelpunt 1 gemeet (Figuur 8.4).


**Figuur 7: pH, Lug- en watertemperatuur by versamelpunte 1 tot 14 (Desember 1969 tot Desember 1971).**

**Figure 7.1 tot 7.14 verteenwoordig versamelpunt nommers.**


- 7.1 Versamelpunt 1
- 7.2 Versamelpunt 2
- 7.3 Versamelpunt 3
- 7.4 Versamelpunt 4
- 7.5 Versamelpunt 5
- 7.6 Versamelpunt 6
- 7.7 Versamelpunt 7
- 7.8 Versamelpunt 8
- 7.9 Versamelpunt 9
- 7.10 Versamelpunt 10
- 7.11 Versamelpunt 11
- 7.12 Versamelpunt 12
- 7.13 Versamelpunt 13
- 7.14 Versamelpunt 14









Figuur 7.4




Figuur 7.5




Figuur 7.6




Figuur 7.7




Figuur 7.8




Figuur 7.9




Figuur 7.10




Figuur 7.11



Figuur 7.12



Figuur 7.13




Figuur 7.14

**Figuur 8:**


**pH, Lug- en watertemperatuur van meer- en inloopwater by verskillende datums**

**Figuur 8.1 tot 8.18 verteenwoordig verskillende datums**


- 8.1 1969/12/30
- 8.2 1970/02/28
- 8.3 1970/03/22
- 8.4 1970/07/09
- 8.5 1970/09/24
- 8.6 1970/11/28
- 8.7 1971/01/06
- 8.8 1971/02/14
- 8.9 1971/03/12
- 8.10 1971/04/09
- 8.11 1971/05/29
- 8.12 1971/06/30
- 8.13 1971/07/29
- 8.14 1971/08/07
- 8.15 1971/09/25
- 8.16 1971/10/23
- 8.17 1971/11/27
- 8.18 1971/12/06




Figuur 8.2




Figuur 8.4




Figuur 8.6




Figuur 8.1




Figuur 8.3




Figuur 8.5




Figuur 8.8




Figuur 8.10




Figuur 8.12




Figuur 8.7




Figuur 8.9




Figuur 8.11




Figuur 8.14




Figuur 8.16




Figuur 8.18



Figuur 8.13



Figuur 8.15



Figuur 8.17



'n Geringe verskil in die lugtemperatuur by die versamelpunte gedurende 'n opname is tussen die somer en winter aangetref (Figuur 8). Die grootste verskil in lugtemperatuur by al die versamelpunte gedurende 'n opname is in Februarie 1970 (somer) gemeet. Die temperatuur het van  $11,5^{\circ}\text{C}$  tot  $28^{\circ}\text{C}$  (Figuur 8.2) gewissel. In Julie 1970 (winter) was die wisseling tussen  $1,5^{\circ}\text{C}$  en  $18^{\circ}\text{C}$  (Figuur 8.4). Die wisseling in die somer- en winterlugtemperatuur was soortgelyk.

Gedurende die winteropnames van 1971 is gevind dat die lugtemperatuur baie meer eenvormig by al die versamelpunte was (Figuur 8.11 tot 8.14) terwyl in die somermaande 'n skerp toename in lugtemperatuur vanaf ongeveer 12h00 plaasgevind het.

'n Vergelyking van die resultate van die verskillende opnames (Figuur 7.1 tot 7.14 en Figuur 8.1 tot 8.18) toon duidelike seisoenswisseling in die lugtemperatuur van die omgewing aan.

Die somermaande wat ongeveer vanaf Oktober tot April strek, toon 'n hoër gemiddelde lugtemperatuur as die wintermaande wat ongeveer vanaf Junie tot Augustus strek. Gedurende die winter neem die lugtemperatuur meer geleidelik gedurende die dag toe, en verskil nie so baie soos gedurende die somer van tyd tot tyd nie. Die verskil in nag- en dag lugtemperatuur word duidelik in Figuur 8.18 en Figuur 8.16 geïllustreer.

Daar is 'n duidelike ooreenstemming in die temperatuurkrommes van maand tot maand by die verskillende versamelpunte (Figuur 7.1 tot 7.14). Die lugtemperatuur gedurende 1970 was oor die algemeen hoër as in 1971.

#### 4.1.1.2 Watertemperatuur:(Figuur 7.1 tot 7.14 en Figuur 8.1 tot 8.18).

Hierdie resultate verteenwoordig die temperatuur van die water in die littoraalsone waarin die algsoorte wat versamel is gegroei het. Die hoogste watertemperatuur wat oor die twee jaar van opnames gemeet is, was  $34^{\circ}\text{C}$  wat in Januarie 1971 by versamelpunt 7 in vlakwater (50 mm) gemeet is (Figuur 7.7)

Gedurende die winter was daar 'n geringe verskil in watertemperatuur by die verskillende versamelpunte gedurende 'n opname (Figuur 8.11 tot 8.14). Die grootste verskil in watertemperatuur ( $9,5$  tot  $21,5^{\circ}\text{C}$ ) by die verskillende versamelpunte gedurende 'n opname het in Maart 1971 voorgekom, maar is te wyte aan die verskil in tyd van die dag waarop elke opname gedoen is (Figuur 8.9)

Die laagste watertemperatuur is gedurende Julie 1970 om 06h45 by versamelpunt 7 aangeteken (Figuur 8.4).

Gedurende die winter is die gemiddelde watertemperatuur laer as die lugtemperatuur, en gedurende die somer is dit net omgekeerd (Tabel 3). Die gemiddelde watertemperatuur van die brakwater was hoer as die van die varswater (Tabel 3).

**Tabel 3: Gemiddelde pH, lug- en watertemperatuur van die verskillende versamelpte en water tipes.**

Versampelpunt	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14	Brak- water	Vars- water	Gemeng- de water
Gemiddelde lente lugtemperatuur	19,75	18,75	17,95	19,75	19,25	17,25	17,75	19,15	18,5	21,25	20,45	21,5	21,5	19,0	19,21	18,5	21,38
Gemiddelde somer lugtemperatuur	16,05	17,36	16,68	17,34	18,37	18,07	17,08	18,08	19,03	19,34	21,18	21,21	22,86	22,69	18,93	17,73	20,28
Gemiddelde herfs lugtemperatuur	4,5	4,8	6	4,5	4,5	5	4,9	4,9	5,5	6,9	6,9	9,5	11,0	11,5	6,46	4,7	8,2
Gemiddelde winter lugtemperatuur	8,5	9,93	10,58	11,83	12,5	13,75	12,4	13,15	13,63	13,3	14,63	18,3	18,93	17,83	13,28	12,45	15,8
Gemiddelde lugtemperatuur	14,03	14,41	14,76	15,46	15,78	16,77	15,23	16,16	16,77	17,29	18,56	19,79	20,82	20,45	16,82	15,51	18,54
Gemiddelde lente watertemperatuur	17,5	19,5	20,25	19,5	18,5	20,9	18,0	21,9	19,5	18,4	16,0	19,0	18,25	18,0	19,13	18,25	18,7
Gemiddelde somer watertemperatuur	19,95	19,8	20,59	20,95	20,74	20,39	18,48	19,95	20,25	19,4	21,62	25,25	23,83	22,7	21,00	19,61	22,33
Gemiddelde herfs watertemperatuur	10	10,5	9,5	10	9,5	10	8,0	9,5	9	10,0	10,7	15,0	18,8	16,5	11,45	8,75	12,5
Gemiddelde winter watertemperatuur	6,5	7,95	7,38	7,88	8,25	9,25	8,4	9,38	9,85	10,25	11,25	15,38	13,95	12,73	9,61	8,33	12,82
Gemiddelde water temperatuur	15,92	16,43	17,0	18,13	16,39	16,96	15,78	17,08	17,05	16,58	17,88	21,59	20,35	19,44	17,68	16,09	18,94

-----

Gemiddelde lente    8,3    8,4    8,45    8,4    7,8    8,6    8,5    8,4    8,48    8,4    8,5    8,6    8,5    8,5    8,5    8,45    8,15    8,5  
 pH

-----

Gemiddelde somer    8,49    8,65    8,63    8,62    8,04    8,55    7,78    8,36    8,47    8,24    8,37    8,44    8,65    8,49    8,53    7,91    8,34  
 pH

-----

Gemiddelde herfs    8,3    8,4    8,4    8,4    7,8    8,3    7,6    8,3    8,3    8,3    8,3    8,3    8,5    8,6    8,4    8,37    7,7    8,4  
 pH

-----

Gemiddelde winter    8,09    8,19    7,95    8,15    7,8    8,18    7,78    8,13    8,28    8,18    8,23    8,43    8,31    8,16    8,17    7,79    8,29  
 pH

-----

Gemiddelde pH    8,37    8,51    8,5    8,48    7,87    8,45    7,81    8,3    8,41    8,24    8,34    8,44    8,56    8,41    8,43    7,84    8,34  
 =====

#### 4.1.2 pH:

As die pH-krommes (Figuur 7.1 tot 7.14) vergelyk word, kan daar op grond van pH-toestande tussen die water van die noordelike en suidelike oewers onderskei word. Die gemiddelde pH is hoër aan die noordelike oewer as aan die suidelike oewer (Tabel 3).

Die pH van inloopwater (varswater) is oor die algemeen laer as dié van die meer water (Figuur 7.5 en 7.7).

Die laagste pH in die varswater, naamlik 7,3, is in April 1971 by versamelpunt 7 gemeet (Figuur 7.7). Daar het 'n afname in die pH gedurende die wintermaande voorgekom terwyl 'n toename vanaf die lente (September) tot die somer (Februarie) voorgekom het. Die hoogste pH naamlik 9,8 is gedurende die somer, naamlik Februarie 1971 by versamelpunt 12 gemeet (Figuur 7.12). Die meer is by versamelpunt 12 baie vlak (200 mm). Die pH neem toe as die temperatuur toeneem en omgekeerd.

Ter opsomming kan gemeld word dat die watertemperature by al die versamelpunte die lugtemperature volg, (hoër in somer, laer in winter) en dat die pH van die water dieselfde neigings vertoon (Figuur 7).

#### 4.2 24-uur Uurlikse opnames van abiotiese faktore by versamelpunt 1:

Ses verskillende opnames (1970/09/19; 1970/09/25; 1971/01/05; 1971/04/23; 1971/07/14; 1971/09/25) is gedoen. Soos reeds onder 3.3.2 beskryf, is drie verskillende watermonsters vir die bepaling van die abiotiese faktore in die meer gebruik, maar slegs dié van die oewerwater (1c) het direk betrekking op die littoraalsone waarvan die algsoorte versamel is; die gegewens van die bodem - (1a) en oppervlakwater (1b) word slegs vergelykenderwys aangegee.

##### 4.2.1 Fisiese faktore:

###### 4.2.1.1 Wind:

Soos in Figuur 9.1 tot 9.6 voorgestel, word die winternagte in teenstelling met somernagte deur windstiltes gekenmerk wat op duidelike seisoensverskille dui. Die hoogste windsnelheid wat gedurende die proefperiode gemeet is was 5,1 m/sek. in September

**Figuur 9:**

**Windsnelheid in m/sek. oor 24-uur by verskillende datums vir versamelpunt 1.**

9.1 1970/09/19-20




9.2 1970/09/24-25




9.3 1971/01/05-06

9.4 1971/04/23-24

9.5 1971/07/14-15

9.6 1971/09/25-26







1970 (Figuur 9.1). Chrissiesmeer is, soos reeds aangetoon, 'n vlak watermassa en dus behoort windopgewekte strominge geredelik tot op die bodem te strek.

Reid en Wood (1976) beskou wind as die belangrikste eksterne krag wat water in beweging bring. 'n Aanhoudende sterk wind oor die wateroppervlak laat die water by een punt ophoop sodat die watervlak aan die windaf kant verhoog en aan die windop kant verlaag. Sodra die wind bedaar begin die opgehoopte water terugvloei, totdat die algehele watervlak 'n ewewig bereik.

Hierdie verskynsel is op Chrissiesmeer waargeneem wanneer die suidewind waai en die water oor die noordelike oewer stoot.

Noukeurige waarnemings op die watervlakhoogte by verskillende punte sal interessante gegenskens oor die voorkoms van Seiches by Chrissiesmeer aan die lig bring.

Die voorkoms van wind bevorder golfwerking wat bydra tot ~~bewerping~~ en vermenging van die water. Die suidoostelike oewer vertoon duidelik die invloed van golfwerking; die oewer is kleierig en is duidelik deur golwe uitgekalf.

Aangesien Chrissiesmeer vlak is veroorsaak die wind goeie vermenging van die waterkolom sodat windopgewekte strominge die ontstaan van termiese gelaagdheid verhoed.

Chrissiesmeer verteenwoordig verder 'n groot oop watermassa wat tot gevolg het dat die wind 'n belangrike invloed op vermenging sal uitoefen, veral gedurende die periodes wanneer sterk winde waai. Wind kan dus 'n invloed op die voorkoms en verspreiding van algsorte en opgeloste stowwe uitoefen.

Wanneer toestande by bodemwater (1a) en oppervlakwater (1b) van mekaar verskil, dui dit daarop dat 'n mate van gelaagdheid voorkom (gewoonlik gedurende periodes van betreklike lae windaktiwiteit). Wanneer toestande by bodemwater (1a), oppervlakwater (1b) en oewerwater (1c) gedurende die dag met mekaar ooreenkom, dui dit op vermenging van die water wat onder die invloed van wind plaasgevind het.

#### 4.2.1.2 Temperatuur:

Die temperatuur van die lug, water en bodem is gedurende die ses 24-uur uurlikse opnames gemeet en sal afsonderlik bespreek word.

**Figuur 10:**

**Lugtemperatuur in °C oor 24-uur by verskillende datums vir versamelpunt 1.**

10.1 1970/09/19-20


10.2 1970/09/24-25

10.3 1971/01/05-06

10.4 1971/04/23-24

10.5 1971/07/14-15

10.6 1971/09/25-26



a. Lugtemperatuur:

Volgens Figuur 10 vertoon die verskillende krommes van die lugtemperatuur tydens die verskillende opnames dieselfde neigings. Die winter lugtemperatuur is egter heelwat laer as dié van die somer. Die verskil tussen die hoogste en laagste temperatuur vir 'n spesifieke opnameperiode is ongeveer  $15^{\circ}\text{C}$ . Die hoogste temperatuur word gewoonlik tussen 13h00 en 17h00 in die warmer periodes bereik, en vroeër in die winterperiodes, naamlik ongeveer 12h00.

Die hoogste lugtemperatuur, naamlik  $27^{\circ}\text{C}$ , is in September 1970 en 1971 om 14h00 aangeteken. Die lae lugtemperatuur vir die ses opnameperiodes is tussen 23h00 en 03h00 bereik. Die laagste lugtemperatuur, naamlik  $-3,5^{\circ}\text{C}$ , is gedurende Julie 1971 om 01h00 en 02h00 gemeet. Die krommes van die lugtemperatuur vir September 1970 en 1971 toon ook dieselfde neiging. Die afleiding kan dus gemaak word dat die algemene klimaatsomstandighede gedurende die twee jare, min of meer dieselfde moes gewees het.

b. Watertemperatuur:

Die watertemperatuurresultate word in Figuur 11.1 tot 11.6 weergegee. Uit die gegewens blyk dit duidelik dat daar 'n ooreenkoms tussen die watertemperatuur by die drie versamelpunte van 'n opname bestaan. Die watertemperatuur by die bodemwater (1a) in die meer was meestal die laagste in die dag en vertoon weinig skommelings, terwyl die watertemperatuur by die oewerwater (1c) in die littoraalsone waarin die alge versamel is die grootste variasie vertoon en gedurende die nag die laagste was. Dit spreek dus vanself dat die algsoorte aan temperatuursveranderinge onderhewig is.

Die hoogste temperatuur in die littoraalsone was  $34,5^{\circ}\text{C}$  gedurende Januarie 1971, terwyl die laagste watertemperatuur vir die ses opnames, naamlik  $0,5^{\circ}\text{C}$ , gedurende Julie 1971 in die littoraalsone voorgekom het.

Gedurende die lente (September 1970 en 1971) en somer (April 1971) kom 'n groter temperatuursverskil as gedurende die winter (Julie 1971) voor. Die verskynsel kan aan algemene klimaatsomstandighede te wyte wees.

Aangesien die meer 'n groot oop watervlak verteenwoordig, speel wind soos reeds aangetoon 'n rol by die ontstaan van strominge, wat die water vermeng om sodoende 'n eenvormige temperatuur by die bodem- (1a) en oppervlakwater (1b) tot stand te bring

**Figuur 11:**

**Watertemperatuur in °C oor 24-uur by verskillende datums vir versamelpunt 1.**

11.1 1970/09/19-20




11.2 1970/09/24-25




11.3 1971/01/05-06

11.4 1971/04/23-24

11.5 1971/07/14-15

11.6 1971/09/25-26





**Figuur 12:**

**Bodemtemperatuur in °C oor 24-uur by verskillende datums vir versamelpunt 1.**

12.1 1970/09/19-20

12.2 1970/09/24-25




12.3 1971/01/05-06




12.4 1971/04/23-24

12.5 1971/07/14-15

12.6 1971/09/25-26







(Figuur 9.1 en 11.1 om 16h00 tot 11h00; Figuur 9.2 en 11.2 om 10h00 tot 18h00; Figuur 9.3 en 11.3 om 01h00 tot 04h00; Figuur 9.4 en 11.4 om 08h00 tot 11h00; Figuur 9.5 en 11.5 om 10h00 tot 17h00 en Figuur 9.6 en 11.6).

Die oewerwater wat vlak is (100 mm) bereik die hoogste en laagste temperatuur afhangend van die tyd van die dag of nag. Die water in die littoraalsone is vlak (tot 300 mm) en word dus vinniger opgewarm, maar koel net so vinnig af en volg die grondtemperatuur nouer.

Die water het 'n hoër hoogste en 'n hoër laagste temperatuur as die lug vertoon. Die rede hiervoor is klaarblyklik geleë in die feit dat die soortlike warmte van water hoër is as die van lug en dat die gesuspendeerde materiaal in die water ligenergie absorbeer wat in warmte-energie omsit word. Water is dus in staat om meer warmte op te neem en dit langer te behou.

Die verspreiding van warmte-energie deur water is swak indien geen bykomende windvermenging voorkom nie. Die waterkolom as geheel sal dus stadig op verandering van die omgewingstemperatuur reageer (Figuur 10 en 11.1 tot 11.6).

Volgens Figuur 11.1 tot 11.6 is die watertemperatuur van die oppervlakwater (1b) en die oewerwater (1c) gedurende die nag nader aanmekaar as gedurende die dag. Gedurende die nag is die bodemwater (1a) se temperatuur volgens Figuur 11.6 effens laer as die van die oppervlakwater (1b) wat op 'n geringe mate van temperatuur gelaagdheid dui.

Gedurende die winter kom 'n eenvormiger warmteverspreiding deur die water voor, 'n toestand wat as monotermiss beskryf kan word. (Figuur 11.5).

### c. Bodemtemperatuur:

Figuur 12.1 tot 12.6 stel die bodemtemperatuur van die meer aan die kant in die littoraalsone by 1(c) (oewerwater) en dieper in die meer by 1(a) (bodemwater) voor.

Aan die oewer by 1(c) (oewerwater) wissel die bodemtemperatuur meer as in die meer by 1(a) (bodemwater); die oewerbodem reageer dus gouer op skommeling in die lugtemperatuur.

Die hoogste bodemtemperatuur, naamlik  $34,5^{\circ}\text{C}$ , is gedurende Januarie 1971 in die oewerwater (1c) gemeet, asook die laagste bodemtemperatuur, naamlik  $1,5^{\circ}\text{C}$ , gedurende Julie 1971. Die bodemtemperatuur aan die kant van die meer in die oewerwater (1c) is soms selfs hoër as die lugtemperatuur.

In die diepwater by 1a (bodemwater) het die langer waterkolom 'n matigende invloed op die bodemtemperatuur. Aan die oewer word die bodemtemperatuur derhalwe direk deur atmosferiese toestande en sonlig bepaal, terwyl watertoestande by die diepwater die bodemtemperatuur bepaal.

Die hoeveelheid wamte-energie van natuurlike water is van absorpsie van sonligstrale, veral die infrarooistrale, afhanklik, sowel as van wamtegeleiding vanaf die atmosfeer en die bodem. Die belangrikste bron van wamte-energie vir natuurlike water is geabsorbeerde ligstrale. Die geabsorbeerde wamte-energie versprei vinniger deur die korter waterkolom van die oewerwater (1c) as deur die langer waterkolom dieper in die meer (1a). Die watertemperatuur sal dus gouer in die oewerwater (1c) as dieper in die meer (1a) die bodemtemperatuur belhvoer.

Die oop wateroppervlak bied 'n groot oppervlak vir verdamping wat weer afkoeling tot gevolg het wat die temperatuur laat afneem. Wamte-energie word ook snags aan die atmosfeer en die bodem afgegee.

#### 4.2.1.3 Ligindringing:

Figuur 13 illustreer die indringing van verskillende liggolwe in die meerwater.

Die indringing van totale lig is die diepste gedurende die einde van die somer (1971/04/23, 1972/04/01) en is dan ook dieper as die gemiddelde rooi lig indringing.

Gedurende die winter (1971/07/14-15) en lente (1971/09/26) is die situasie sodanig dat rooi lig by die diepste punt van indringing die enigste beskikbare lig uitmaak.

Die filters wat gebruik is, is nie monochromaties nie, en daarom verteenwoordig elke kleur 'n mengsel van liggolwe met die betrokke kleur as die belangrikste komponent.

Gedurende April (somer) is die indringing van violet en blou lig omtrent een derde van dié van die totale ligindringing. Die verskil in die diepte van indringing van violet,

**Figuur 13:**


**Indringing van verskillende liggolflengtes in cm oor 24 uur by verskillende datums vir versamelpunt 1.**

13.1 1971/04/23

13.2 1971/07/14-15

13.3 1971/09/26


13.4 1972/04/01



□ Totale lig  
 ▨ Violet en Blou lig  
 ▩ Green lig  
 □ Rooi lig

Gemiddeld


215	=	17,92
17		
66,5	=	5,54
12		
98,5	=	8,21
12		
223	=	18,58
17		



□ Totale lig  
 ▨ Violet en Blou lig  
 ▩ Green lig  
 □ Rooi lig

Gemiddeld


295	=	29,5
10		
18	=	8,1
10		
35,5	=	13,55
10		
270,5	=	27,05
10		



□ Totale lig  
 ▨ Violet-en Blou lig  
 ▩ Groen lig  
 ▤ Rooi lig

Gemiddeld

198	=	16,5
$\frac{192}{12}$	=	16,0
62,5	=	5,21
$\frac{192}{12}$	=	16,0
92	=	7,67
195	=	16,25
$\frac{192}{12}$	=	16,0



□ Totale lig  
 ▨ Violet-en Blou lig  
 ▩ Groen lig  
 ▤ Rooi lig

Gemiddeld

224	=	20,36
$\frac{192}{12}$	=	16,0
108	=	9,82
$\frac{192}{12}$	=	16,0
118	=	10,73
$\frac{192}{12}$	=	16,0
239	=	21,73
$\frac{192}{12}$	=	16,0

blou en groen lig is kleiner in September (lente) as in Julie (winter).

Die periode waartydens lig die water gedurende die dag in die lente (September) binnedringing is effens langer as gedurende die winter (Julie). Die totale ligindringing vermindert egter drasties vanaf ongeveer 15h00 gedurende die winter (Julie).

**Tabel 4: Gemiddelde dieptes van indringing van verskillende ligkleure vir winter- en lenteperiodes.**

Kleur lig	Winter (Julie) in cm	Lente (September) in cm
Totale lig	18,92	22,12
Violet en Blou	5,54	7,71
Groen lig	8,21	10,65
Rooi lig	18,58	21,68

Gedurende die lente het alle liggolwe die water dieper binnedringing as gedurende die winter.

**Tabel 5: Gemiddelde dieptes van indringing van verskillende ligkleure vir die verskillende opnamedatums.**

Datum	Kleur lig	Diepte in cm
1971.04.23	Totale lig	29,5
	Violet en Blou	8,1
	Groen	13,55
	Rooi	27,05
1971.07.14	Totale lig	17,92
	Violet en Blou	5,54
	Groen	8,21
	Rooi	17,58
1971.09.26	Totale lig	20,36
	Violet en Blou	9,82
	Groen	10,73
	Rooi	20,03
1972.04.01	Totale lig	16,5
	Violet en Blou	5,21
	Groen	7,67
	Rooi	16,25



Uit die resultate vervat in tabel 5 blyk dit duidelik dat oorwegend rooi liggolwe die water van Chrissiesmeer die diepste binnedring, terwyl oorwegend groen liggolwe die water die vlakste binnedring. Dit is algemeen bekend dat rooi lig water met 'n hoë konsentrasie korrelmateriaal die diepste binnedring (Hutchinson 1957; Reid & Wood, 1976).

Lig speel 'n belangrike rol by die waterhabitat. In die littoraalsone waar die algsoorte versamel is vind ligindringing tot op die bodem plaas.

Die diepste wat lig die water binnedring hang van opgeloste stowwe, lewelose gesuspendeerde materiaal, organismes, lengtegraad, seisoene, die invalshoek en intensiteit van lig wat op die water val af.

Volgens Figuur 13.1 tot 13.4 neem die diepte van ligindringing toe vanaf sonsopkoms, terwyl dit weer teen die middag afneem. Sodra wolke voor die son inskuif tree daar onmiddellik 'n verandering in ligintensiteit en -samestelling in soos in Figuur 13.1 en 13.2 weerspieël word.

Fotosintetiese aktiwiteit sal dus in Chrissiesmeer net tot die oppervlakwater beperk wees, aangesien gesuspendeerde deeltjies ligindringing beperk.

In die littoraalsone in die oewerwater (1c) waar die algmonsters versamel is was ligindringing klaarblyklik tot op 'n diepte van 50 mm gunstig vir fotosintese. Totale lig het altyd die diepste ingedring, violet en blou lig was altyd die minste beskikbaar vir organismes wat dieper as 50 mm voorgekom het. Rooi lig was dus in die littoraalsone waarskynlik van oorwegende belang vir alggroei. (Tabel 4).

#### 4.2.2 Chemiese faktore:

Sekere chemiese eienskappe (geleiding,  $O_2$ , pH) is tydens die 24-uur opnames by die meer self bepaal. Die ander chemiese ontledings, waarvan die gegewens in Tabel 6 saamgevat is, is van watermonsters van die Chrissiesmeerwaterkompleks wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde ontleed is.

Aangesien algmonsters in die littoraalsone (1c) versamel is, sal die gegewens van die oewerwater in meer besonderhede bespreek word.

Figuur 14:

Geleiding in S oor 24-uur by verskillende datums vir versamelpunt 1.

14.1 1970/09/19-20




14.2 1970/09/24-25




14.3 1971/01/05-06

14.4 1971/04/23-24

14.5 1971/07/14-15

14.6 1971/09/25-26





#### 4.2.2.1 Geleiding:

Figuur 14 illustreer dat geleiding in die winter laer as in die somer is en dat daar kleiner verskille tussen die minimum- en maksimumwaardes voorkom. In die somer vind 'n duidelike toename gedurende die oggend plaas waarna die geleiding weer afneem gedurende die nag. Daar is 'n duidelike verskil tussen die geleiding by die bodem (1a) en oppervlakwater (1b) wat op 'n vorm van chemiese gelaagdheid in die meer dui.

In die oewergebied (1c) vind daar 'n groter skommeling in geleiding oor 24-uur plaas. Die maksimum geleidingsvermoë word gewoonlik na 12h00 bereik.

Volgens Steyn (1973) is geleiding normaalweg direk eweredig aan die totale hoeveelheid opgeloste stowwe, dit wil sê dit is 'n maatstaf van die totale hoeveelheid geloniseerde materiaal in die water.

In die vlakwater aan die oewer (1c) vind heelwat fisiologiese en chemiese reaksies plaas en is die water meer aan temperatuurskommelinge as by die ander punte onderhewig. Laasgenoemde verskynsel lei tot 'n groter wisselwerking tussen die water en die bodem.

Die tipes, konsentrasies en verhoudings van opgeloste stowwe tot mekaar in die water bepaal die tipes en konsentrasie van organismes wat in die waterhabitat teenwoordig is. Die bodemsedimente van die meer kan 'n belangrike rol by die konsentrasie en tipe ione in die water speel. Verhoging van die pH (kyk Figuur 14.1 en 14.3) lei byvoorbeeld tot die uitsakking van onder andere karbonaat- en fosfaatverbindinge (Hutchinson, 1957) wat 'n verlaging in die geleidingsvermoë van die water tot gevolg kan hê. By 'n verlaging van die pH (kyk Figuur 14.4 en 14.6) kan die teenoorgestelde gebeur.

Geleiding van die bodemwater (1a) was soms hoër as dié van die oppervlakwater (1b). 'n Moontlike verklaring hiervan mag wees dat oplosbare stowwe uit die sedimente in oplossing kom.

#### 4.2.2.2 Suurstofkonsentrasie en persentasie versadiging:

Volgens Figuur 15 was die suurstofkonsentrasie van die bodem- (1a), oppervlak- (1b) en oewerwater (1c) hoër gedurende die dag as gedurende die nag. In die oewerwater (1c), waarin die algsoorte wat bestudeer is voorgekom het, is die suurstofkonsentrasie hoog gedurende die dag (kyk Figuur 15.3). As gevolg van die suurstofkonsentrasie kan duidelik tussen die herfs-, winter- (Mei tot Augustus) lente- en somerperiodes (September tot April) onderskei word.

Figuur 15:

Suurkonsentrasie in mg/l oor 24-uur by verskillende datums vir versamelpunt 1.

15.1 1970/09/19-20




15.2 1970/09/24-25


15.3 1971/01/05-06

15.4 1971/04/23-24


15.5 1971/07/14-15

15.6 1971/09/25-26






Figuur 15.4



Figuur 15.5



Figuur 15.6



Gedurende die somermaande is die suurstofkonsentrasie hoër as gedurende wintermaande (kyk Figuur 15.3 en 15.5).

In die oewerwater (1c) is daar 'n groter wisseling in suurstofkonsentrasie van uur tot uur (kyk Figuur 15.1, 15.4 en 15.5). In die oppervlakwater (1b) is die suurstofkonsentrasie dikwels vir twee tot drie uur betreklik konstant (kyk Figuur 15.2, 15.5 en 15.6).

Gedurende die winter stem die suurstofkonsentrasie van die bodem- (1a), oppervlak- (1b) en oewerwater (1c) meer ooreen as gedurende die somer.

Periodes wanneer die suurstofkonsentrasie van die bodem- (1a) en oppervlakwater (1b) dieselfde was, dui moontlik op 'n vermenging van die water onder die invloed van wind (kyk Figuur 9).

Die hoë suurstofkonsentrasie gedurende die dag in die oewerwater (1c) waar onder andere algsorte groei dui op hoë produktiwiteit. 'n Verhoging van die pH van water gedurende die dag is normaalweg die gevolg van fotosintetiese  $\text{CO}_2$ -opname, sodat hoë pH-toestande (net soos hoë  $\text{O}_2$ -konsentrasies) op hoë primêre produktiwiteit dui. Die feit dat die pH van die oewerwater van Chrissiesmeer nie saam met die  $\text{O}_2$ -konsentrasie gedurende die dag toeneem nie, dui daarop dat Chrissiesmeerwater goed gebuffer is.

Die persentasie suurstofversadiging gedurende die somer is hoër as gedurende die winter (kyk Figuur 16.1 tot 16.6). In die winter stem die persentasie suurstofversadiging van die bodem- (1a), oppervlak- (1b) en oewerwater (1c) ooreen, terwyl daar in die somer 'n duidelike verskil tussen die bodem- (1a) en oppervlakwater (1b) aan die een kant en die oewerwater (1c) aan die anderkant voorkom.

In die oewerwater (1c) is die persentasie suurstofversadiging hoog in die dag gedurende die laat somer, naamlik Januarie tot April (Figuur 16.3 en 16.4).

Die effense verskil tussen veral die persentasie suurstofversadiging gedurende die dag soos in Figuur 16.6 geïllustreer, dui daarop dat geen definitiewe  $\text{O}_2$ -gelaagdheid aangetref word nie.

Van uur tot uur verander die persentasie suurstofversadiging van die oewerwater (1c) (Figuur 16.2) terwyl dié van die bodem- (1a) en oppervlakwater (1b) minder veranderlik is.

Suurstof is uit 'n algemeen - biologiese oogpunt 'n belangrike opgeloste gas in water, veral waar dit as reguleerder van die metaboliese prosesse van gemeenskappe en organismes optree. Die persentasie  $O_2$ -versadiging verteenwoordig dus 'n belangrike aanwyser van die algemene biologiese toestand in die water (Hutchinson, 1957).

Afhangend van omstandighede verteenwoordig die atmosfeer 'n belangrike verskaffer van suurstof aan die water. Die konsentrasie van suurstof in die atmosfeer is ongeveer 25 keer groter as dié in varswater. Volgens die  $O_2$ -gegewens (Figuur 16) blyk dit egter dat die fotosintetiese produksie van  $O_2$  die belangrikste bron vir die water aan die oewer (1c) uitmaak (vgl. Reid & Wood 1976). Die hoë suurstofkonsentrasie en persentasie versadiging by die oewer dui daarop dat fotosintese die belangrikste suurstofbron uitmaak.

Wind veroorsaak golfwerking wat watervermenging bevorder wat ook deur die  $O_2$ -gegewens weerspieël word (Figuur 9).

#### 4.2.2.3 pH:

Volgens Figuur 17 was die pH in 1970 hoër as in 1971 by versamelpunt 1. Gedurende die laat somer (April) is die pH laer as gedurende die winter.

Gedurende die somer is die pH van die oewerwater (1c) waar die algsoorte wat bestudeer is gegroei het gedurende die dag effens hoër. (Figuur 17.1, 17.3 en 17.4).

Volgens Figuur 17.2, 17.3, 17.5 en 17.6 stem die pH van die bodem- (1a) en oppervlaktwater (1b) ooreen.

Die laagste pH, naamlik 8,0, (Figuur 17.6) is om 10h00 op 1971/09/25 by die bodem- (1a), oppervlakt- (1b) sowel as oewerwater (1c) aangetref.

Die hoogste pH, naamlik 9,1, (Figuur 17.2) wat terselfdertyd by die bodem- (1a), oppervlakt- (1b) en oewerwater (1c) aangetref is, is om 06h20 op 1970/09/25 aangeteken.

Die hoogste pH, naamlik 9,4 is by 'n enkele punt in die oewerwater (1c) in die oggend (Figuur 17.3) gemeet.

Die pH van die water hou verband met die vorm waarin  $CO_2$ - koolstof in die water teen-

**Figuur 16:**

**Persentasie O<sub>2</sub> versadiging oor 24-uur by verskillende datums vir versamelpunt 1.**

16.1 1970/09/19-20




16.2 1970/09/24-25


16.3 1971/01/05-06

16.4 1971/04/23-24


16.5 1971/07/15-15

16.6 1971/09/25-26






Figuur 16.4



Figuur 16.5



Figuur 16.6

**Figuur 17:**

**pH oor 24-uur by verskillende datums vir versamelpunt 1.**

17.1 1970/09/19-20




17.2 1970/09/24-25




17.3 1971/01/05-06

17.4 1971/04/23-24

17.5 1971/07/14-15

17.6 1971/09/25-26







woordig is (naamlik vrye  $\text{CO}_2$  in die suur bereik,  $\text{HCO}_3^-$  in die neutrale bereik en  $\text{CO}_3^{2-}$  in die alkaliese bereik). Op grond van die resultate in Figuur 17 vervat is dit duidelik dat die pH van Chrissiesmeer weinig van uur tot uur gewissel het wat daarop dui dat die water van Chrissiesmeer goed gebuffer is. Wanneer die hoë  $\text{O}_2$ -konsentrasies (Figuur 15) gedurende die dag in die oewerwater oorweeg word, sou inderdaad verwag word dat die opname van  $\text{CO}_2$  deur fotosintese die pH verhoog. Hoë alkaliniteitswaardes (kyk Tabel 6 asook Figuur 17.2 en 17.3) bevestig die afleiding dat die water goed deur die karbonaat-bikarbonaatbufferstelsel gebuffer word.

**Tabel 6: Gemiddelde waardes van sekere chemiese eienskappe van die Chrissiesmeerwaterkompleks vir die periode 1970/09/19 tot 1971/09/25.**

Monsterpunt	Meerwater	Noordwestelike Inloop	Westelike Inloop	Noordelike Inloop	Noordelike Vlei	Fontein
Opgeloste vaste stowwe by 105°C in mg/l	2208	130	75	59	151	54
Gesuspendeerde vaste stowwe by 105°C in mg/l	201	5	12	7	2113	11
Totale hardheid as CaCO <sub>3</sub> in mg/l	28	42	5	22	25	12
Totale alkaliniteit as CaCO <sub>3</sub> in mg/l	491	50	18	26	40	22
Chloried as Cl in mg/l	824	13	6	11	20	13
Sulfaat as SO <sub>4</sub> in mg/l	143	12	1	11	3	4
Natrium as Na in mg/l	755	10	6	8	16	10
Kalium as K in mg/l	35	2	1	3	5	2
Yster as Fe in mg/l	6,5	1,9	1,7	1,5	6,8	0,36
Mangaan as Mn in mg/l	0,05	0	0	0	0	0
Totale fosfaat as PO <sub>4</sub> in mg/l	9,1	0,3	0,1	0,28	0,94	2,2
Orto-fosfaat as PO <sub>4</sub> in mg/l	8,0	0,08	0,04	0,15	0,49	2,08
Vry soutagtige ammonia as N in mg/l	0,53	0,6	0,6	0,23	2,58	0,34
Nitraat plus nitriet as N in mg/l	0,86	0,302	0,4	0,13	0,38	0,26

#### 4.2.2.4 Ander chemiese faktore:

Die gemiddelde konsentrasie opgeloste stowwe in brakwater is deurgaans hoër as in vars-water behalwe in die geval van gesuspenseerde vaste stowwe, yster en totale fosfaat (kyk Tabel 6).

By die varswatermonsters is die gemiddelde konsentrasie opgeloste stowwe in die noordelike vleimonsters weer feitlik deurgaans hoër as by die ander, behalwe in die geval van totale hardheid, totale alkaliniteit en sulfaat (kyk Tabel 6).

Volgens Tabel 6 kom die grootste konsentrasie opgeloste vaste stowwe in die meerwater voor, naamlik 2208, terwyl die kleinste konsentrasie, naamlik 54, in die fonteinwater aangetref is.

Die grootste konsentrasie gesuspenseerde vaste stowwe kom in die noordelike vlei voor, terwyl die laagste, naamlik, 5 in die noordwestelike inloop aangetref is (Tabel 6).

Die hoogste totale hardheid (as  $\text{CaCO}_3$  in mg/l), naamlik 42, is in die noordwestelike inloop aangetref terwyl die laagste, naamlik 5, in die westelike inloop aangetref is (Tabel 6). Die totale hardheid van die meerwater, die noordelike inloop en noordelike vlei stem baie met mekaar ooreen (Tabel 6).

Die totale alkaliniteit (as  $\text{CaCO}_3$  in mg/l) is hoog in meerwater, naamlik 491, teenoor 18 tot 50 in die inlope (Tabel 6).

Volgens die gegewens in Tabel 7 vervat blyk dit duidelik dat chloried die belangrikste anioon van die Chrissiesmeerwaterkompleks uitmaak, en kan dié waters as chloriedwater geklassifiseer word (Hutchinson, 1957). Die water van die noordelike inloop is uitsonderlik in die sin dat sulfaat en chloried 'n ewe belangrike deel van die anioonsamstelling uitmaak.

Volgens gegewens in Tabel 8 vervat maak natrium die belangrikste kation van Chrissiesmeerwaterkompleks uit. Hierdie gegewens is in ooreenstemming met dié in Reid & Wood (1976) vervat waarvolgens natrium en chloried die belangrikste ione in brakwaters is. Dit is egter interessant om daarop te wys dat die verhoudings van die ione van die inloopwaters (vars) ten opsigte van mekaar groftliks dieselfde as dié van die meerwater (brak-

**Tabel 7: Gemiddelde % anioonsamestelling by verskillende monsterpunte.**

Monsterpunt	Cl	SO <sub>4</sub>	PO <sub>4</sub>	NO <sub>2,3</sub> *	
Meerwater	84,34	14,64	0,93	0,09	Cl > SO <sub>4</sub> > PO <sub>4</sub> > NO <sub>2,3</sub> *
Noordwestelike inloop	50,77	46,88	1,17	1,18	Cl > SO <sub>4</sub> > NO <sub>2,3</sub> > PO <sub>4</sub>
Westelike inloop	80,01	13,33	1,33	5,33	Cl > SO <sub>4</sub> > NO <sub>2,3</sub> > PO <sub>4</sub>
Noordelike inloop	49,09	49,09	1,24	0,58	Cl = SO <sub>4</sub> > PO <sub>4</sub> > NO <sub>2,3</sub> *
Noordelike vlei	82,24	12,34	3,87	1,55	Cl > SO <sub>4</sub> > PO <sub>4</sub> > NO <sub>2,3</sub> *
Fontein	66,8	20,55	11,31	1,34	Cl > SO <sub>4</sub> > PO <sub>4</sub> > NO <sub>2,3</sub> *

\* NO<sub>3</sub> + NO<sub>2</sub>

water) is; 'n feit wat die gebruik van die term "Chrissiesmeerwaterkompleks" regverdig.

Die algsorte in Tabel 18 aangegee. het slegs by punt 2 voorgekom. Hierdie punt het die grootste verskeidenheid algsorte van al die brakwatergemeenskappe bevat, naamlik 140.

### 6.2.2.3 Versamelpunt 3 ;

Die gemeenskap is deur bevolkings van die klasse Cyanophyceae, Chlorophyceae en Euglenophyceae verteenwoordig (Figuur 24).

Die intensiteit van teenwoordigheid van die klas Cyanophyceae het gedurende die somer en winter toegeneem, maar gedurende die lente afgeneem. Die intensiteit van teenwoordigheid van die klas Chlorophyceae het weer gedurende die lente en somer toegeneem en het meestal meer as 50% van die algbevolking beslaan. In die winter het die intensiteit van teenwoordigheid van die klas Chlorophyceae afgeneem sodat verteenwoordigers van die groep minder as 50% van die algbevolking uitmaak.

Die verteenwoordigers van die klas Euglenophyceae is met die uitsondering van Trachelomonas bulla wat ook in die winter teenwoordig was slegs gedurende die somer in die reënseisoen aangetref. Geen verteenwoordigers van die familie Desmidiaceae was in die alggemeenskap aanwesig nie (Aanhangsel).

Die gemeenskap het 87 soorte ingesluit. Die aantal bevolkings waaruit die alggemeenskap opgebou is het van vyf tot 32 van opname tot opname gewissel (Figuur 25). Die grootste verskeidenheid, naamlik 32 soorte, was gedurende die somer aanwesig (Figuur 25).


Die genus Stigeoclonium het die meeste soorte, naamlik 7 ingesluit (Aanhangsel).


Bentiese vorme het 'n belangrike komponent van die alggemeenskap uitgemaak soos byvoorbeeld die genusse Stigeoclonium en Oedogonium wat baie algemeen teenwoordig was (Aanhangsel).

Synechocystis pevalekii wat soms tot 68,5% van die bevolkingsamestelling uitgemaak het, het die alggemeenskap by die punt veral gedurende die somer en winter gedomineer (Figuur 26). Die intensiteit van teenwoordigheid van Synechocystis pevalekii is omgekeerd eweredig aan die temperatuur (Figuur 25).



% Teenwoordigheid van dominante spp





Figuur 26 : pH, watertemperatuur en % teenwoordigheid van *Synecocystis pevalekii* by versamelpunt 3

TABEL 19 : Algspecies wat slegs by versamelpunt 3 aangetref is.

*Andraena circinalis* var *crassa*  
*Aphanocapsa elachista* var *irregularis*  
*Chaetophora elegans*  
*Gloeocapsa nigrescens*

*Gloeothece maxima*  
*Lyngbya nordgardhii*  
*Spirulina laxissima* forma *major*  
*Trachelomonas nigra*



Die aantal bevolkings wat tegelykertyd in die gemeenskap teenwoordig is, is blykbaar afhanklik van die pH; 'n toename in die pH (8,05 tot 8,4) laat 'n vermindering in die aantal soorte (aght tot ses) plaasvind en omgekeerd (Figuur 25).

Uit Tabel 19 blyk dit dat agt spesies slegs by hierdie punt voorgekom het in teenstelling met 27 en 30 by punte 1 en 2 onderskeidelik. Verder was versamelpunt 3 se algemeenskap betreklik arm aan samestellende bevolkings en was varswater-soorte selde aanwesig.

#### 6.2.2.4 Versamelpunt 4:

Die algemeenskap word deur verteenwoordigers van die drie klasse Cyanophyceae, Chlorophyceae en Euglenophyceae verteenwoordig (Figuur 27).

Die intensiteit van teenwoordigheid van die klas Cyanophyceae verhoog gedurende die lente en somer maar teen die einde van die somer neem dit af (Figuur 27).

Verteenwoordigers van die klas Chlorophyceae maak meestal meer as 50% van die bevolkingsamestelling uit (Figuur 27).

'n Enkele verteenwoordiger van die klas Euglenophyceae, naamlik Trachelomonas hispida is in die somer gedurende die reënseisoen aangetref. Dit lyk dus asof reën 'n habitat vir die soort geskep het waarin dit kon groei (Aanhangsel).

Die algemeenskap is uit 66 verskillende bevolkings saamgestel. Die aantal bevolkings waaruit die gemeenskap opgebou is het van vier tot 48 van opname tot opname gewissel (Figuur 28). Die gemeenskap het in die lente die grootste verskeidenheid bevolkings ingesluit, naamlik 28 (Figuur 28). Die aantal samestellende bevolkings is omgekeerd eweredig aan die temperatuur en eweredig aan die pH (Figuur 28).

Bentiese groeivorme soos Stigeoclonium- en Oedogonium-soorte was baie prominent in die gemeenskap teenwoordig (Aanhangsel).

Die gemeenskap is meestal deur Synechocystis pevalekii wat soms tot 83,7% van die bevolkingsamestelling van die gemeenskap uitgemaak het gedomineer (Figuur 29).






Figure 27. % Sampling units assigned to Cryptophyce, Euglenophyce and Chlorophyce.





Figuur 29: pH, watertemperatuur en % teenwoordigheid van *Synechocystis pevalekii* by versamelingspunt 4

Synechocystis pevalekii is gedurende die lente en somer baie algemeen teenwoordig en is goed met die reënseisoen gekorreleer. In die winter as dit droër word, verminder die intensiteit van teenwoordigheid van Synechocystis pevalekii (Figuur 29).

Die intensiteit van teenwoordigheid van Synechocystis pevalekii hou verband met die temperatuur (Figuur 29).

Net twee algsoorte is slegs by dié punt aangetref naamlik Ankistrodesmus fractus en Phytelios loricata.

Die alggemeenskap by die punt is uit 'n klein aantal bevolkings saamgestel, naamlik 66 (Aanhangsel).

#### 6.2.2.5 Versamelpunt 6 :

Die gemeenskap is deur verteenwoordigers van die drie klasse Cyanophyceae, Chlorophyceae en Euglenophyceae verteenwoordig (Figuur 30). Daar is in die lente 'n vermeerdering in die verteenwoordigers van die klas Cyanophyceae waargeneem. Die belangrikheid van die groep neem in die winter af en die groep verdwyn uiteindelik feitlik heeltemal (Figuur 30).

Die alggemeenskap word in die somer feitlik in die geheel deur verteenwoordigers van die klas Chlorophyceae oorheers wanneer dit selfs tot 70% van die bevolking-samestelling uitmaak. (Figuur 30).

Verteenwoordigers van die klas Euglenophyceae en die familie Desmidiaceae is net gedurende die reënseisoen in die somer aangetref; klaarblyklik het reënwater dan genoegsaam daar ingespoel om die water te vervars (Aanhangsel).

Die alggemeenskap by dié versamelpunt is deur 73 bevolkings verteenwoordig. (Aanhangsel). Die aantal bevolkings het van drie tot 33 per opname gewissel (Figuur 31). Die aantal soorte in die somer was meer as die wat in die winter aangetref is, naamlik 33 teenoor 10 (Figuur 31).

R 347






Figure 20 : % (containing) soil of approximately 1000m depth 6





1969 1970  
MAAND  
Figur 32: pH, watertemperatuur en % teenwoordigheid van *Oedogonium intermedium* by versamelpunt 6



Die aantal soorte waaruit die alggemeenskap opgebou is, het van opname tot opname gewissel, maar vertoon verband met die temperatuur. Wanneer die temperatuur byvoorbeeld van 28°C na 26°C afneem, neem die aantal soorte teenwoordig van 21 tot 10 af, of as die temperatuur van 9°C tot 11,5°C toeneem, vermeerder die aantal soorte van 10 tot 19 (Figuur 31). Die aantal samestellende bevolkings neig om omgekeerd eweredig aan veranderinge in die pH te wees. Sodra die pH byvoorbeeld van 8,6 tot 8,8 verhoog of van 8,6 tot 8,55 verlaag, dan verlaag die aantal soorte van 18 tot 15 of vermeerder die aantal soorte van 10 tot 19 respektiewelik (Figuur 31).

Die alggemeenskap by die punt is deur filamentvorme gekenmerk en is meestal in die somer deur die algsoort Oedogonium intermedium gedomineer. Oedogonium intermedium was slegs in die periode net voor die reënseisoen afwesig (Figuur 32)

Die genus Oscillatoria het die grootste hoeveelheid soorte, naamlik nege, in die gemeenskap bevat (Aanhangsel). Net twee spesies, naamlik Euastrum cuneatum var. robustum en Trachelomonas planctonica var. flexicollis is slegs by die versamelpunt aangetref.

#### 6.2.2.6 Versamelpunt 8 :

Die alggemeenskap word deur verteenwoordigers van die klasse Cyanophyceae, Chlorophyceae en Euglenophyceae verteenwoordig (Figuur 33).

Verteenwoordigers van die klas Cyanophyceae is in die somer en winter aanwesig terwyl verteenwoordigers van die klas Chlorophyceae in die lente, somer, herfs en winter aangetref is. Die verteenwoordigers van die klas Euglenophyceae was slegs sporadies in die lente en somer aanwesig en wel net gedurende die reënseisoen. Reënwater ververs die punt blykbaar genoegsaam sodat die varswaterverteenwoordigers daar kan begin groei.

Verteenwoordigers van die familie Desmidiaceae was glad nie teenwoordig nie (Aanhangsel).

Die alggemeenskap is uit 90 verskillende bevolkings saamgestel. Die aantal bevolkings waaruit die gemeenskap tegelykertyd opgebou is het van agt tot 29 van






Figure 25: The distribution of precipitation by month.





Figuur 35: pH, watertemperatuur en % teenwoordigheid van *Stigeoclonium lubricum* by versamelpunt 8

TABEL 20 : Algspecies wat slegs by versamelpunt 8 aangetref is.

<i>Chlamydomonas nivalis</i>	<i>Trachelomonas globularis var punctata</i>
<i>Chlorogonium euchlorum</i>	T. lucidula
<i>Chroococcus dispersus</i>	T. skvortzowiana
<i>Gonatozygon monotaenium var foersteri</i>	

tot opname gewissel (Figuur 34).

Die grootste aantal bevolkings, naamlik 29 is gedurende die somer. aangetref (Figuur 34). Die aantal samestellende soorte het min of meer eweredig met die pH gewissel (Figuur 34).

Die genus Oscillatoria het die grootste verskeidenheid soorte naamlik 18, in die alggemeenskap bevat (Aanhangsel).

Die gemeenskap is feitlik deurgaans deur Stigeoclonium lubricum gedomineer wat byvoorbeeld tot 85% van die bevolkingsamestelling uitgemaak het (Figuur 35). Stigeoclonium lubricum was beter in die winter as in die somer verteenwoordig. Die teenwoordigheid aan Stigeoclonium lubricum was klaarblyklik onafhanklik van die pH en temperatuur (Figuur 35).

Tabel 20: bevat sewe soorte wat slegs by punt 8 aangetref is.

#### 6.2.2.7 Versamelpunt 9 :

Die alggemeenskap word deur verteenwoordigers van die klasse Cyanophyceae en Chlorophyceae verteenwoordig (Figuur 36).

Verteenwoordigers van die klas Cyanophyceae is meestal in die somer teenwoordig terwyl verteenwoordigers van die klas Chlorophyceae veral aan die begin van die somer asook in die winter in die gemeenskap aanwesig is.

Die familie Desmidiaceae is slegs deur Cosmarium trilobulatum verteenwoordig, wat net gedurende die reënseisoen aangetref is. Die afleiding kan dus gemaak word dat toestande vir die groei van verteenwoordigers van die familie by die punt ongunstig was.

Die alggemeenskap is uit 46 soorte (bevolkings) saamgestel. Die aantal bevolkings waaruit die gemeenskap opgebou is het van drie tot 14 van opname tot opname gewissel (Figuur 37).






Figure 20: % Semiarid zone of grassland by vegetation type



Figuur 37: pH, watertemperatuur, % teenwoordigheid van dominante spesies en totale aantal spesies by venamelpunt 9





Figuur 38: pH, watertemperatuur en % teenwoordigheid van *Stigeoclonium aestivale* by versamelpunt 9.

Die aantal soorte teenwoordig was omgekeerd eweredig aan veranderings van die pH, maar direk eweredig aan veranderings in die temperatuur (Figuur 37).

Die genusse Oedogonium (7) en Oscillatoria (6) het die meeste soorte in die alggemeenskap bevat (Aanhangsel). Die gemeenskap is deur filamentvorme wat vasgeheg of vrydrywend kan wees gekenmerk en is meestal deur Stigeoclonium aestivale gedomineer wat tot 67% van die samestelling in die gemeenskap uitgemaak het. Stigeoclonium aestivale het meemale in diesomer voorgekom (Figuur 38).

Daar is geen algsoort wat slegs by hierdie versamelpunt aangetref is nie.

#### 6.2.2.8 Versamelpunt 11 :

Die alggemeenskap is deur verteenwoordigers van die klasse Cyanophyceae, Chlorophyceae en Euglenophyceae verteenwoordig (Figuur 39).

Verteenwoordigers van die klas Cyanophyceae was volop teen die einde van die somer terwyl verteenwoordigers van die klas Chlorophyceae in die begin en teen die einde van die somer baie algemeen teenwoordig was. Verteenwoordigers van die klas Euglenophyceae is goed in die somer gedurende die reënseisoen verteenwoordig. Verteenwoordigers van die familie Desmidiaceae was ook net gedurende die reënseisoen aanwesig (Figuur 39).

Die alggemeenskap is uit 92 verskillende bevolkings saamgestel. Die aantal bevolkings waaruit die gemeenskap opgebou is het van sewe tot 29 van opname tot opname gewissel (Figuur 40).

Daar is 'n groot verskeidenheid soorte in die somer en aan die begin van die winter waargeneem, maar teen die einde van die winter het die aantal soorte aansienlik verminder. Die aantal soorte korreleer in 'n mate met die pH en selfs met die temperatuur (Figuur 40).

Die genus Oscillatoria het die grootste verskeidenheid soorte, naamlik 11 in die gemeenskap bevat (Aanhangsel).






Figure 29 : % Responding by gender and age group by respondent 11



Figuur 40: pH, watertemperatuur, %teenwoordigheid van dominante spesies en totale cantal spesies by versamelingspunt 11



1969 1970 1971  
Figuur 41: pH, watertemperatuur en % teenwoordigheid van *Stigeoclonium lubricum* by versamelpunt 11.

TABEL 21 : Algspecies wat slegs by versamelpunt 11 aangetref is.

*Anabaena anomala*  
*Asterococcus limneticus*  
*Chlamydomonas subcaudata*

*Gloeocactinium limneticum*  
*Spirulina tenuissima*  
*Trachelomonas granulata*

TABEL 22 : Algspecies wat slegs by versamelpunt 13 aangetref is.

*Marsoniella elegans*  
*Rhabdoderma lineare*

*Rhabdoderma lineare* var *spirale*  
*Trachelomonas scabra*

Die alggemeenskap is meestal deur Stigeoclonium lubricum gedomineer wat veral gedurende die somer goed verteenwoordig was en tot 83% van die algbevolkingsamestelling uitgemaak het (Figuur 41). Die teenwoordigheid van Stigeoclonium lubricum het teen die einde van die somer tot in die begin van die winter aansienlik afgeneem (Aanhangsel).

Tabel 21: bevat ses soorte wat slegs by dié versamelpunt aanwesig was.

#### 6.2.2.9 Versamelpunt 13:


Die alggemeenskap is deur verteenwoordigers van die drie klasse Cyanophyceae, Chlorophyceae en Euglenophyceae verteenwoordig (Figuur 42).

Verteenwoordigers van die Cyanophyceae het teen die einde van die somer algemeen voorgekom. Verteenwoordigers van die Chlorophyceae was weer volop aan die begin van die somer en het feitlik deurgaans 50% van die samestelling in die alggemeenskap uitgemaak. Verteenwoordigers van die klas Euglenophyceae is slegs in die lente en teen die einde van die somer in die reënseisoen aangetref (Aanhangsel). Die afleiding kan dus hier gemaak word dat die reënwater 'n verversing van die brakwater tot gevolg gehad het wat varswateralgsorte die geleentheid gebied het om hier te kan groei.


Die alggemeenskap is uit 73 verskillende bevolkings saamgestel (Aanhangsel). Die aantal bevolkings waaruit die gemeenskap opgebou is, het van vier tot 32 van opname tot opname gewissel (Figuur 43). Die aantal soorte toon in 'n mate 'n verwantskap met die pH (Figuur 43). Die aantal soorte wat gedurende die somer aangetref is was meer as dié wat gedurende die herfs teenwoordig was (Figuur 43).

Die genus Oscillatoria het die grootste verskeidenheid soorte naamlik sewe in die alggemeenskap bevat (Aanhangsel).

Die gemeenskap is deur filamentvorme gekenmerk en is meestal deur Stigeoclonium lubricum gedomineer wat tot 75% van die bevolkingsamestelling uitgemaak het (Figuur 44). Stigeoclonium lubricum was gedurende die winter en aan die begin van die somer goed verteenwoordig die intensiteit het egter teen die einde van die somer verminder.







Figuur 43. pH, watertemperatuur, % teenwoordigheid van dominante en totale acarial spesies by versamelpunt 13



Tabel 22: bevat vier algsorte wat slegs by versamelpunt 13 aangetref is.

#### 6.2.2.10 Versamelpunt 14 :

Die alggemeenskap is deur verteenwoordigers van die drie klasse Cyanophyceae Chlorophyceae en Euglenophyceae verteenwoordig (Figuur 45).

Die klas Cyanophyceae was meestal gedurende die somer en aan die begin van die winter goed verteenwoordig terwyl Chlorophyceae-soorte in die winter goed verteenwoordig was. Die klas Euglenophyceae was gedurende die einde van die reënseisoen in die laatsomer goed verteenwoordig. Geen verteenwoordigers van die familie Desmidiaceae is aangetref nie (Aanhangsel).

Die gemeenskap is uit 89 verskillende bevolkings saamgestel. Die aantal bevolkings waaruit die gemeenskap opgebou is het van sewe tot 29 van opname tot opname gewissel (Figuur 46). Die meeste samestellende soorte, naamlik 29, is gedurende die lente teen die einde van die somer en winter aangetref.

Die aantal soorte het skynbaar verband met die pH en ook in 'n mate met die temperatuur (Figuur 46). Gedurende Februarie en Junie wanneer die pH tot 8 en 8,4 verhoog, vermeerder die aantal soorte tot 29 en 25 onderskeidelik. Gedurende Desember 1971 verminder die pH van 8,7 tot 8,5 en die aantal soorte van 18 tot 15. Met 'n toename in die Temperatuur gedurende die somer van 21,5°C tot 25°C vermeerder die aantal soorte van 10 tot 18 (Figuur 46).

Die genus Lyngbya het die grootste verskeidenheid soorte, naamlik agt bevat (Aanhangsel).

Die alggemeenskap is veral deur filamentvorme gekenmerk en is meestal deur Stigeoclonium lubricum gedomineer wat byvoorbeeld 84% van die bevolking-samestelling uitgemaak het (Figuur 47). S. lubricum was beter aan die begin van die winter as aan die begin van die somer verteenwoordig alhoewel dit swak in die winter self verteenwoordig was. In die somer was die intensiteit van teenwoordigheid van S. lubricum in 'n mate omgekeerd eweredig aan die temperatuur (Figuur 47).

R 369






Figure 45: % General degree students by year of entry 1970-1977

Source: R 369



Figuur 46: pH, watertemperatuur, % teenwoordigheid van dominante spesies en totale aantal spesies by versamelpunt 14



Figuur 47: pH, watertemperatuur en % teenwoordigheid van *Stigeoclonium lubricum* by versamelpunt 14

TABEL 23 : Algespesies wat slegs by versamelpunt 14 aangetref is.

*Chlamydomonas microscopica*  
*Chodatella droescheri*  
*Nostoc linckia*

*Phacus ankylonoton*  
*P. clavatus*  
*Plectonema nostocorum*

Tabel 23; bevat ses algoorte wat slegs by versamelpunt 14 aangetref is.

### 6.2.3 Algemene bespreking van die brakwatergemeenskappe :

Verteenwoordigers van die klasse Cyanophyceae, Chlorophyceae, Euglenophyceae, Pyrrophyceae en Chrysophyceae was in die brakwatergemeenskappe by die brakwaterversamelpunte teenwoordig.

Die verteenwoordigers van die klas Cyanophyceae was by al die brakwaterversamelpunte aanwesig. Die verteenwoordigers was in die somer aan die noordelike oewer, in die lente en slegs aan die begin van die somer aan die westelike oewer en teen die einde van die somer aan die oostelike oewer van die meer goed verteenwoordig. Die verteenwoordigers van die klas Cyanophyceae was dus in die somer, gedurende die reënseisoen goed verteenwoordig, en die intensiteit van verteenwoordiging neem gedurende die reënseisoen toe (Aanhangsel).

Die verteenwoordigers van die klas Chlorophyceae was ook by al die brakwaterversamelpunte aanwesig maar was nie net tot die somer beperk nie. Die verteenwoordigers was in die lente aan die noordelike- en westelike-, in die somer aan die noordelike-, suidelike- en oostelike- en in die winter aan die noord-noord-oostelike oewer van die meer goed verteenwoordig. Alhoewel reën die verteenwoordigers blykbaar gestimuleer het, het wintertoestande die groei nie te veel gestrem nie, sodat die intensiteit van teenwoordigheid deurgaans hoog was.

Die verteenwoordigers van die klas Euglenophyceae was met die uitsondering van versamelpunt 9 aan die suidelike oewer van die meer by al die brakwaterversamelpunte teenwoordig. Die verteenwoordigers was gedurende die somer aan die noordelike-, die westelike- en suidwestelike oewer van die meer, in die lente aan die oostelike oewer van die meer en teen die laat somer aan die noord - noordoostelike oewer van die meer goed verteenwoordig. Die teenwoordigheid van die soorte was blykbaar aan die somer en wel aan die reënseisoen, gebonde (Aanhangsel).

Die verteenwoordigers van die klasse Pyrrophyceae en Chrysophyceae was slegs by versamelpunt 1 aan die noordelike oewer gedurende die somer teenwoordig.



Die alggemeenskappe aan die suidelike oewer van die meer was armer aan soorte en het op die meeste uit 46 spesies bestaan terwyl die alggemeenskappe aan die noordelike oewer van die meer ryker aan soorte was en tot 140 spesies bevat het. Daar was dus 'n hoër intensiteit van verteenwoordiging van algsoorte aan die noordelike- as aan die suidelike oewer van die meer.

Die brakwater alggemeenskappe is deur 'n bentiese groeivorm, naamlik verteenwoordigers van die genus Stigeodonium, oorheers. Stigeoclonium tenue was aan die noordelike oewer teenwoordig tesame met die gesedimenteerde Synechocystis pevalekii wat ook die gemeenskap oorheers het. Stigeoclonium lubricum was veral aan die oostelike en westelike oewers van die meer verteenwoordig terwyl Stigeoclonium aestivale aan die suidelike oewer van die meer die dominante soort was.

Die littoraalsone van die brakwateromgewing word dus deur filamentvorme gekenmerk. Die watertemperatuur en pH oefen klaarblyklik 'n invloed op die bevolkingsamestelling uit. Die samestelling van die bevolking word deur abiotiese faktore beheer, maar die abiotiese faktore was nie volledig genoeg bestudeer om sinvoller afleidings moontlik te maak nie. Slegs dié pH en temperatuur is by elke versamelpunt gemeet.

Die brakwateralggemeenskap word deur verteenwoordigers van die klasse Chlorophyceae en Cyanophyceae oorheers; die verteenwoordigers van die ander klasse het gesamentlik ongeveer 7% van die gemeenskappe uitgemaak (Figuur 48).

Dit is interessant om daarop te let dat versamelpunte 1 en 2 onderskeidelik 27 en 30 algsoorte bevat het wat slegs tot daardie punte beperk was. Die ander brakwaterpunte te wete 3,4,6,8,9,11, 13 en 14 het heelwat minder soorte (0 tot 8) bevat wat slegs tot daardie punte beperk is. Daar kan geen opvallende rede vir hierdie verskynsel aangevoer word nie, behalwe dat die heersende omgewingstoestande by punte 1 en 2 in 'n groot mate van dié van die ander punte verskil het.

#### 6.2.4 Varswatergemeenskappe ;

Slegs twee van die veertien versamelpunte, naamlik 5 en 7 het suiwer varswatergemeenskappe verteenwoordig. Die water was helder.

Alhoewel die twee versamelpunte se algbevolkings baie ooreengestem het, het elkeen sy eie besondere kenmerke wat samestelling betref geopenbaar.

#### 6.2.4.1 Versamelpunt 5 :


Sestien opnames is in 'n stilstaande kuil 30 meter vanaf die meer in die noordwestelike inloop gemaak. Die alggemeenskap is deur verteenwoordigers van die klasse Cyanophyceae, Chlorophyceae, Euglenophyceae, Pyrrophyceae, Chrysophyceae en Xanthophyceae saamgestel (Figuur 49). Die verteenwoordigers van die ses klasse vertoon gedurende die lente en somer 'n gesamentlike vermeerdering, waartydens die intensiteit van verteenwoordiging toeneem en 'n vermindering in die winter, waartydens die intensiteit van verteenwoordiging weer afneem.

Verteenwoordigers van die klas Cyanophyceae was voortdurend aanwesig maar het nooit 50% van die algbevolkingsamestelling uitgemaak nie. In die lente asook teen die laat somer was die groep goed verteenwoordig (Aanhangsel).


Die klas Chlorophyceae was baie goed in die alggemeenskap verteenwoordig en het met die uitsondering van een geleentheid, naamlik op 1 Januarie 1971 altyd meer as 50% van die samestelling uitgemaak. Verteenwoordigers van dié klas vertoon 'n duidelike vermeerdering in die lente, somer en winter, alhoewel die relatiewe intensiteit van teenwoordigheid van die groep in die somer saam met 'n toename in prominentheid van die ander klasse afneem (Figuur 49).

Verteenwoordigers van die klas Euglenophyceae was in die winter en aan die begin van die somer voordat dit begin reën het, afwesig (Figuur 49). Die groep was af en toe in die herfs aanwesig, maar was in die winter heeltemal afwesig. In die somer tydens reëns was die groep selfs beter as lede van die Chlorophyceae in die alggemeenskap verteenwoordig (Aanhangsel).

Verteenwoordigers van die klas Chrysophyceae was slegs sporadies in die lente en somer in klein hoeveelhede in die alggemeenskap aanwesig. Xanthophyceae-verteenwoordigers was ook slegs sporadies in die lente en somer gedurende die reënseisoen in klein hoeveelhede aanwesig. In die winter het die groep in belangrikheid in die gemeenskap toegeneem (Aanhangsel).







Figuur 51: pH, watertemperatuur en % teenwoordigheid van Mougeotia / Debarva sp. by versamelpunt 5 MAANDE 1971

TABEL 24 : Algspecies wat slegs by versamelpunt 5 aangetref is.

Actinotaenium pseudamoenum	Cosmarium contractum var ellipsoideum
Aphanocapsa elachista var conferta	C. decedens var minutum
A. pulverea	C. depressum var achondrium
Astasia torta	C. depressum var reniforme
Botryococcus braunii	C. dichondrum var subhexagonum
B. protuberans var minor	C. einarteilingii
B. sudeticus	C. humile var donicum
Chlorella conglomerata	C. kivuense
C. simplex	C. melanosporum
Chlorella sp.	C. nitidulum
Chlorococcum botryoides var nidulans	C. ocellatum
Chroomonas nordstedtii	C. ocellatum var incrassatum
Chrysidiastrum catenatum	C. pericymatium
Closterium calosporum var maius	C. phaseolus var minus
C. dianae var pseudodianae	C. pseudonitidulum var rotundatum
C. dianae var stellenboschense	C. pseudopyramidatum var pseudopyramidatum
C. gracile var tenue	f. minus
C. intermedium	C. pseudoretusum var africanum
C. lineatum var africanum	C. rectangulare var cambrense
C. verius	C. rectangulare var hexagonum
Cosmarium abruptum	C. refringens
C. anax	C. repandum var minus
C. beanlandi	C. retusiforme var acutum
C. blythii var novae-sylvae	C. retusum var angustatum
C. boergesenii var polymorphum	C. sexnotatum

*Cosmarium subarctoum*  
 C. subcrenatum var *divaricatum*  
 C. subcucumis  
 C. subquadrans  
 C. supergranatum  
 C. tithoporum var *depressum*  
 C. tumidum var *minus*  
 C. variolatum  
 C. viride  
 C. wittrockii  
*Crucigenia apiculata*  
 Cr. tetrapedia  
*Cryptomonas erosa*  
*Cyanarcus hamiformis*  
*Desmidiium baleyi*  
 D. swartzii var *quadrangulatum*  
*Desmatriactum bipyramidatum*  
*Dinobryon cylindricum*  
*Euastrium abruptum* var *lagoënsis*  
 E. binale  
 E. binale var *hians*  
 E. binale var *sectum*  
 E. denticulatum var *quadrifarium*  
 E. divergens  
 E. trigibberum  
*Eudorina elegans*  
*Euglena spathirhyncha*  
 Eu. vagans  
*Glenodinium pulvisculus*  
*Gomphosphaeria aponina* var *limnetica*  
 G. lacustris  
*Gonatozygon aculeatum*

*Gongrosira schmidlei*  
*Gymnodinium bogoriense*  
*Hyalotheca indica*  
*Kirchneriella gracillima*  
*Lagerheimia wratislaviensis*  
*Lauterborniella elegantissima*  
*Lyngbya bipunctata*  
 L. calcifera  
 L. lutea  
 L. porphyrosiphonis  
 L. subtilis  
*Microsterias truncata* var *africana*  
*Microcystis elabens*  
 M. flos-aquae  
*Nostoc* sp.  
*Oocystis gigas*  
 O. novae-semiliae var *maxima*  
 O. pyriformis  
 O. sociales  
 O. sphaerica  
*Oscillatoria annae*  
 Osc. corakiana  
 Osc. curviceps var *angusta*  
 Osc. decolorata  
 Osc. irrigua  
 Osc. lacustris  
 Osc. tambi  
*Pediastrum constrictum*  
 P. muticum  
*Peridinium aciculiferum*  
 Pe. africanum tab *remotum*  
 Pe. goslaviensis tab *conjunctum*

Peridinium inconspicuum tab conjunctum	Staurastrum dejectum forma minor
Pe. limbatum	St. gatniense
Pe. palustre	St. johnsonii
Pe. pusillum	St. lanceolatum
Pe. pygmaeum fa brigantium	St. leptocladum var insigne
Phacus granum	St. leptocladum var parispinuliferum
Ph. inflexus	St. margaritaceum
Ph. orbicularis var zmuadae	St. micron
Ph. pseudonordstedtii var minuscula	St. mucronatum
Ph. skjajai	St. paradoxum
Pleurotaenium ehrenbergii var elongatum	St. pseudosebaldi
Quadrigula closterioides	St. pseudosebaldi var punctanicum
Rhizoclonium hieroglyphicum	St. tohopekaligense var trifurcatum
Scenedesmus amatus var major	St. tripyrenoideum
Sc. longus var naegeli	St. variolatum
Sc. ppliensis var contacta	Staurodesmus bifidus var truncatus
Sc. quadricauda var longispina	Std. convergens
Sc. serratus	Std. glaber
Schroederia setigera	Strombomonas fluvialilis
Sphaerosoma filiformis	Str. schauinslandii
Spirogyra jugalis	Tetraëdron arthodesmiforme var contorta
Staurastrum ambiguum	T. caudatum
St. anatinum	T. lobulatum
St. anatinum var longibrachiatum	T. triappendiculatum
St. apiculatum	Trachelomonas dubia var lata
St. arachne	Tr. oblonga var truncata
St. arachne var arachnoides	Tr. playfairi
St. amellii	Tr. scabra forma
St. brach	Tr. stokesiana var torquata
St. connatum	Tr. teres forma
St. corniculatum var spinigerum	Tr. woycicki
St. cuspidatum	Volvochrysis polyochla
	Volvox tertius



Die familie Desmidiaceae was baie goed gedurende die somer verteenwoordig. In Julie 1970, Mei 1971 en Oktober 1971 was die groep heeltemal afwesig in die gemeenskap, waaruit afgelei kan word dat die groep nie altyd in die winter teenwoordig was nie (Aanhangsel).

Die alggemeenskap by hierdie versamelpunt is uit 463 verskillende bevolkings saamgestel. Die aantal bevolkings waaruit die gemeenskap opgebou is, het van vier tot 131 van opname tot opname gewissel (Figuur 50). Die meeste soorte, naamlik 131 was gedurende die lente teenwoordig, terwyl die minste, naamlik vier, gedurende die winter teenwoordig was (Figuur 50).

Die aantal soorte teenwoordig is omgekeerd eweredig aan veranderinge in die pH en die temperatuur (Figuur 50). Met 'n verhoging in die pH neem die aantal teenwoordige soorte af soos byvoorbeeld gedurende Junie 1971 toe die pH van 7,5 tot 8,5 toegeneem het en die aantal algsoorte van 122 tot 17 afgeneem het. Dieselfde verskynsel word by 'n verandering in temperatuur waargeneem (Figuur 50). Sodra die temperatuur van 15°C na 6°C verlaag verminder die aantal soorte van 114 na 55 en sodra soos die temperatuur van 6°C na 28,5°C verhoog, vermeerder die aantal spesies van 4 na 131 (Figuur 50).

Die alggemeenskap is deur verskillende groeivorms gedomineer wat van eenselliges (gesedimenteerde) tot filamentvorme (bentiese) gewissel het (Figuur 50). Die bevolking wat meestal die alggemeenskap oorheers het was 'n Mougeotia/Debarya sp. (Figuur 51). Die intensiteit van verteenwoordigheid van die Mougeotia/Debarya spesie het net soos die pH en temperatuur gewissel.

Die intensiteit van verteenwoordiging van die Mougeotia/Debarya spesie is klaarblyklik afhanklik van die temperatuur daar die genus beter in die somer as in die winter verteenwoordig was (Figuur 51).

Die genus Cosmarium het die grootste verskeidenheid soorte, naamlik 80, in die alggemeenskap bevat.

Tabel 24: bevat 178 algsoorte wat slegs by versamelpunt 5 aangetref is. Die alggemeenskap was besonder ryk aan soorte en veral eensellige soorte was goed verteenwoordig (Aanhangsel). Die intensiteit van verteenwoordiging van soorte was besonder hoog.

#### 6.2.4.2 Versamelpunt 7:

Slegs veertien opnames is in die westelike inloop 50 m van die meer in stadiglopende varswater gedoen. Die alggemeenskap is deur verteenwoordigers van die klasse Cyanophyceae, Chlorophyceae, Euglenophyceae, Pyrrophyceae, Chrysophyceae en Xanthophyceae verteenwoordig (Figuur 52). Ook by hierdie versamelpunt het die alggemeenskap 'n vermeerdering in aantal individue gedurende die lente en somer, dit wil sê veral gedurende die reënseisoen vertoon (Aanhangsel).

Die klas Cyanophyceae was voortdurend aanwesig, maar was beter teen die einde van die somer en swakker in die winter verteenwoordig (Figuur 52).

Chlorophyceae-soorte het feitlik altyd meer as 50% van die alggemeenskap uitgemaak (Figuur 52). Aan die begin van die somer het daar 'n afname in die intensiteit van die groep se verteenwoordiging voorgekom.


Verteenwoordigers van die klas Euglenophyceae was voortdurend in die alggemeenskap aanwesig. Die groep was beter in die lente en somer en veral teen die einde van die somer verteenwoordig terwyl die intensiteit van verteenwoordiging van die groep in die herfs, winter en aan die begin van die somer afgeneem het (Figuur 52), (Aanhangsel).

Verteenwoordigers van die klas Pyrrophyceae is slegs sporadies in die alggemeenskap aangetref. Die groep was goed in die lente verteenwoordig maar swakker teen die einde van die somer en in die herfs (Figuur 52).

Chrysophyceae-soorte was sporadies in en in klein getalle in die winter en somer in die alggemeenskap aanwesig (Figuur 52).

Die klas Xanthophyceae was baie swak gedurende die lente en somer, sowel as teen die einde van die winter in die alggemeenskap verteenwoordig (Figuur 52).

Die familie Desmidiaceae daarenteen was baie goed in die alggemeenskap verteenwoordig. Desmidiaceae-soorte is deurgaans aangetref (Aanhangsel). Die genus Cosmarium het die grootste verskeidenheid, naamlik 98 soorte, bevat.



Die genus Staurastrum is deur 39 soorte verteenwoordig (Aanhangsel ).

Die alggemeenskap is in totaal uit 635 soorte saamgestel .

Die aantal bevolkings van die gemeenskap het van 48 tot 194 van opname tot opname gewissel (Figuur 53). Die meeste soorte, naamlik 194 was gedurende die winter 1971 aanwesig (Aanhangsel).

Die aantal soorte teenwoordig in die alggemeenskap het verander sodra die pH of temperatuur verander het (Kyk Figuur 53). Die pH- en temperatuurtoestande was baie veranderlik wat tot gevolg gehad het dat daar dikwels 'n verandering in die alggemeenskap se samestelling voorgekom het.

Die alggemeenskap is meestal deur Oedogonium hirni en Staurastrum orbiculare var. depressum gedomineer (Figuur 54). 'n Verhoging in die pH of temperatuur het met die dominansie van Oedogonium hirni gepaard gegaan (pH van 7,5 tot 8 of temperatuursverhoging van 1°C tot 10°C), terwyl 'n verlaging van die pH-en temperatuurtoestande tot die dominansie van Staurastrum orbiculare var. depressum gelei het (Figuur 54).

Tabel 25: bevat 316 algsoorte wat slegs by punt 7 aangetref is.

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat die versamelpunt besonder ryk aan veral eensellige geflagelleerde en flagellumlose soorte was.


#### 6.2.5 Algemene bespreking van die varswatergemeenskappe :


Albei versamelpunte se alggemeenskappe sluit verteenwoordigers van dieselfde klasse in en is ryk aan 'n groot verskeidenheid bevolkings. Verteenwoordigers van die familie Desmidiaceae was by albei punte goed verteenwoordig.

Cyanophyceae-soorte was by albei punte teen die einde van die somer algemeen aanwesig, terwyl die groep aan die begin van die somer minder goed verteenwoordig was. Die intensiteit van verteenwoordiging het dus gedurende die somer toegeneem.

Verteenwoordigers van die klas Chlorophyceae was by albei versamelpunte teen die laat somer en winter algemeen aanwesig. Chlorophyceae-soorte was dus in 'n mindere mate as die Cyanophyceae-soorte aan die reënseisoen gebonde.

Die Chlorophyceae was voortdurend aanwesig in die alggemeenskap waar hulle intensiteit van verteenwoordiging toegeneem het sodra die verteenwoordiging van die ander klasse afgeneem het (Aanhangsel).





Figuur 54: pH, watertemperatuur en % teenwoordigheid van *Oedogonium himi* en *Staurastrum orbiculare* var. *depressum* by versamelingspunt 7.

TABEL 25 : Algspecies wat slegs by versamelpunt 7 aangetref is.

Actinotaenium cruciferum	Aphanocapsa repens
A. cucurbita var robustum	Aphanothece prasina
A. minutissimum	Astasia klebsii
A. mooreanum	Asterococcus superbus
A. perminutum	Aulosira africana
A. pyramidatum	Au. fertilissima var tenuis
A. truncatum	Au. laxa
Amphidinium turicense	Au. prolifica
Anabaena cylindrica	Au. pseudoramosa
An. flosaquae	Bicoeca lacustris
An. flosaquae var minor	B. ovata
An. flosaquae var treleasei	Bulbochaete sp.
An. inaequalis	Calothrix elenkinii
An. iyengarii var tenuis	C. parietina
An. jonssoni	Carteria fritschii
An. oscillarioides	Ca. klebsii
An. thermalis	Chlamydomonas cylindrica
An. vaginicola	Chlorogonium elongatum
An. sp.	Closterium acutum
An. sp.	Cl. acutum var tenuius
An. sp.	Cl. calosporum var brasiliense
Anabaenopsis tanyanyikae	Cl. ceratium
Ankistrodesmus chodati	Cl. cornu var javanicum
Ank. convolutus var minutum	Cl. costatum var dilatatum
Aphanochaete polychaete	Cl. dianae var compressum

Closterium  
 Cl. dianae var minus  
 Cl. eboracense  
 Cl. ehrenbergii  
 Cl. ehrenbergii var malinvernianum  
 Cl. incurvum  
 Cl. kützingii  
 Cl. libellula var intermedium  
 Cl. lunula  
 Cl. navicula  
 Cl. pritchardianum  
 Cl. pritchardianum var maximum  
 Cl. pronum  
 Cl. ralfsii var gracilius  
 Cl. strigosum  
 Cosmarium  
 Co. abbreviatum var dorsipunctatum  
 Co. adoxum var concinnum  
 Co. amelli forma compressa  
 Co. asymmetricum  
 Co. boeckii  
 Co. broomei  
 Co. calcareum  
 Co. clauseniae  
 Co. cucumis  
 Co. decoratum  
 Co. dispersum  
 Co. exiguum  
 Co. geometricum  
 Co. gonioides  
 Co. incertum var borgei  
 Co. incrassatum  
 Co. laeve var africanum  
 Co. laeve var cymatum  
 Co. laeve var minimum

Cosmarium  
 Co. laeve var octangularis  
 Co. luetkemuelleri  
 Co. lundellii var madagascariense  
 Co. lundellii var nyassae  
 Co. majae  
 Co. miedzyrzecense  
 Co. minimum  
 Co. norimberge  
 Co. novae-semlicae var sibiricum  
 Co. obliquum  
 Co. obliquum forma minimum  
 Co. obtusatum  
 Co. orthostichum var compactum  
 Co. orthostichum var pumilum  
 Co. peminutum  
 Co. pseudamoenum var basilare  
 Co. pseudopyramidatum  
 Co. pygmaeum  
 Co. pygmaeum var heimerlii  
 Co. quadratum  
 Co. quadratum  
 Co. regnelli var minimum  
 Co. regnelli var pseudoregnelli  
 Co. regnesi  
 Co. regnesi var montanum  
 Co. reniforme var elevatum  
 Co. retusiforme var crassum  
 Co. retusiforme var incrassatum  
 Co. speciosum var simplex  
 Co. stigosum  
 Co. subcostatum  
 Co. subcrenatum  
 Co. subprotumidum var gregorii



Cosmarium subtumidum	Euglena viridis
Co. succisum	Franceia droescheri
Co. tinctum var globisiforme	Glenodinium inaequale
Co. transvalensis	Gonatozygon brebissonii
Co. umbilicatum	G. kihlmani
Co. undulatum var minutum	G. kinahani
Co. varsoviense var tirolense	G. monotaenium var pilosellum
Co. sp.	Groenbladia neglecta
Co. sp.	Gymnodinium acidotum
Co. sp.	Gy. abesum
Crucigenia crucifera	Hyalotheca dissiliens var hians
Cylindrocystis brebissonii	H. mucosa
Cy. brebissonii var minor	H. mucosa var minor
Cy. crassa	Kirchneriella elongata
Cystodinium cornifax	Lepocinclis ovum var butschlii
Cys. steinii	L. salina
Dactylococcus infusionum	L. salina papulosa fa obtusa
Desmidium aptogonum	L. salina papulosa var papulosa
D. aptogonum var ehrenbergii	L. salina papulosa var vallicauda
D. swartzii	L. steinii var suecica
Dichothrix gypsophila	L. texta var richiana
Dimorphococcus cordatus	Lyngbya digueti
Euastrum acanthophorum fa minus	Massartia vorticella
Eu. brasiliense	Menoideum pellucidum
Eu. crassicolle	Mesotaenium de greyi var tenuis
Eu. sibiricum var exsectum	M. endlicherianum
Eu. sublobatum var obtusatum	M. macrococcum var micrococcum
Euglena caudata	Microcoleus acutissimus
E. klebsii	M. chthonoplastes
E. mutabilis	Mougeotia sp.
E. spirogyra	Mo. sp.
E. spirogyra var minor	

- Mougeotia sp.  
 Mo. sp.  
 Netrium digitus  
 Nostoc maculiforme  
 N. rivulare  
 N. sp.  
 N. sp.  
 Ophiocytium lagerheimii  
 Oscillatoria pseudogeminata var unigranulata  
 O. vizagapatensis  
 Pandorina minodi  
 Pediastrum bidentulum  
 P. biradiatum  
 P. boryanum var forcipatum  
 P. duplex var reticulatum  
 P. duplex var rugulosum  
 Penium margaritaceum  
 Pe. spirostriolatum  
 Peridinium borgei  
 Per. centennale  
 Per. cinctum fa angulatum  
 Per. keyense  
 Per. volzii  
 Peroniella planctonica  
 Petalomonas dorsalis  
 Pet. ventritractora  
 Phacus anomalus  
 Ph. circulatus  
 Ph. cochleatus  
 Ph. curvicauda  
 Ph. ehippion  
 Phacus globosus  
 Ph. heimii  
 Ph. horridus  
 Ph. inconspicuus  
 Ph. lismorensis  
 Ph. longicauda var insecta  
 Ph. obolus  
 Ph. suecicus  
 Ph. unguis  
 Phormidium minnesotense  
 Planophila laetevirens  
 Pleodorina californica  
 Pleurotaenium minutum  
 Pl. minutum var elongatum  
 Pl. trabecula  
 Scenedesmus acuminatus var tetradesmoides  
 Sc. arcuatus var capitatus  
 Sc. longus var minutus  
 Sc. quadricauda var westii  
 Sphaeroszoma excavatum  
 Sp. excavatum var subquadratum  
 Spirogyra fuelle bornei  
 Spi. sp.  
 Spi. sp.  
 Spi. sp.  
 Spi. sp.  
 Spi. sp.  
 Spirotaenia condensata  
 Staurastrum controversum  
 St. coronulatum var minus  
 St. crenulatum

Staurastrum donardense	Tolypothrix tenuis
St. furcatum var subsenarium	Trachelomonas armata
St. gracile var elongatum	Tr. armata fa inevoluta
St. lanceolatum var compressum	Tr. armata var steinii
St. monticulosum	Tr. bacillifera var ovalis
St. mucronatum var subtriangulare	Tr. bernardi
St. muticum	Tr. bernardiensis
St. orbiculare var ralfsii	Tr. congolense
St. pilosum	Tr. conica var punctata
St. pyramidatum	Tr. curta var castrensis
St. ravenelii	Tr. dubia var minor
St. senarium	Tr. euchlora var cylindrica
St. simonyi	Tr. gracillima
St. subavicula	Tr. hispida var coronata
St. bibrachiatum var. cymatium forma brevior	Tr. hispida fa minima
Stiraodesmus connatus	Tr. hispida var punctata
Std. dejectus	Tr. kelloggii
Std. dickei var rhomboideus f. minor	Tr. lacustris
Std. glaber	Tr. lismorensis var inermis
Std. glabrum	Tr. mangini
Std. incus	Tr. mucosa var hyalina
Std. mucronatus	Tr. oblonga
Std. patens	Tr. oblonga var angusta
Std. patens f. inflatus	Tr. perforata
Std. phimus	Tr. raciborskii
Std. spencerianus	Tr. raciborskii var nova
Stichococcus bacillaris	Tr. robusta
Stigonema ocellatum	Tr. rotunda
Stipitococcus vasiformis	Tr. scabra var lobiata
Strombomonas chodati	Tr. selecta
Teilungia granulata	Tr. similis
Tolypothrix limbata	Tr. superba

*Trachelomonas superba* var *duplex*  
Tr. *sydneyensis*  
Tr. *volvocina* var *punctata*  
Tr. *volvocina* var *scutella*  
Tr. *volzii*

*Trachelomonas woycicki* var *pusilla*  
*Trentepohlia abietina*  
*Ulothrix tenuissima*  
*Westella botryoides*  
*Zygnema* sp.

Verteenwoordigers van die klas Euglenophyceae was ook by albei versamelpunte voortdurend aanwesig, alhoewel die groep tydens die reënseisoen beter as in die winter en aan die begin van die somer verteenwoordig was.

Verteenwoordigers van die klas Pyrrophyceae was by albei versamelpunte slegs gedurende die herfs aanwesig.

Chrysophyceae-soorte was by albei versamelpunte slegs sporadies in die somer gedurende die reënseisoen teenwoordig.

Lede van die klas Xanthophyceae was by albei punte swak verteenwoordig; die groep is egter beter in die lente as in die winter verteenwoordig.

Die alggemeenskap by versamelpunt 7 wat in vlak (50 mm) lopende varswater voorgekom het sluit meer soorte (naamlik 635) in as die alggemeenskap by versamelpunt 5 wat in dieper (500 mm)stilstaande varswater gelee is (463 soorte).

Die pH en temperatuur van die twee punte stem nou met mekaar ooreen.

Alhoewel die dominante soorte by albei punte filamentvormig is, is daar 'n verskil tussen die dominantes van die twee punte aangetref (Figuur 51 en 54); by versamelpunt 5 (Mougeotia / Debarya sp.) en by 7 (Oedogonium hirni en Staurastrum orbiculare var. depressum.)

Die alggemeenskappe in die varswater word deur verteenwoordigers van die klas Chlorophyceae oorheers wat uit eenselliges, kolonie-en filamentvormiges bestaan.

#### 6.2.6 Gemengde water alggemeenskappe :

Soos uit die vorige bespreking geblyk het, het reënwater blykbaar by die brakwatergemeenskappe veroorsaak dat sommige varswaterbevolkings as indringers in die brakwatergemeenskap teenwoordig was.

Op grond van die voorafgaande en soos uit die volgende paragrawe sal blyk het die twee alggemeenskappe soms oorwegend brak- en soms oorwegend varswateralgsoorte bevat. Die periode waartydens die water oorwegend brak of vars was, was klaarblyklik lank genoeg om die ontstaan van 'n tipiese brak-

of varswatergemeenskap toe te laat.

#### 6.2.6.1 Versamelpunt 10 :

Versamelpunt 10 is in 'n donga geleë waarin brakwater deur die wind ingestoot word. Die punt word egter ook maklik deur reënwater bereik wat uit die gras na 'n harde reën bui gevloei het.

Die alggemeenskappe is deur verteenwoordigers van die volgende vyf klasse, naamlik die Cyanophyceae, Chlorophyceae, Euglenophyceae, Chrysophyceae en Xanthophyceae verteenwoordig (Figuur 55). Die teenwoordigheid van die groepe was blykbaar deur die seisoen bepaal (Aanhangsel). In die somer wanneer die versamelpunt versas is en varswatertoestande geheers het, was 'n groter verskeidenheid algsoorte (107) as in die winter (6) teenwoordig (Figuur 56). Uit die voorafgaande was dit duidelik dat oorwegend varswatertoestande met 'n groot verskeidenheid algsoorte geassosieer was.

Verteenwoordigers van die klas Cyanophyceae was goed teen die einde van die somer verteenwoordig, die intensiteit van verteenwoordiging was minder aan die begin van die somer en gedurende die winter.

Chlorophyceae-soorte was in die somer en winter verteenwoordig. Verteenwoordigers van die klas Euglenophyceae was nie altyd in die alggemeenskap aanwesig nie. Euglenophyceae-soorte was wel gedurende die lente, sommige tye in die somer en winter aanwesig. Die intensiteit van verteenwoordiging van die groep het van 1970 tot 1971 verskil (Aanhangsel). Gedurende Julie 1970 en September 1970 is 'n vermeerdering in die Euglenophyceae-soorte in die gemeenskap waargeneem. Hierdie vermeerdering het nie in die ooreenstemmende tye gedurende 1971 voorgekom nie.

Die klas Chrysophyceae was slegs teen die einde van die somer in die alggemeenskap verteenwoordig. Xanthophyceae-soorte was veral teen die einde van die somer in die alggemeenskap aanwesig. By die ander versamelpunte is Xanthophyceae-soorte slegs by varswaterbevolkings aangetref en daarom kan dié groep moontlik as 'n aanwyser vir 'n varswatertoestand beskou word. Op grond hiervan sou die punt gedurende die volgende opnames 'n varswatergemeenskap onderhou het: 1970/03/02, 1970/07/10, 1971/02/13 en 1971/12/06.






Fig. 95. - 5. Sammelring von algenbeständen by van der Walt '70.

% Sammelring



Figuur 56 : pH, watertemperatuur, % teenwoordigheid van dominante spesies en totale acental spesies by versamelpunt 10





1969 1970 1971  
MAAND  
Figuur 57. pH, watertemperatuur en % teenwoordigheid van *Stigeoclonium lubricum* by versamelingspunt 10

TABEL 26 Algoorte wat slegs by Versameelpunt 10 aangetref is.

<i>Anabaena doliolum</i>	<i>Oocystis crassa</i>
<i>A. torulosa</i>	<i>O. eremosphaeria</i>
<i>Ankistrodesmus falcatus var mirabilis</i>	<i>O. nodulosa</i>
<i>An. longissimus var septatum</i>	<i>O. submarina</i>
<i>An. setigerus forma minor</i>	<i>Ophiocytium elongatum</i>
<i>Aphanochaete vermiculoides</i>	<i>Oscillatoria limosa</i>
<i>Bumilleriopsis brevis</i>	<i>Phacus gregussii</i>
<i>Calothrix kossinkajae</i>	<i>Ph. rudicula</i>
<i>Chroococcus cumulatus</i>	<i>Ph. wettsteini</i>
<i>Closterium cornu var upsaliense</i>	<i>Phaeothamnion confervicola</i>
<i>Cosmarium impressulum var crenulatum</i>	<i>Placosphaera opaca</i>
<i>C. pokornyanum</i>	<i>Pseudanabaena catenata</i>
<i>C. pseudoprotuberans var angustius</i>	<i>Scytonema coactile</i>
<i>C. pyramidatum</i>	<i>Sorastrum americanum</i>
<i>C. venustum var excavatum</i>	<i>Sphaerozasma transvalensis</i>
<i>Desmidium pseudostreptonema</i>	<i>Spirogyra gracilis</i>
<i>D. quadratum</i>	<i>Spirogyra sp.</i>
<i>Draparnaldia glomerata</i>	<i>Spirogyra sp.</i>
<i>Euastrum dubium</i>	<i>Staurastrum spongiosum</i>
<i>E. turneri</i>	<i>St. subpygmaeum</i>
<i>Euglena bucharica</i>	<i>Trachelomonas acanthostoma var europaea</i>
<i>Eu. gaumei</i>	<i>Tr. oblonga var australica</i>
<i>Eu. rostrata</i>	<i>Tr. tuberculata</i>
<i>Glaucozystis nostochinearum</i>	<i>Tr. volvocina var salpinx</i>
<i>Gloeobotrys limneticus</i>	<i>Ulothrix zonata</i>
<i>Gloeochaete wittrockiana</i>	<i>Volvuina</i>
<i>Gloeocystis botryoides</i>	<i>Westella linearis</i>
<i>Gonatozygon kinahani var interruptum</i>	<i>Xanthidium aculeatum</i>
<i>Lyngbya major</i>	<i>Xanthidium claasseniae</i>
<i>L. perelegans</i>	
<i>Merismopedia convoluta</i>	
<i>Nostoc piscinale</i>	
<i>N. punctiforme</i>	
<i>Ochromonas stellaris</i>	
<i>Oedogonium polyandrum</i>	

Die alggemeenskap is in die geheel uit 248 soorte saamgestel (Aanhangsel). Die aantal bevolkings waaruit die gemeenskap bestaan het, het van opname tot opname van ses tot 107 gewissel. Die meeste soorte, naamlik 107, wat per opname aangetref is was gedurende die reënseisoen in die somer toe vars-water in die donga ingeloop het (Figuur 56).

Die pH- en temperatuurtoestande was betreklik konstant en het nie soos by die ander varswaterpunte gevarieer nie.

Die alggemeenskap is meestal deur 'n filamentvorm, naamlik Stigeoclonium lubricum soos by ander brakwaterpunte gedomineer. Die bevolkings is dus klaarblyklik langer aan brakwatertoestande blootgestel wat in die somer met droogte-toestande geheers het. Stigeoclonium lubricum was in die somer en winter aanwesig, maar teen die einde van die somer en in die lente was die intensiteit van verteenwoordiging laer (Figuur 57).

Die genus Oscillatoria het soos by ander brakwatergemeenskappe die grootste verskeidenheid soorte, naamlik 18, in die alggemeenskap bevat.

Verteenwoordigers van die familie Desmidiaceae is goed gedurende die opnames op 1970/02/28, 1970/03/22, 1970/07/10 en 1971/02/13 in die alggemeenskap verteenwoordig wat kenmerkend van die varswatergemeenskappe is. By drie van die opnames was die Xanthophyceae-soorte en goed verteenwoordig en wil dit dus lyk asof die versamelpunt op 1970/03/22, 1970/07/10 en 1971/02/13 deur 'n varswatergemeenskap oorheers is.

Uit bogenoemde kan dus tot die gevolgtrekking gekom word dat die versamelpunt nie as 'n deurlopende brak- of varswaterpunt beskou kan word nie.

Volgens Tabel 26; is 64 algsoorte slegs by punt 10 aangetref.

#### 6.2.6.2 Versamelpunt 12:

Versamelpunt 12 is aan die noordekant van die meer geleë, waar 'n vlei deur 'n spruit gevorm is. Die alggemeenskap is uit verteenwoordigers van die volgende vier klasse naamlik Cyanophyceae, Chlorophyceae, Euglenophyceae en Xantho-

phyceae saamgestel (Figuur 58). Die intensiteit van verteenwoordiging van die groepe is blykbaar deur die seisoene beïnvloed; teen die einde van die somer is in groter verskeidenheid algsoorte as in die winter aangetref (Figuur 59).

Verteenwoordigers van die klas Cyanophyceae was baie prominent in die alggemeenskap en het meestal mee as 50% van die bevolkingsamestelling beslaan.

Verteenwoordigers van die groep is algemeen in die somer en winter aangetref terwyl hulle swakker teen die einde van die somer en herfs teenwoordig is.

Die Cyanophyceae-soorte het selde meer as 50% van die ander bevolkingsamestellings uitgemaak.

Chlorophyceae-soorte was algemeen teen die einde van die somer en die herfs, maar minder algemeen aan die begin van die somer en in die winter aanwesig. Hierdie punt verteenwoordig die enigste waar verteenwoordigers van die klas Chlorophyceae nie die alggemeenskap voortdurend oorheers het nie.

Verteenwoordigers van die klas Euglenophyceae was algemeen in die lente, die somer en aan die begin van die winter verteenwoordig maar minder algemeen teen die einde van die winter. Die intensiteit van verteenwoordiging van die Euglenophyceae-soorte is hier ook min of meer aan die reënseisoen gekoppel toe oorwegend varswatertoestande soos by die brakwaterpunte geheers het. By die varswaterpunte was Euglenophyceae-soorte egter voortdurend teenwoordig (Aanhangsel).

Xanthophyceae-soorte het selde in die alggemeenskap voorgekom en is net teen die einde van die somer van 1971 verteenwoordig. Verteenwoordigers van dié groep is nie by 'n brakwatergemeenskap aangetref nie; klaarblyklik is die groep dus varswatergebonde. Die feit dat hierdie soorte by dié punt aangetref is, kan die gevolg wees van afloopwater wat hulle vanuit die spruit daar ingespoel het.

Die alggemeenskap is in die geheel uit 178 bevolkings saamgestel. Die aantal bevolkings waaruit die gemeenskap van opname tot opname bestaan het, het van ses tot 77 gewissel. Die meeste soorte, naamlik 77 wat per opname aangetref is, was teen die einde van die somer in die gemeenskap teenwoordig (Figuur 59).






Figure 10 : % Spawning of organisms by year (1967-1987)



Figuur 59: pH, watertemperatuur, % teenwoordigheid van dominante spesies en totale aantal spesies by versamelpunt 12



Figuur 60: pH, watertemperatuur en % teenwoordigheid van *Synecocystis pevalekii* by versamelpunt 12

TABEL 27 : Algoorte wat slegs by Versamelpunt 12 aangetref is.

<i>Anabaenopsis circularis</i>	<i>Nephrocytium lunatum</i>
<i>Chlorellidiopsis separabilis</i>	<i>Nostoc parmelioides</i>
<i>Closterium parvulum var angustum</i>	<i>Oocystis gigas var borgei</i>
<i>Cosmarium impressulum var suborthogonum</i>	<i>Pandorina morum</i>
<i>C. lapponicum</i>	<i>Phacus lemmermannii</i>
<i>C. minimum var subrotundatum</i>	<i>Ph. orbicularis</i>
<i>C. polygonum</i>	<i>Pleurotaenium minutum var attenuatum</i>
<i>C. portianum var maximum</i>	<i>Spirogyra inflata</i>
<i>C. slewdrumense</i>	<i>Staurastrum brachycerum</i>
<i>C. subreinschii</i>	<i>St. muticum var muticum f. minus</i>
<i>C. turpinii var eximium</i>	<i>St. orbiculare</i>
<i>Draparnaldiopsis alpinis</i>	<i>St. subscabrum</i>
<i>Elakatothrix viridis</i>	<i>Staurodermus dejectus</i>
<i>Gloeoetaenium minus</i>	<i>Tolypothrix foreauii</i>
<i>Kirchneriella lunaris var irregularis</i>	<i>Trachelomonas hamelii</i>
<i>Microcystis parasitica</i>	<i>Tr. planctonica var oblonga</i>




Die algemeenskap is meestal deur Synechocystis pevalekii gedomineer (Figuur 60). S. pevalekii was algemeen in die lente en winter teenwoordig. Die intensiteit van verteenwoordiging van S. pevalekii neem teen die einde van die somer af (Figuur 60). Volgens Figuur 60 lyk dit asof die intensiteit van verteenwoordiging van Synechocystis pevalekii met die pH en temperatuur verband hou.

Die genus Cosmarium het die grootste verskeidenheid soorte (17) in die algemeenskap bevat. Die verteenwoordigers van die familie Desmidiaceae was algemeen in die gemeenskap teenwoordig. Dieselfde eienskappe is by varswatergemeenskappe aangetref.

Volgens Tabel 27 is 32 algosorte slegs by versamelpunt 12 aangetref.

#### 6.2.7 Algemene bespreking van gemengde water algemeenskappe

Die algemeenskappe by die twee punte word dus gekenmerk deur 'n verandering van brak- na varswatergemeenskappe. Meer navorsing in hierdie verband behoort interessante en sinvolle resultate op te lewer.



Figuur 48: Gemiddelde % samestelling van alggemeenskappe by verskillende versamelpunte.

Algemene bespreking van die resultate :

Die doel van hierdie bespreking is nie om al die aspekte wat reeds voorheen (kyk byvoorbeeld onder 4.3, 6.2.3, 6.2.5, 6.2.7) bespreek is, weer te oordeel nie, maar om in aansluiting daarby bykomende aspekte toe te lig.

'n Groot verskeidenheid algosorte is in die waterkompleks van Chrissiemer aangetref (Aanhangsel). Die twee hoof alggemeenskappe, naamlik brak- en varswatergemeenskappe het elkeen 'n eiesoortige bevolkingsamestelling vertoon. 'n Aantal soorte was in albei gemeenskappe teenwoordig.

By versamelpunte 10 en 12 wat as gemengde water gemeenskappe beskou kan word het die alggemeenskappe soms in 'n brak- en soms in 'n varswatergemeenskap ontwikkel. Die brak- of varswatertoestande het dus lank genoeg geduur sodat dié ontwikkeling kan plaasvind. Brakwatertoestande het onder andere weens wateropeenhoping, veroorsaak deur wind buite die reënseisoen, ontstaan. Afhangend van die watervlak, windrigting en windsterkte het brakwater die versamelpunte oorspoel. Varswatertoestande is gewoonlik deur harde reënbuie of donderstorms gevolg deur die uitsyfering van varswater geskep.

Die alggemeenskappe by dié twee punte (10 en 12) word dus deur 'n verandering van brak- na varswatergemeenskappe gekenmerk. Meer uitvoerige navorsing in hierdie verband behoort interessante en sinvolle resultate op te lewer. Die meeste algosorte is slegs by brak- of varswatertoestande aangepas.

Volgens Figuur 48 word 13 van die 14 versamelpunte deur verteenwoordigers van die klas Chlorophyceae oorheers wat telkens meer as 50% van die gemeenskap se bevolkingsamestelling beslaan het. By die ander versamelpunt (12) is die gemeenskap deur Cyanophyceae oorheers.

Verteenwoordigers van bogenoemde twee klasse, naamlik die Chlorophyceae en Cyanophyceae was by al 14 punte teenwoordig. Verteenwoordigers van die klasse Euglenophyceae, Pyrrophyceae, Chrysophyceae en Xanthophyceae het nie meer as 7% van die totale algbevolking by 'n punt beslaan nie.

Volgens Remane & Schlieper (1971) sal filamentvorme in 'n varswatergemeenskap anders as in brakwater 'n kleiner persentasie van die bevolkingsamestelling uitmaak as gesedimenteerde soorte. In hierdie studieprojek is dit ook so gevind; filamentvorme wat vasgeheg is, was baie prominent in brakwatergemeenskappe (byvoorbeeld Stigeoclonium-soorte) terwyl gesedimenteerde soorte baie algemeen in varswatergemeenskappe aangetref is (Aanhangsel). Uit die resultate in die Aanhangsel; vervat is dit duidelik dat baie sedimentiese algsoorte soos Desmidiaceae-soorte tussen drywende filamentvorme vasgevang word veral in die varswatergemeenskappe en dit verhoog die intensiteit van teenwoordigheid van die sedimentiese soorte.

By die verskillende versamelpunte kom daar klaarblyklik voortdurend kompetisie tussen die Chlorophyceae- en Cyanophyceae-soorte voor met die Chlorophyceae as die suksesvolste groep, aangesien die meeste brakwatersamelpunte deur Stigeoclonium-soorte oorheers word. Remane & Schlieper (1971) vind dat digte groen matte van Cyanophyceae-soorte kenmerkend is van stilstandende waters met 'n modderige bodem. Hieruit kan dus afgelei word dat die brakwatersone van die Chrissiesmeerwaterkompleks baie beweeglik is as gevolg van wind. Alhoewel die suidelike oewer modderig is, is daar nêrens 'n digte groen mat van Cyanophyceae aangetref nie. Daar is egter wel op klippe 'n digte groen mat van Chlorophyceae-soorte aangetref. Dit lyk ook asof waterbeweging tot gevolg het dat soorte soos Oedogonium, Spirogyra en Zygnema/Zygnemopsis van die groeibodem losraak en dan vrydrywend word sonder om op te hou groei.

Remane en Schlieper (1971) maak die afleiding dat 'n brakwaterwatermassa gewoonlik arm aan planktonorganismes is. In Chrissiesmeer is daar nie 'n groot-skaalse aanwesigheid van planktonorganismes gevind nie. Chohnoky (1965) kom tot die gevolgtrekking dat Chrissiesmeer te vlak is vir die ontwikkeling van planktongemeenskappe.

Volgens Remane & Schlieper (1971) speel Chlorophyceae-soorte 'n belangrike rol in water wat ryk aan voedingstowwe is en vermeerder in hoeveelheid om digte stande te vorm. Hieruit kan afgelei word dat die brakwater aan die noordelike oewer ook ryker aan voedingstowwe moes wees as dié van die suidelike oewer.

Geslagtelike voorplantingstrukture was meestal afwesig by verteenwoordigers van die genusse Oedogonium, Spirogyra, Mongeotiu, Debarya, Zynema en Zygnemomopsis wat in brakwateromgewings aangetref is. Hierdie waarneming stem ooreen met gegewens in Remane & Schlieper (1971) en Prescott (1962) vervat.

Remane & Schlieper (1971) beweer dat onderlinge kompetisie tussen algsoorte in 'n brakwatergemeenskap van minder belang is, en dat ander algsoorte daarom makliker in die gemeenskap kan indring. Geen direkte waarnemings in hierdie verband is met die studie op Chrissiemer gemaak nie. Die feit dat varswater-soorte soms en veral by versamelpunt 10 en 12 in brakwatergemeenskappe voorgekom (ingedring) het, mag gedeeltelik aan 'n laer intensiteit van onderlinge kompetisie te wyte wees.

Die soutgehalte van water is volgens Remane & Schlieper (1971) van minder belang as kontrolerende faktor vir die voorkoms en verspreiding van Cyanophyceae- en sekere Chlorophyceae-soorte. Die feit dat hierdie twee groepe as geheel die dominante groepe in beide vars- en brakwater uitgemaak het, kan moontlik as 'n bevestiging van bogenoemde stelling dien. Verder lyk dit ook asof die bentiese groeivorm in brakwatergemeenskappe goed verteenwoordig is.

Remane & Schlieper (1971) verstrek gegewens waarvolgens bentiese groeivorme dikwels groot stande aan die kant van brakwatermassas vorm. Hierdie feit word duidelik weerspieël waar Stigeoclonium-soorte digte groen matte in die oewersone van Chrissiesmeer vorm.

Volgens Remane & Schlieper (1971) en Prescott (1962) is Desmidiaceae-soorte varswaterorganismes. Uit die resultate wat met hierdie studie ingewin is, is die meeste Desmidiaceae-soorte slegs in varswatertoestande aangetref.

Daar is waargeneem dat digte bentiese alggroei op klipplate in die oewersone van Chrissiesmeer voorkom (veral by versamelpunte 6 en 14). By klipperige oewersones is soortgelyke bentiese groei tot enkele groterige klippe beperk (byvoorbeeld by versamelpunt 4), terwyl bentiese groei by versamelpunte 3, 8 & 9 (wat uit 'n sandrige bodem bestaan het) tot ondergedompelde boomstompe beperk was. Soortgelyke waarnemings word deur Remane & Schlieper aangegee.

Verteenwoordigers van die klas Euglenophyceae was by nege punte aanwesig. Hierdie gegewens bevestig dus Prescott (1962) se afleiding dat die Euglenophyceae-groep hoofsaaklik tot varswater beperk is. Verteenwoordigers van die klas Pyrrophyceae was slegs by drie punte (1,5 en 7) teenwoordig, met die grootste persentasie by 5 wat 'n varswaterpunt is. Verteenwoordigers van die klas Chrysophyceae is in uiters geringe hoeveelhede by vier punte (1,5 7 en 10) aangetref. Xanthophyceae-soorte is ook net by vier punte (5,7,10 en 12) aangetref.

Volgens Remane en Schlieper (1971) onderhou brakwater 'n kleiner aantal algspesies as varswater. Hierdie feit is deur die resultate wat op die waterkompleks van Chrissiemeer ingesamel is, bevestig. Die varswatergemeenskap is telkens uit meer as 200 bevolkings saamgestel terwyl die brakwatergemeenskap uit minder as 100 bevolkings saamgestel is.

Volgens Remane & Schlieper (1971) kom daar 'n drastiese verandering in die aantal spesies voor sodra die soutgehalte verander. By versamelpunt 10 is gevind dat die aantal spesies van Maart tot Julie (1970) van 107 tot 15 verminder het terwyl dit van Januarie tot Februarie (1971) in die reënseisoen van 12 tot 85 vermeerder het (Aanhangsel),

'n Ander interessante waarneming wat ooreenstem met dié van Remane & Schlieper (1971) is dat sommige algsoorte wat in water met hoë of lae soutinhoud, dit wil sê in brak- of varswater aanwesig is, nie by 'n intermidiêre toestand soos by versamelpunt 10 en 12 aangetref word nie (Aanhangsel).

Volgens die Aanhangsel is daar algsoorte wat in beide brak- en varswater aanwesig is maar nooit in een van die gemengde gemeenskappe (10 & 12) nie, soos byvoorbeeld Aphanocapsa elachista en andere, terwyl sommige soorte net in brak- of net in varswater teenwoordig was. Soorte soos Chroococcus cumulatus en andere was net by die intermidiêre toestand aangepas.

Daar is ook waargeneem dat die selle van sekere soorte soos byvoorbeeld Aphanothece castagnei,

ensovoorts verskillende groottes in brak- en varswater aanneem. Die selle wat in brakwater voorgekom het, was groter as selle van dieselfde algsoort wat in varswater aangetref is.

Op grond van die soutgehalte van die water verdeel Remane & Schlieper (1971) brakwaterorganismes in drie groepe, naamlik indringers vanaf soutwater (see), brakwater organismes en indringers vanaf varswater. Volgens die Aanhangsel: kan die brakwatergemeenskappe van die Chrissiesmeerwaterkompleks onder die laaste twee groepe geklassifiseer word.

Die fisiese en chemiese invloed van die omgewing het verskillende uitwerkinge op die metaboliese prosesse van die algsorte. So speel temperatuur 'n belangrike rol in die teenwoordigheid van brakwater-spesies aangesien osmoregulering van die temperatuur afhanklik is (Remane en Schlieper, 1971). Volgens die Aanhangsel: is baie van die algsorte seisoengebonde sodat dit moontlik die direkte gevolg van die wisselwerking tussen temperatuur en die soutgehalte van die water was.

**OPSOMMING**

**'N FIKOÛKOLOGIESE STUDIE VAN CHRISSIESMEER**

deur

**Mathilda Augusta Röhrbeck**

**Leier : Dr. A.J.H. Pieterse**  
**Mede-leier : Mej. M.I. Claassen**

Chrissiesmeer verteenwoordig 'n vlak brakwater binnelandse watermasse wat vanweë sy grootte en standhoudendheid as 'n meer beskryf kan word.

Betreklik min algologiese studies is tot dusver op binnelandse watermasses van Suidelike Afrika gedoen sodat hierdie studie 'n bydrae tot kennis aangaande die voorkoms en verspreiding van algsorte in Suid-Afrikaanse waters maak.

Algemeenskappe van die oewersone van Chrissiesmeer self (vertteenwoordig hoofsaaklik brak-watertoestande) sowel as van inlope en fonteine is oor 'n periode van twee jaar gereeld versamel. Verskillende algsorte van elke versameling is in die laboratorium met behulp van die ligmikroskoop geïdentifiseer en bestudeer. Tellings is van die verskillende geïdentifiseerde soorte gemaak, die resultate waarvan vir die berekening van die persentasie samestelling van die gemeenskappe gebruik is. Redelik beperkte waarnemings is ook op sommige omgewings-toestande wat by die verskillende versamelpunte geheers het, gemaak.

Die studie het aan die lig gebring dat daar ongeveer 1 100 algsorte in die water van die Chrissiesmeerwaterkompleks (bestaande uit vars- brak- en sogenaamde gemengde wateromgewings) voorgekom het.

Vertteenwoordigers van die volgende taksons is by die verskillende versamelpunte aangetref (die getal tussen hakies vertteenwoordig die aantal spesies wat tot die betrokke takson behoort). Cyanophyceae (253), Euglenophyceae (169), Pyrrophyceae (28), Chrysophyceae (9), Xanthophyceae (10), en Chlorophyceae (665). In dieselfde volgorde is slegs ongeveer 50, 20, 2, 1, 4 en 240 soorte reeds voorheen volgens die literatuur wat nagegaan is in Suid-Afrika aangetref. Twee nuwe Cyanophyceae-spesies en een variëteit, drie nuwe Chlorophyceae spesies is gevind en beskryf terwyl twee nuwe Chlorophyceae variëteite ook beskryf is.

2/.....



Verteenwoordigers van die Cyanophyceae, Chlorophyceae, Euglenophyceae, Pyrrophyceae en Chrysophyceae is in brakwateromgewings aangetref. Die samestelling van die alggemeenskappe het volgens oewer (byvoorbeeld noordelik en suidelik) van seisoen tot seisoen gewissel. Kortstondige verversing van die oewerwater by sommige versamelpunte het 'n vermeerdering van die teenwoordige algsoorte tot gevolg gehad. Die suidelike oewer was armer aan algsoorte (46) as die noordelike oewer (140). Die brakwatergemeenskappe is deur bentiese *Stigeoclonium*-soorte oorheers. Die noordelike oewer is deur *Stigeoclonium tenne* oorheers, terwyl die oostelike en westelike oewers deur *S. lubricum* en die suidelike oewer deur *S. aestivale* oorheers is.

Die varswateromgewings is baie ryk aan algsoorte wat deur Cyanophyceae-, Chlorophyceae-, Euglenophyceae-, Pyrrophyceae-, Chrysophyceae- en Xanthophyceae-spesies verteenwoordig is. Die dominante algbevolking is deur die filamentvormige soorte, naamlik *Mougeotia/Debarya sp.*, *Oedogonium hirni* en *Staurastrum orbiculare* van *depressum*, uitgemaak.

By enkele versamelpunte wat vanweë hulle posisie aanvanklik as brakwaterpunte beskou is, het varswatertoestande gepaardgaande met die reënseisoen klaarblyklik vir 'n lang genoeg periode geheers sodat die alggemeenskap soms oorwegend uit brakwatersoorte en soms oorwegend uit varswatersoorte bestaan het. Op grond van waarnemings wat op hierdie gemeenskappe gemaak is, is afgelei dat Xanthophyceae- en sommige Desmidiaceae-verteenwoordigers as aanwysers van varswatertoestande beskou kan word.

Die oppervlakkige waarnemings wat op omgewingstoestande gemaak is dui daarop dat pH- en temperatuurstoestande 'n belangrike rol by veranderings en verskille in die algbevolkingsamestelling van die Chrissiesmeerwaterkompleks speel.

## SUMMARY

### A PHYCO-ECOLOGICAL STUDY OF LAKE CHRISSIE

by

**Mathilda Augusta Röhrbeck**

**Supervisor : Dr. A.J.H. Pieterse**

**Co-supervisor : Miss. M.I. Claassen**

Lake Chrissie represents a shallow, brackish, inland water body which can be described as a lake on the basis of its size and permanent character.

A relatively small amount of algological studies have been done on inland water bodies of Southern Africa. The present study, therefore, contributes to our knowledge regarding the occurrence and distribution of algal species in South African waters.

Algal communities in the littoral zone of Lake Chrissie (represented primarily by brackish water conditions) as well as in inflowing streams and springs were regularly sampled over a period of two years. The different algal species in each sample were identified and studied in the laboratory with the aid of the light microscope. Counts of the various identified species were made, the results of which were used to estimate the percent composition of the communities. Superficial observations were also made on some environmental conditions.

The study resulted in the identification of some 1 100 algal species in the Lake Chrissie water complex (comprising fresh, brackish and so-called mixed water environments).

Representatives of the following taxa were found at the various sampling stations. The number of species per taxon is represented in brackets. : Cyanophyceae (253), Euglenophyceae (169), Pyrrophyceae (28), Chrysophyceae (9), Xanthophyceae (10) and Chlorophyceae (665). According to the literature, about 50, 20, 2, 1, 4 and 240 respectively, have been known to occur in South Africa. Two new Cyanophyceae species, one variety, three new Chlorophyceae species and two new Chlorophyceae varieties are being described.

2/.....

Representatives of the Cyanophyceae, Chrysophyceae, Euglenophyceae, Pyrrophyceae, and Chrysophyceae were found in brackish water environments. The composition of the algal communities varied according to the location of the littoral area (northern or southern banks) and the season. Short term freshening of the littoral water at some sampling stations resulted in an increase in the number of algal species present. Fewer algal species (46) occurred in the southern littoral area than in the northern littoral area (107). The brackish water communities were dominated by benthic *Stigeoclonium* species. The northern littoral area was dominated by *S. tenue*, the eastern and western littoral areas by *S. lubricum*, while the southern littoral area was dominated by *S. aestivale*.

The fresh water environments are diverse in algal species and were represented by Cyanophyceae, Chlorophyceae, Euglenophyceae, Pyrrophyceae, Chrysophyceae, and Xanthophyceae. The dominant algal populations consisted of filamentous species, namely *Mougeotia/Debarya* sp., *Oedogonium hirni* and *Staurastrum orbiculare* var. *depressum*.

At a few sampling stations, which originally were thought to be brackish in nature, fresh water conditions existed, for apparently long enough periods during the rainy season resulting in algal communities sometimes dominated by fresh water species and sometimes dominated by brackish water species. Observations based on these communities made it possible to conclude that the Xanthophyceae and certain Desmidiaceae representatives could be regarded as indicators of freshwater conditions.

Superficial observations on environmental conditions indicated that pH and temperature played an important role in changes and differences in the composition of the algal communities of the Lake Chrissie water complex.

## BEDANKING

Opregte dank en waardering word teenoor die volgende persone en instansies vir hulle bydrae tot hierdie studie uitgespreek :

Doktor A.J.H. Pieterse wat as studieleier opgetree het, vir sy moed, blymoedigheid en kalmte van gees, veral ook vir sy entoesiasme, raad en daad in my studie.

Mejuffrou M.I. Claassen wat as medestudieleier opgetree het en ook altyd bereid was om leiding te gee en my te voorsien van tydskrifartikels.

Professor H.P. van der Schijff wat dit vir my moontlik gemaak het om verder te studeer.

Die Departement Plantkunde van die Universiteit van Pretoria vir die gebruik van hul navorsingsfasiliteite.

Mejuffrou D.P. Röhrbeck wat by verskillende aspekte met betrekking tot die voltooiing van die verhandeling betrokke was.

Meneer W. Kleynhans wat by die versameling van die algemateriaal en die insameling van omgewingsgegewens betrokke was.

Meneer C. van der Merwe wat vir die afdruk van die foto's verantwoordelik was.

Die Universiteit van Pretoria sonder wie se finansiële ondersteuning hierdie studie nie moontlik sou wees nie.

My Ouers en familie vir hulle ondersteuning en aanmoediging vir die voltooiing van die werk.

## LITERATUURVERWYSINGS

- Acocks, J.P.H., 1975. *Veld types of South Africa*. Botanical Survey of South Africa Memoir No. 28 : 1 - 192.
- Agarkar, D.S. & Agarkar, M.S., 1972. Contribution to the Desmids of Madhya Pradesh, India. (Desmids from Vindhyan Region). *Port. Act. Biol.* (Ser. B.) 12 : 1 - 4.
- Ahmad, Mirza Rashid, 1972. Algae of Allen Forest Lake, Kanpur, India. *Nova. Hedw.* 28(1) : 125 - 129.
- Bicudo, C.E. de M., 1969. Contribution to the knowledge of the Desmids of the state of Sao Paulo (Brazil). *Nova Hedw.* 17 : 433 - 549
- Bornet E.D. & Flahault, C.H., 1886 – 1888. Revision des Nostocaceés, Hétérocystées. *Ann. Sc. Nat. Bot.* 7(3) : 323 - 381; 7(4) : 843 - 373; 7(5) : 51 - 129; 7(7) : 177 - 262. Herdruk, 1959. Weinheim : H.R. Engelmann (J. Cramer).
- Bourrelly, P., 1964; Une nouvelle coupere générique dans la famille des Desmidiées : le genre *Teilingia*. *Rev. Algol.* 7(2) : 186 - 191.
- Bourrelly, P., 1966. *Les Algues d'eau douce*. 1: Les algues vertes. Paris : Editions N. Boubée & Cie.
- Bourrelly, P., 1968. *Les Algues d'eau douce*. 2: Les algues jaunes et brunes. Paris : Editions. N. Boubée & Cie.
- Brown, H.J., 1930. The Desmids of the south-eastern coastal plain region of the United States. *Trans. Amer. Microsc. Soc.* 49(2) : 97 - 139.
- Cholnoky, B.J., 1952. Beiträge zur Kenntnis der Algenflora von Portugiesisch—Ost—Afrika. *Bol. da Soc. Port. de Ciênc. Nat.* 4(2) : 89 - 135.
- Cholnoky, B.J., 1965. Über die Ökologie der Diatomeen des Goede-verwachting – Teiches und des Chrissié-Sees in Osttransvaal. *Arch. Hydrobiol.* 61(1) : 63 - 85.
- Claassen, Martha I., 1961. A Contribution to our knowledge of the freshwater Algae of the Transvaal Province. *Bothalia.* 7(3) : 559 - 666.
- Compère, P., 1976a. Algues de la Région du Lac Tchad V. — Chlorophycophytes (1<sup>e</sup> partie) (1) *Cah. O.R.S.T.O.M., sér Hydrobiol.* 10(2) : 77-118.
- \* Bourrelly, P., 1970. *Les Algues d'eau douce*. 3: Les algues bleues et rouges. Paris : Editions N. Boubée & Cie.

- Compère, P., 1976b. Algues de la région du Lac Tchad VI – Chlorophycophytes (2e partie : Ulotrichophycées, Zygnematacees) (1). *Cah. O.R.S.T.O.M. sér Hydrobiol.* 10(3) : 135 - 164.
- Compère, P., 1977. Algues de la région du Lac Tchad 7 – Chlorophytes (3e partie : Desmidiées) (1). *Cah. O.R.S.T.O.M., sér Hydrobiol.* 11(2) : 77 - 177.
- Croasdale, Hannah, 1956. Freshwater algae of Alaska. I. Some Desmids from the interior, Part 2 : *Actinotaenium*, *Micrasterias* and *Cosmarium*. *Trans. Amer. Microsc. Soc.* 75(1) : 1 - 70.
- Croasdale, Hannah, 1957. Freshwater algae of Alaska. I. Some Desmids from the interior. Part 3 : *Cosmariae* concluded. *Trans. Amer. Microsc. Soc.* 76(2) : 116 - 158.
- Croasdale, Hannah, 1973. Freshwater algae of Ellesmere Island. N.W.T. (Exclusive of Diatoms and Flagellates). *Nat. Mus. Nat. Sc. Bot.* 3 : 1 - 130.
- Croasdale, Hannah & Grönblad, R., 1964. Desmids of Labrador, I. Desmids of the southeastern coastal area. *Trans. Amer. Microsc. Soc.* 83(2) : 142 - 212.
- Czurda, V., 1932. Zygnemales. In A. Pascher, *Die Süßwasserflora Mitteleuropas, Oesterreichs und der Schweiz.* Jena : Gustav Fischer.
- De Necker, P.H., Badenhorst, J.J. en Lötze, W.P.N., 1975. *Die Didakta—Atlas vir junior sekondêre skole.* Braamfontein, Didakta—Uitgewers.
- Desikachary, T.V., 1959. *Cyanophyta.* New York : Academic Press.
- Du Toit, A.L., 1966. *The Geology of South Africa.* London : Oliver and Boyd.
- Flensburg, T., 1967. Desmids and other benthic algae of lake Kävsjön and Store Mosse, S.W. Sweden. *Acta Phytogeogr. Suec.* 51 : 7 - 132.
- Förster, K., 1963. a. Enige Desmidiaceen aus der Umgebung von Addis Abeba. *Revue Algol.* 7 : 222 - 236.
- Förster, K., 1963 - b. Desmidiaceen aus Brasilien, I. Nord-Brasilien. *Revue Algol.* 7 : 38 - 92.

- Förster, K., 1964. Desmidiaceae aus Brasilien, 2. Bahia, Goyaz, Piary und Nord-Brasilien. *Hydrobiologia* 23(3,4) : 321 - 505.
- Förster, K., 1969. Amazonische Desmidiën. 1: Areal Santarèm. *Amazoniana* 2 (1/2) : 5 - 116.
- Förster, K., 1970. Beitrag zur Desmidiëenflora von Süd-Holstein und der Hansestadt Hamburg. *Nova Hedw.* 20 : 253 - 411.
- Förster, K., 1972. Desmidiëen aus dem Südosten der Vereinigten Staaten von Amerika. *Nova Hedw.* 23 : 515 - 644.
- Förster, K., 1974. Amazonische Desmidiëen. 2. Areal Maués-Abacaxis. *Amazoniana* 2 : 135 - 242.
- Fritsch, F.E., 1918. Contributions to our knowledge of the freshwater algae of Africa, 2. A First Report on the freshwater algae, mostly from the Cape Peninsula, in the Herbarium of the South African Museum. *Ann. S. Africa Mus.* 9 : 483 - 611.
- Fritsch, F.E. & Rich, F., 1924. Contributions to our knowledge of the freshwater algae of Africa. 4. Freshwater and subaerial algae from Natal. *Trans. Roy. Soc. S. Africa.* 2 : 297 - 398.
- Fritsch, F.E. & Rich, F., 1930. Contributions to our knowledge of the freshwater algae of Africa, 7. Freshwater algae (exclusive of Diatoms) from Griqualand West. *Trans. Roy. Soc. S. Africa.* 18 : 1 - 92.
- Fritsch, F.E. & Rich, F., 1937. Contributions to our knowledge of the freshwater algae of Africa, 13. Algae from the Belfast Pan, *Transvaal*. *Trans. Roy. Soc. S. Africa.* 25(2) : 153 - 228.
- Fritsch, F.E. & Stephens, E., 1921. Contributions to our knowledge of the freshwater algae of Africa, 3. Freshwater algae (exclusive of Diatoms) mainly from the Transkei Territories, Cape Colony. *Trans. Roy. Soc. S. Africa.* 9 : 1 - 72.
- Geitler, L., 1925. Cyanophyceae. In A. Pascher, *Die Süßwasserflora Deutschlands, Oesterreichs und der Schweiz.* 12. Jena : Gustav Fischer
- Geitler, L., 1932. Cyanophyceae. In L. Rabenhorst, *Kryptogamen-Flora von Deutschland, Oesterreich und der Schweiz.* 14, Lf. 1 (1930) : 1 - 228; Lf. 2 (1931) : 289 - 464; Figs. 1 - 131. Herdruk 1971. New York : Johnson Reprint Corporation.

- Gerrath, J.F., 1969. *Penium spinulosum* (Wolle) comb. nov. (Desmidiaceae); a taxonomic correction based on cell wall ultrastructure. *Phycologia* 8(2) : 109 - 118.
- Gomont, M., 1892 - 93. Monographie des Oscillariées. (Nostocacees Hormocystees). Part 1 *An. Sci. Nat. Bot.* 7(15) : 263 - 368. 7(16) : 91 - 264. Herdruk, 1972. Lehre : Verlag von J. Cramer.
- Gomont, M., 1902. Myxophyceae Hormogoneae. *Bot. Tidsskrift.* 24 : 202 - 211.
- Grönblad, R., 1948. Freshwater algae from Täcktom Träsk. *Botan. Not.* 4 : 413 - 424.
- Grönblad, R., 1962. Sudanese desmids II. *Acta Bot. Fenn.* 63 : 1 - 19.
- Grönblad, R., & Croasdale, Hannah., 1971. Desmids from Namibia (S.W. Africa). *Acta Bot. Fenn.* 93 : 1 - 40.
- Grönblad, R., Prowse, G.A., & Scott, A.M., 1958. Sudanese desmids. *Acta Bot. Fenn.* 58 : 1 - 82.
- Grönblad, R., Scott, A.M. & Croasdale, Hannah, 1964. Desmids from Uganda and Lake Victoria collected by Dr. Edna M. Lind. *Acta Bot. Fenn.* 66 : 1 - 56.
- Grönblad, R., Scott, A.M. & Croasdale, Hannah, 1968. Desmids from Sierra Leone, tropical West Africa. *Acta Bot. Fenn.* 78 : 1 - 41.
- Hamilton, G.N.G. & Cooke, H.B.S., 1965. *Geology for South African Students.* Johannesburg : C.N.C.
- Harder, R., Schumacher, W., Firbas, F. en von Denffer, D., 1967. *Strasburger's Textbook of Botany.* 28e Uitgawe. London : Longmans
- Heering, W., 1914. Ulotrichales, Microsporales, Oedogoniales. In A. Pascher, *Die Süßwasserflora Deutschlands, Oesterreichs und der Schweiz.* 6(3) Jena : Gustav Fischer.
- Heering, W., 1921. Siphonocladiales, Siphonales. In A. Pascher, *Die Süßwasserflora Deutschlands, Oesterreichs und der Schweiz.* 7(4) Jena : Gustav Fischer.
- Hirano, M., 1966. Freshwater algae of Bhutan 2. *Acta Phytotax Geobot.* 22(1/2) : 44 - 48.
- Hirano, M., 1974. Freshwater algae from North Borneo. In Contributions from the Biological Laboratory Kyoto University. *Centr. Biol. Kyoto Univ.* 24(3) : 121 - 144.



- Hirn, K.E., 1900. Monographie und Iconographie der Oedogoniaceen. *Acta Soc. Sci. Fenn.* 27 : 1 - 395.
- Hodgetts, W.J., 1926. Contributions to our knowledge of the freshwater algae of Africa. *Trans. Roy. Soc. S. Africa.* 13 : 49 - 103.
- Huber-Pestalozzi, G., 1930. Algen aus dem Knysnawalde in Südafrika. *Zeit. f. Bot.* 23 : 443 - 480.
- Huber-Pestalozzi, G., 1941. *Das Phytoplankton des Süßwassers.* 16(2). Stuttgart : E. Schweizerbart'sche Verlagsbuchhandlung.
- Huber-Pestalozzi, G., 1950. *Das Phytoplankton des Süßwassers.* 16(3). Stuttgart : E. Schweizerbart'sche Verlagsbuchhandlung.
- Huber-Pestalozzi, G., 1955. *Das Phytoplankton des Süßwassers.* 16(4). Stuttgart : E. Schweizerbart'sche Verlagsbuchhandlung.
- Huber-Pestalozzi, G., 1961. *Das Phytoplankton des Süßwassers.* 16(5). Stuttgart : E. Schweizerbart'sche Verlagsbuchhandlung.
- Hutchinson, G.E., 1957. *A Treatise on limnology.* New York : John Wiley & Sons, Inc.
- Irenée-Marie, F. & Hilliard, D.K., 1963. Desmids from southcentral Alaska. *Hydrobiologia.* 21(1/2) : 90 - 124.
- Islam, A.K.M.N., 1963. *A Revision of the genus Stigeoclonium.* Weinheim : Verlag von J. Cramer.
- Islam, A.K.M.N., 1973. The Algal flora of Sundarbans Mangrove Forest, Bangladesh. *Bangladesh J. Bot.* 2(2) : 11 - 36.
- Komárkova-Legnerová, Jaroslava, 1969. The Systematics and Ontogenesis of the Genera *Ankistrodesmus* Cordon and *Monoraphidium*. Gen. Nov. In B. Fott, *Studies in Phycology.* Stuttgart : E. Schweizerbart'sche Verlagsbuchhandlung.
- Kolkwitz, R. & Krieger, H., 1941. Zygnemales. In L. Rabenhorst, *Kryptogamen-Flora von Deutschland, Oesterreich und der Schweiz.* 13(2). Herdruk 1971. New York : Johnson Reprint Corporation.
- Krieger, W., 1932. Die Desmidiaceen der Deutschen limnologischen Sunda-Expedition. *Arch. f. Hydrobiol. Suppl.* 11 : 129 - 230.

- Krieger, W., 1937. Die Desmidiaceen Europas mit Berücksichtigung der aussereuropäischen Arten. In L. Rabenhorst, *Kryptogamen-Flora von Deutschland, Oesterreich und der Schweiz*. 1 Teil, 13(1-4). Herdruk 1971. London : Johnson Reprint Corporation.
- Krieger, W., 1939. Die Desmidiaceen Europas mit Berücksichtigung der aussereuropäischen Arten. In L. Rabenhorst, *Kryptogamen-Flora von Deutschland, Oesterreich und der Schweiz*. 2 Teil 13(1,2). Herdruk 1971. New York : Johnson Reprint Corporation.
- Krieger, W. & Gerloff, J., 1962. *Die Gattung Cosmarium*. 1. Weinheim : J. Cramer.
- Krieger, W. & Gerloff, J., 1965. *Die Gattung Cosmarium*. 2. Weinheim : J. Cramer.
- Krieger, W. & Gerloff, J., 1969. *Die Gattung Cosmarium*. 3/4. Weinheim : J. Cramer.
- Lemmermann, E., 1913. Euglenæ Flagellatæ II. In A. Pascher, *Die Süßwasser-Flora Deutschlands, Oesterreichs und der Schweiz*. 2. Jena : Gustav Fischer.
- Lemmermann, E., Brunthaler, J., & Pascher, A., 1915. Tetrasporales, Protococcales, Einsellige Gattungen unsicherer Stellung. In A. Pascher, *Die Süßwasser-flora Deutschlands, Oesterreichs und der Schweiz*. 5(2) : 21 - 51. Jena.
- Lind, E.M., 1971. Some desmids from Uganda. *Nova Hedw.* 22(1/2) : 535 - 584.
- Mountain, E.D., 1965. *Geology of South Africa*. Cape Town : Books of Africa.
- Nicol, I.G., Van der Schyff, R.M., Botha B.P., 1974. Aardrykskunde vandag. Johannesburg, Perskor-uitgewery 1974. Johannesburg : Voortrekkerpers.
- Nishihama, Y., 1971. On the species of the genus *Desmidium* from Hokkaido, Japan. *Hydrobiol.* 37(2) : 233 - 244.
- Nordstedt, O., 1888. Freshwater algae, collected by Dr. S. Berggren in New Zealand and Australia. *Bih. Kongl. Sv. Vet. - Akad. Handl.* 22(8) : 1 - 98.
- Nygaard, G., 1932. Contributions to our knowledge of the freshwater algae of Africa. Freshwater Algae and phytoplankton from the Transvaal. *Trans. Roy. Soc. S. Africa.* 20 : 101 - 148.
- Pascher, A., 1927. Volvocales = Phytomonadinae. In A. Pascher, *Die Süßwasser-Flora Deutschlands, Oesterreichs und der Schweiz*. 4(1). Jena : Gustav Fischer.

- Pascher, A. & Lemmermann, E., 1914. Pantostomatinae, Protomastiginae, Distomatinae. In A. Pascher, *Die Süßwasser-flora Deutschlands, Oesterreichs und der Schweiz.* 1(1) Jena : Gustav Fischer.
- Pascher, A., Schiller, J. & Migula, W., 1925. Heterokontae Phaeophyta, Rhodophyta, Charophyta. In A. Pascher, *Süßwasser-Flora Deutschlands, Oesterreichs und der Schweiz.* 11a. Jena : Gustav Fischer.
- Pocock, Mary A., 1933. *Volvox* and associated algae from Kimberley. *Ann. S. African Mus.* 16 : 473 - 521.
- Potgieter, F.J., 1970. *Suid-Afrika se water.* Kaapstad : Tafelberguitgewers.
- Prescott, G.W., 1937. Preliminary notes on the desmids of Isle Royale, Michigan. *Michigan Pap. of Sc., Arts. and Lett.* 22 : 201 - 212.
- Prescott, G.W., 1962. *Algae of the Western Great Lakes Area.* Dubuque, Iowa : Wm.C. Brown.
- Prescott, G.W. & Scott, A.M., 1942. The freshwater algae of southern United States. I. Desmids from Mississippi, with descriptions of new species and varieties. *Trans. Amer. Microsc. Soc.* 61(1) : 1 - 29.
- Printz, A., 1964. Die Chaetophorales der Binnengewässer. Eine systematische Übersicht. *Hydrobiol.* 24(1-3) : 1 - 368.
- Ralfs, J., 1848. *The British Desmidiaceae.* Herdruk 1962. Weinheim : J. Cramer.
- Randhawa, M.S., 1959. *Zygnemaceae.* New York : Academic Press.
- Reid, G.K., & Wood, R.D., 1976. *Ecology of inland waters and estuaries.* New York : Van Nostrand Rheinhold Company.
- Remane, A. & Schlieper, C., 1971. *Biology of Brackish Waters.* Stuttgart : E. Schweizerbart'sche Verlagsbuchhandlung.
- Rich, Florence, 1932. Contributions to our knowledge of the freshwater algae of Africa. 10. Phytoplankton from South Africa Pans and Vleis. *Trans. Roy. Soc. S. Africa.* 20(2) : 149 - 188.
- Rich, Florence, 1935. Contributions to our knowledge of the freshwater algae of Africa. 11. Algae from a pan in Southern Rhodesia. *Trans. Roy. Soc. S. Africa.* 23(2) : 107 - 160.

- Rich, Florence, 1940. Some desmids from the Transvaal. *Trans. Roy. Soc. S. Africa.* 27 : 1 - 15
- Rino, J.A., 1972. Contribuição para o conhecimento das algas de água doce de Mocambique - III. *Revta Cienc. Biol. Ser. A. (L.M.)* 5(3) : 121 - 264.
- Rodrigues, J.E. de Mesquita., 1961. Contribuição para o conhecimento das algas de água doce de Portugal. *Bol. Da. Soc. Brot.* 35(2) : 185 - 211.
- Rodrigues, J.E. de Mesquita., 1963. Contribuição para o conhecimento das algas de água doce de Portugal - II. *Bol. Da. Soc. Brot.* 37(2) : 45 - 68.
- Round, F.E., 1970. *The Biology of the algae.* London : Edward Arnold.
- Ruttner, F., 1971. *Fundamentals of limnology.* Toronto : University of Toronto Press.
- Ruzicka, J., 1970a. Zur Taxonomie und Variabilität der Familie Gonatozygaceae. 1 - 2. *Preslia (Praha)* 42 : 1 - 15.
- Ruzicka, J., 1970b. Zur Taxonomie und Variabilität der Familie Gonatozygaceae. 3. Taxonomie der Arten *Gonatozygon pilosum* Wolle, *G. aculeatum* Hastings und *G. monotaenium* De Bary. *Preslia. (Praha).* 42 : 201 - 214.
- Ryke, P.A.J., 1975. Dierkunde : 'n Funktionele benadering. Durban : Butterworths.
- Schmidle, W., 1898. Die von Prof. Dr. Volkens und Dr. Stuhlmann in Ost-Afrika gesammelten Desmidiaceen. *Bot. Jahrb.* 26 : 1 - 59.
- Schmidle, W., 1900. II. Über Planktonalgen und flagellaten aus dem Nyassasee. *Bot. Jahrb.* 27 : 229 - 237.
- Schmidle, W., 1902a. Beiträge zur Algenflora Afrikas I. Algen aus Ost-Afrika. II. Algen aus Kamerun. *Bot. Jahrb.* 30 : 58 - 68.
- Schmidle, W., 1902b. Berichte über die Botanischen Ergebnisse der Nyassa-see und Kinga-Gebirgs-Expedition der Hermann und Elize - geb. Heckmann-Wentzel-Stiftung. IV. Die von W. Goetze am Rukwa-see und Nyassa-see so wie in den zwischen beiden Seen gelegenen Gebirgständern, insbesondere dem Kinga-Gebirge gesammelten Pflanzen, nebst einigen Nachträgen (durch \* bezeichnet) zu Bericht III. *Bot. Jahrb.* 30 : 239 - 445.
- Schmidle, W., 1903. V. Algen insbesondere solche des Plankton, aus dem Nyassa-see und seiner Umgebung, gesammelt von Dr. Fülleborn. *Bot. Jahrb.* 32 : 56 - 88.
- Ruzicka, J., 1973. Die Zieralgen des Naturschutzgebietes "Rezabinec" (Südböhmen). *Preslia.* 45: 193 -241.

- Schmidt, J., 1899. Danmarks blaagrønne alger (Cyanophyceae Daniae).  
I. Hormogoneae. *Bot. Tidsskr.* 22 : 283 - 418.
- Scott, A.M. & Grönblad, R., 1957. New and interesting desmids from the southeastern United States. *Acta Soc. Sc. Fenn. Nov. Ser. B.*, 11(8) : 1 - 62.
- Scott, A.M., Grönblad, R., & Croasdale, H., 1965. Desmids from the Amazon basin, Brazil collected by Dr. H. Sioli. *Acta. Bot. Fenn.* 69 : 1 - 93.
- Scott, A.M. & Prescott, G.W., 1952. The algal flora of southeastern United States VI. Additions to our knowledge of the desmid genus *Euastrum* 2. *Hydrobiol.* 4(4) : 377 - 398.
- Scott, A.M. & Prescott, G.W., 1961. Indonesian desmids. *Hydrobiol.* 17 (1 - 2) : 1 - 132.
- Skuja, H., 1949. Zur Süßwasseralgenflora Burmas. *Nova. Acta. Roy. Soc. Sc. Upsal.* Ser. 4.14 : 118 - 130.
- Smith, G.M., 1950. *The freshwater algae of the United States.* New York : McGraw-Hill.
- Steÿn, D.J., 1973. *Die eutrofikasie van vier Transvaalse damme.* Ongepubliseerde M.Sc.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.
- Taljaard, M.S., 1948. *Oor berge en vlaktes.* Stellenbosch : Universiteit Uitgewers.
- Taylor, Wm.R., 1933. Alpine algae from the Santa Marta Mountains, Colombia. *Am. Bot.* 22 : 763 - 781.
- Teiling, E., 1954. *Actinotaenium* genus *Desmidiacearum resuscitatum.* *Bot. Not.* 4 : 376 - 426.
- Teiling, E., 1967. The desmid genus *Staurodesmus.* *Ark. Bot.* Ser. 2, 6(11) : 467 - 629.
- Thomasson, K., 1957. Notes on the plankton of Lake Bangweulu. *Nov. Acta Reg. Soc. Sc. Upsal.* Ser. 4, 17(3) : 1 - 18.
- Thomasson, K., 1960. Notes on the plankton of Lake Bangweulu, part 2. *Nov. Acta Reg. Soc. Sc. Upsal.*, Ser. 4., 17(12) : 1 - 43.
- Thomasson, K., 1965. Notes on algal vegetation of Lake Kariba. *Nov. Acta Reg. Soc. Sc. Upsal.* Ser. 4., 19(1) : 1 - 34.
- Tiffany, L.H., & Britton, M.E., 1952. *The algae of Illinois.* Chicago : University of Chicago Press.

- Venter, F.A., 1970. *Water*. Johannesburg : A.P.B.
- Welch, P.S., 1952. *Limnology*. New York : McGraw-Hill Book Company, Inc.
- Wellington, J.H., 1955. *Southern Africa : A Geographical Study*.  
(1960, 1st publ. 1955) 1 - "Physical Geography". Cambridge : U.P.
- Welsh, H., 1961. Some new and interesting cyanophytes from the Transvaal, South Africa.  
*Nov. Hedw.* 3 : 401 - 404.
- Welsh, H., 1964. A contribution to our knowledge of the blue-green algae (Cyanophyceae,  
Schizophyceae, Myxophyceae) of South West Africa. *Nova. Hedw.*  
7 : 15 - 32.
- Welsh, H., 1965. A contribution to our knowledge of the blue-green algae of South  
West Africa and Bechuanaland. *Nova. Hedw.* 9 : 131 - 162.
- West, W. & West, G.S., 1904. *A monograph of the British Desmidiaceae*. 1, London :  
Ray Society.
- West, W. & West, G.S., 1905. *A monograph of the British Desmidiaceae*. 2. London :  
Ray Society.
- West, W. & West, G.S., 1908. *A monograph of the British Desmidiaceae*. 3. London :  
Ray Society.
- West, W. & West, G.S., 1912. *A monograph of the British Desmidiaceae*. 4. London :  
Ray Society.
- West, W., West, G.S. & Carter, N., 1923. *A monograph of the British Desmidiaceae*. 5.  
London : Ray Society.
- West, W., & West, G.S., 1895. A contribution to our knowledge of the freshwater algae  
of Madagascar. *Trans. Linn. Soc. Lond. Bot.* 5(2) : 41 - 90.

**AANHANGSEL:**

Legende : ✓ = Reeds in Suid-Afrika aangeteken – = Meeste voorgekom  
 L = Lente (September) B = Brakwater  
 S = Somer (Oktober tot April) V = Varswater  
 H = Herfs (Mei) G = Gemengde water  
 W = Winter (Junie tot Augustus) N = Nuut

		Suid-Afrika														
		Seisoen	Watersamepunne													
		Watertipe	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14
<b>Afdeling:</b>	Schizophyta															
<b>Klas:</b>	Cyanophyceae															
<b>Aphanocapsa</b>	biformis A. Br.	S	B	0,07	0,04											
A.	elachista W. & G.S. West var. elachista	LS	B,V		0,04	0,03										
A.	elachista var. conferta G. & G.S. West	S	V		0,08	0,01										
A.	elachista var. irregularis Boye-Petersen	S	B			0,09										
A.	elachista var. planctonica G.M. Smith	LS	B,V		0,01	0,09	0,002									
A.	grevillei (Hass.) Rabenh.	LS	W		0,04	0,23	0,04					0,01	0,03			
A.	koordersi Ström.	LS	B,V,G		0,05	0,03	0,01									
A.	montana Cramer	S	V			1,13	0,17					0,1	0,12			
A.	pulchra (Kütz.) Rabenh.	LS	HW		0,48	0,04	0,06					0,07	0,06	0,29		
A.	roescana de Bary	S	B		0,1											
<b>Aphanothece</b>	caldariorum Richt.	LS	B		1,13	0,09	0,01	0,03								
A.	castagnei (Bréb.) Rabenh.	LS	B,V,G		0,54	0,05	0,09	0,03							0,05	
A.	conferta Richt.	LS	B		0,26	0,88						0,09				
A.	nidulans Richt.	S	V				0,01									
A.	prasina A. Br.	LS	B		0,19	0,28	0,28	0,04				0,04	0,41	0,08		
A.	saxicola Näg.	LS	B,V,G			0,04						0,05		0,002		
A.	stagnina (Spreng.) A.Br.	LS	B			0,03						0,01		0,01		
<b>Chroococcus</b>	cohaerens (Bréb.) Näg.	S	V													
C.	cumulatus Bachm.	S	B													
C.	dispersus (Keissl.) Lemm.	S	B													
C.	giganteus W. West	S	B		0,05											
C.	hansgrigi Schmidle	W	B		0,01											
C.	macrococcus (Kütz.) Rabenh.	S	B		0,02	0,03						0,02	0,03	0,01	0,12	0,01
C.	membraninus (Menegh.) Näg.	S	B		0,24											
C.	minimus (Keissl.) Lemm.	S	B		2,02											
C.	minor (Kütz.) Näg.	LS	B,V,G		0,16	0,53	0,32	0,26	0,1	2,91	4,17	0,03	3,99	0,75	0,9	0,01
C.	minutus (Kütz.) Näg.	LS	B,V,G		3,96	0,93	0,27	0,01	0,26	0,01	0,02		0,01	0,21	0,02	0,01
C.	montanus Hansg.	S	B		0,01											
C.	tenax (Kirchn.) Hieron.	LS	B,V,G		0,02									0,002		0,01
C.	turgidus (Kütz.) Näg.	LS	B,V,G		0,96	0,38	0,24	0,05	0,08	0,001	0,01	0,82	0,84	0,03	0,03	0,01
<b>Coclospira</b>	dubium Grun.	S	G									0,02				
C.	kuetzianum Näg.	S	B		0,02	0,03										
C.	naegelianum Unger.	S	V,G													
<b>Cyanarus</b>	hamiformis Pascher.	H	V													
<b>Dactylococcus</b>	raphidioides Hansg.	LS	B,G		0,18	0,01							0,03	0,18	0,6	0,24
<b>Gloeocapsa</b>	aeruginosa (Carm.) Kütz.	S	B		0,16	0,04	0,01									





	Suid-Afrika	Seisoen	Watertipe	Versamelingspunte													
				1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14
<i>Synchocystis pevaleki</i> Ercegovic		LS HW	B,V,G	15,68	17,98	20,01	18,99	1,26	5,28	0,01	2,4	9,59	0,52	4,15	27,81	2,31	4,47
<i>Hydrococcus rivularis</i> Kütz.		LS HW	B	0,22	0,03	0,03	0,04										0,04
<i>Xenococcus kernerii</i> Hansg.	✓	W	B		0,02												
<i>Cyanocystis pieterseii</i> Röhrbeck		LS HW	B,G	1,98	0,19	0,17	0,27	0,34		1,6	0,93	0,02	0,21		0,28	0,33	
<i>Dermocarpa flahaultii</i> Sauv.		S W	B	0,1	0,09					0,06							
<i>Hapalosiphon welwitschii</i> W. & G.S. West	✓	S	B	0,02													
<i>Stigonema hormoides</i> (Kütz.) Born. & Flah var. <i>africana</i> Fritsch	✓	S	B,G									0,01	0,01	0,01			
<i>Calothrix clavata</i> G.S. West	✓	LS HW	V				0,01			0,01							
<i>C. elenkinii</i> Kossinskaja		W	V							0,08							
<i>epiphytica</i> W. & G.S. West		S	B							0,03							
<i>kossinskajae</i> Poljansky		S	G								0,11						
<i>marchica</i> Lemm.		S	B,V,G							0,01							
<i>parietina</i> Thuret ex Born. & Flah.	✓	S H	V							0,01							
<i>Dichothrix gypsophila</i> (Kütz.) Born. & Flah.		L	V							0,01							
<i>Plectonema nostocorum</i> Born. ex Gomont		S H	B							0,002							
<i>Seytonema bohneri</i> Schmidle		S W	B,V,G														0,29
<i>S. coactile</i> Montagne ex Born. & Flah.		S	G		0,11		1,95					0,01	0,35				
<i>Seytonematopsis woronichinii</i> Kiss.		S	B	0,09								0,01					
<i>Tolythrix foreaui</i> Frémy		S	G														0,01
<i>T. limbata</i> Thuret ex Born. & Flah.		S W	V							0,01							
<i>nodosa</i> Bharadwaja		LS	B														
<i>tenuis</i> Kütz. ex Born. & Flah. emend. Johs Schmidt	✓	S	V		0,04	0,06				0,01							
<i>Anabaena ambigua</i> C.B. Rao.		S	B,G									0,05	0,21	2,91			0,11
<i>A. anomala</i> Fritsch		S	B									1,39		1,06			
<i>A. baltica</i> J. Schmidt		S	B,G		0,03												
<i>A. circinalis</i> Rabenh. ex Born. & Flah. var.		S	B,G														
<i>A. crassa</i> Ghose		W	B														
<i>A. constricta</i> (Szafer) Geitler	✓	LS HW	B,V,G			0,05		0,81	0,01	1,0		0,32	0,1	2,98			
<i>A. cylindrica</i> Lemm.		W	V							0,09					2,04		
<i>A. dolium</i> Baradwaja		L	G														
<i>A. flos-aquae</i> (Lyngb.) Bréb. ex Born. & Flah.		S W	V														
var. <i>flos-aquae</i>		S W	V														
<i>A. flos-aquae</i> var. <i>minor</i> W. West		W	V														
<i>A. flos-aquae</i> var. <i>treleasei</i> Born. & Flah.		S	V														
<i>A. inaequalis</i> (Kütz.) Born. & Flah.	✓	S	V														
<i>A. iyengarii</i> Bharadwaja var. <i>tenuis</i> C.B. Rao.		S W	V														
<i>A. jonssoni</i> Boye-Petersen		S	V														
<i>A. laxa</i> (Rabenh.) A.Br. ex Born. & Flah.		S	B,V														
<i>A. oblonga</i> de Wild		S W	B,V,G														
<i>A. orientalis</i> Dixit		HW	B,V														
<i>A. oscillarioides</i> Bory ex Born. & Flah. var. <i>oscillarioides</i>	✓	L	V				0,02										
<i>A. oscillarioides</i> var. <i>tenuis</i> Lemm.		S	V														
<i>A. oscillarioides</i> var. <i>tenuis</i> Lemm.		S HW	V,G														
<i>A. thermalis</i> Vouk.		H	V														
<i>A. torulosa</i> (Carm.) Legeth. ex Born. & Flah.	✓	S	G														
<i>A. vagincola</i> Fritsch & Rich	✓	S	V														



Suid-Afrika	Seisoen	Watertipe	Versamelpunte															
			1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14		
Lyngbya lachneri (Zimmermann) Geitler	LS HW	B,V,G	2,09	1,1	0,26	0,76	0,17	0,12	0,32	1,48								
lagerheimii (Möb.) Gomont	S HW	B,V,G	0,42		0,07		0,28	0,02	0,08	0,11								
limnetica Lemm.	S W	B,V					0,03											
lutea (Ag.) Gomont	S V	V					0,03											
major Menegh. ex Gomont	S G	G							0,03									
martensiana Menegh. ex Gomont	SI W	V,G							0,03									
mesotricha Skuja	S B,V	B,V				0,06			0,03									
nordgardhii Wille	S B	B			0,03													
perelegans Lemm.	S G	G																
porphyrosiphomis Frémy	S V	V					0,04											
putealis Mont. ex Gomont	S W	V					0,02		0,001									
scotti Fritsch	SI W	B,V,G						0,02	0,02	0,01						0,38	0,14	
semiplena (C.Ag.) J. Ag. ex Gomont	S B	B	0,03															
spiralis Geitler	S B	B					0,55											
subtilis W. West	S V	V					0,01											
Microcoleus acutissimus Gardner	S H	V						0,06										
M. chthonoplastes (Hofman-Bang) Thuret ex Gomont	S V	V						0,01										
Oscillatoria amoena (Kütz.) Gomont	S HW	B,V,G					0,01	0,04	0,01	0,24	0,01	0,01	0,01					0,01
amphibia C.A. Ag. ex Gomont	LS HW	B,V,G					0,34	0,01	0,1	0,23		0,57	0,41	0,05	1,02			
amphigranulata van Goor	S W	B,V,G	0,18				0,42	0,001	0,13		0,4							
animalis Ag. ex Gomont	S B	B					0,14			0,18								
annae van Goor	S V	V					0,02											
chilkenis Biswas	S H	B																
chlorina Kütz. ex Gomont	LS H	B,V,G	0,04															
claricentrosa Gardner	LS HW	B,V,G	0,11	0,2			0,002		0,01			0,03	0,01					
corakiana Playfair	S V	V					0,06					0,36	0,52					
curviceps Ag. ex Gomont var. angusta Ghose	S V	V					0,03											
decolorata G.S.West	S V	V					0,01											
earlei Gardner	LS W	B,V,G						0,09	0,17		0,44							
foreaut Frémy	LS HW	B,V					0,84	0,03	0,42	0,03			7,92					
formosa Bory ex Gomont	S HW	B,V	0,24	0,59			0,01	2,05		0,09								
gettieriana Elenkin	LS HW	B,V,G						0,82	0,18	0,06	0,92	4,22	0,01					0,02
geminata Menegh. ex Gomont	LS HW	B,G							8,76		9,12							
gloiophila Grun.	S B	B	0,03															
hamelii Frémy	S B,V	B,V							0,01	0,07								
irrigua (Kütz.) Gomont	S H	V					0,02											
jasovensis Vouk.	S W	B,V,G				0,04	0,21		0,21	0,03	0,08	0,5	0,99	0,17	0,01			
kuetzlingiana Näg.	S B	B								0,39								
lacustris (Kleb.) Geitler	S V	V					0,04											
laetevirens (Croucan) Gomont var. laetevirens	S HW	B,V,G	0,03	0,18	0,12		0,16	0,62		0,06		0,11	1,58	0,53	0,59			
laetevirens var. minimus Biswas	S B	B	0,02															
limnetica Lemm.	LS HW	B,V,G							0,27	0,06	0,26	1,04						
limosa Ag. ex Gomont	S G	G										0,11						
minima Gickhorn	S B	B	0,01															
minnesotensis Tilden	LS HW	B,V,G	0,18				0,31		0,18				0,03	1,52	5,66	3,62		
mougeotii Kütz.	S B,V	B,V					0,01		0,02				0,02					
nigra Vauch.	S W	V					0,06											

	Suid-Afrika	Seisoen	Watertipe	Versamelpunte	1	2	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13	14
<i>Oscillatoria nigroviridis</i> Thwaites ex Gomont		S	B,V	0,05	0,01						0,04			0,51				
<i>plantonica</i> Wolosz		S	V,G	0,01														
<i>proteus</i> Skuja		S	B	0,01										0,13	0,01			
